# DIE BENUTTINGSWAARDE VAN MUSIEK AS MEDIUM TYDENS KONTAKMAKING IN DIE GESTALTSPELTERAPEUTIESE PROSES

deur

NOLENE RUST

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes
vir die graad

MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(SPELTERAPIE-RIGTING)

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: MEV I SCHRÖDER

NOVEMBER 2007

**VERKLARING**

Studentenommer:
3591-530-7

Ek verklaar hiermee dat **DIE BENUTTINGSWAARDE VAN MUSIEK AS MEDIUM TYDENS KONTAKMAKING IN DIE GESTALTSPELTERAPEUTIESE PROSES** my eie werk is. Alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het, is deur middel van volledige verwysings aangedui en erken.

____________________________ ____________________________

NOLENE RUST DATUM

**DANKBETUIGINGS**

Ek wil graag dankie sê aan:

- My God en Koning, wat my na hierdie veld geroep het en my elke dag bystaan.
- Die Duffus-gesin, sonder wie se hulp ek nooit hierdie pad kon begin stap het nie.
- My man Jan Hendrik vir jou eindelose bystand.
- My ouers, Magda en Piet. Julle het altyd in my bly glo en my ondersteun.
- Leane Lubbe, jeugwerker. Dankie vir jou moeite met my.
- Al die kinders wat ingestem het om saam met my hierdie proses deur te stap. Dankie dat julle my deel gemaak het van julle wêrelde.
- Ilse Schröder, my studieleier.

*“Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.”*

Psalm 37:4

*“Geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie”*

Romeine 8:38–39

Opgedra aan al die kinders wat al voetspore in my lewe gemaak het en aan die wat dit nog gaan doen.

**OPSOMMING**

DIE BENUTTINGSWAARDE VAN MUSIEK AS MEDIUM TYDENS KONTAKMAKING IN DIE GESTALTSPELTERAPEUTIESE PROSES

| | | |
|---|---|---|
| DEUR | : | NOLENE RUST |
| GRAAD | : | MAGISTER DIACONIOLOGIAE |
| | | RIGTING SPELTERAPIE |
| STUDIELEIER | : | MEV. I. SCHRÖDER |

Hierdie studie is onderneem om die benuttingswaarde van musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses met kinders wat emosionele nood ervaar en gevolglik nie kontak maak nie te verken en te beskryf. Die strategie wat vir hierdie navorsing gevolg is, het gevallestudies behels. Daar is ook literatuurstudies onderneem wat spesifiek op die Gestalt- terapeutiese benadering en Gestaltspelterapie gefokus het. Verdere literatuurstudies oor die kind in die middelkinderjare, die kind wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar en musiek as medium is onderneem.

In die uitvoering van hierdie studie is daar drie gevallestudies beskryf en die steekproef het berus op 'n nie-waarskynlikheid- doelgerigte steekproeftrekking. Die kriteria vir insluiting tot die studie was kinders wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar en gevolglik nie effektief kontak maak nie. Daar is tussen sewe en agt sessies met hierdie kinders terapeuties gewerk. In al drie gevalle het dit na vore gekom dat musiek benuttingswaarde het.

**SLEUTELTERME**

MUSIEK

KONTAK

KONTAKMAKING

GESTALTTERAPIE

GESTALTTERAPEUTIESE BENADERING

GESTALTSPELTERAPEUTIESE PROSES

EMOSIONELE NOOD

VERLIES

MIDDELKINDERJARE

ONTWIKKELINGSFASES

**SUMMARY**

THE ROLE OF MUSIC AS A MEDIUM DURING MAKING CONTACT IN THE GESTALT PLAY THERAPY PROCESS

BY : NOLENE RUST
DEGREE : MASTER OF DIACONIOLOGY
DIRECTION PLAY THERAPY
STUDY LEADER : MRS. I. SCHRÖDER

This study was aimed at exploring and describing the role of music as a medium in the Gestalt play therapy process with children who experience emotional distress and therefore suffer loss of healthy contact. The case study method was used as research strategy. A literature study of the Gestalt approach and Gestalt play therapy was carried out as well as a study of the child in middle childhood, the child experiencing emotional distress in the form of loss, and music as a medium.

In implementing of this research study three case studies were described. The sampling method was based on a non-probability purposive sampling technique. The criteria for inclusion in this study were children who experience emotional distress in the form of loss and who, subsequently, do not make effective contact. Between seven and eight therapeutic sessions per child were conducted. The role of music was evident in all three cases.

**KEYWORDS**

MUSIC

CONTACT

CONTACTMAKING

GESTALT THERAPY

GESTALT APPROACH

GESTALT PLAY THERAPY PROCESS

EMOTIONAL DISTRESS

LOSS

MIDDLE CHILDHOOD

DEVELOPMENTAL PHASES

## VERKLARING VAN TERME

Binne die konteks van die studie word sekere terme afwisselend gebruik. Dit is nodig om hiervan kennis te neem om 'n akkurate en universele begrip van die inhoud van die studie te bekom. Die terme “hy”, “hom” en “homself” word gebruik om eenvormigheid te behou en om diskriminerende onderskeid te vermy. Verder word die terme “individu” en “kind” afwisselend gebruik. Daar word in sekere literatuur na die “individu” verwys wat van toepassing op die “kind” is wat in hierdie studie betrek is.

INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| **1** | **INLEIDING EN OORSIG VAN DIE STUDIE** | **1** |
| **1.1** | **INLEIDING** | **1** |
| **1.2** | **MOTIVERING** | **2** |
| **1.2.1** | **Persoonlike motivering** | **2** |
| **1.2.2** | **Professionele motivering** | **3** |
| **1.3** | **PROBLEEMFORMULERING** | **5** |
| **1.4** | **NAVORSINGSVRAAG** | **6** |
| **1.5** | **DOELSTELLING EN DOELWITTE** | **7** |
| **1.5.1** | **Doelstelling** | **7** |
| **1.5.2** | **Doelwitte van die studie** | **7** |
| **1.6** | **NAVORSINGSBENADERING** | **8** |
| **1.7** | **SOORT NAVORSING** | **9** |
| **1.8** | **NAVORSINGSTRATEGIE** | **10** |
| **1.9** | **NAVORSINGSMETODOLOGIE** | **11** |
| **1.9.1** | **Literatuurstudie** | **11** |
| **1.9.2** | **Beskrywing van die universum, populasie, steekproef en steekproef-metodes** | **12** |
| **1.9.3** | **Data-insamelingsmetode** | **13** |
| **1.9.4** | **Data-analise** | **15** |
| **1.9.5** | **Geldigheid van die studie** | **16** |
| **1.10** | **ETIESE ASPEKTE** | **18** |
| **1.11** | **DEFINISIES VAN DIE HOOFKONSEPTE** | **20** |
| **1.12** | **INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG** | **23** |
| **1.13** | **SAMEVATTING** | **23** |
| | | |
| **2** | **TEORETIESE UITGANGSPUNTE BINNE DIE GESTALTSPELTERAPEUTIESE BENADERING** | **25** |
| **2.1** | **INLEIDING** | **25** |
| **2.2** | **TEORETIESE UITGANGSPUNTE BINNE DIE GESTALTBENADERING** | **26** |
| **2.2.1** | **Holisme** | **27** |
| **2.2.2** | **Veld** | **27** |

2.2.3 Bewustheid 28
2.2.4 Homeostase en integrasie 29
2.2.5 Hier-en-nou 30
2.2.6 Kontak 31
2.2.7 Kontakgrensversteurings 35
2.2.8 Lae van neurose 37
2.2.9 Eksperimentering 38
2.2.10 Verantwoordelikheid en keuses 38
2.2.11 Ondersteuning 39
2.2.12 Fragmentering 40
2.3 DIE GESTALTSPELTERAPEUTIESE PROSES 41
2.4 SAMEVATTING 45

3 DIE ONTWIKKELINGSMYLPALE VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE, DIE KIND WAT EMOSIONELE NOOD ERVAAR EN MUSIEK AS MEDIUM BINNE DIE GESTALTSPELTERAPEUTIESE PROSES 46
3.1 INLEIDING 46
3.2 ONTWIKKELINGSMYLPALE VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE 46
3.2.1 Die kind in die middelkinderjare 47
3.2.2 Kognitiewe ontwikkeling in die middelkinderjare 48
3.2.3 Emosionele ontwikkeling in die middelkinderjare 48
3.2.4 Morele ontwikkeling in die middelkinderjare 49
3.2.5 Sosiale ontwikkeling in die middelkinderjare 50
3.3 DIE KIND WAT EMOSIONELE NOOD ERVAAR 51
3.3.1 Verlies as 'n vorm van emosionele nood 54
3.3.2 Die kind in die middelkinderjare se emosionele en sosiale ervarings van verlies 55
3.4 MUSIEK AS MEDIUM BINNE DIE GESTALTSPELTERAPEUTIESE PROSES 57
3.4.1 Musiek in die spelterapeutiese proses 59
3.5 SAMEVATTING 60

| | | |
|---|---|---|
| **4** | **GEVALLESTUDIES EN NAVORSINGSBEVINDINGS** | **61** |
| **4.1** | **INLEIDING** | **61** |
| **4.2** | **DIE NAVORSINGSPROSES** | **61** |
| **4.2.1** | **Probleemformulering** | **62** |
| **4.2.2** | **Die navorsingsbenadering en -strategie** | **62** |
| **4.2.3** | **Data-insameling** | **63** |
| **4.2.4** | **Data-analise** | **64** |
| **4.3** | **RESPONDENTE** | **65** |
| **4.4** | **EMPIRIESE GEGEWENS** | **65** |
| **4.5** | **GEVALLESTUDIE 1** | **66** |
| **4.5.1** | **Agtergrondinligting** | **66** |
| **4.5.2** | **Sessie 1** | **66** |
| **4.5.3** | **Sessie 2** | **68** |
| **4.5.4** | **Sessie 3** | **69** |
| **4.5.5** | **Sessie 4** | **71** |
| **4.5.6** | **Sessie 5** | **72** |
| **4.5.7** | **Sessie 6** | **73** |
| **4.5.8** | **Sessie 7** | **75** |
| **4.5.9** | **Sessie 8** | **77** |
| **4.5.10** | **Evaluering in terme van die terapeutiese intervensie** | **78** |
| **4.6** | **GEVALLESTUDIE 2** | **80** |
| **4.6.1** | **Agtergrondinligting** | **80** |
| **4.6.2** | **Sessie 1** | **81** |
| **4.6.3** | **Sessie 2** | **82** |
| **4.6.4** | **Sessie 3** | **84** |
| **4.6.5** | **Sessie 4** | **85** |
| **4.6.6** | **Sessie 5** | **87** |
| **4.6.7** | **Sessie 6** | **88** |
| **4.6.8** | **Sessie 7** | **89** |
| **4.6.9** | **Evaluering in terme van die terapeutiese intervensie** | **90** |
| **4.7** | **GEVALLESTUDIE 3** | **93** |
| **4.7.1** | **Agtergrondinligting** | **93** |
| **4.7.2** | **Sessie 1** | **93** |
| **4.7.3** | **Sessie 2** | **95** |
| **4.7.4** | **Sessie 3** | **96** |

| | | |
|---|---|---|
| 4.7.5 | Sessie 4 | 98 |
| 4.7.6 | Sessie 5 | 99 |
| 4.7.7 | Sessie 6 | 101 |
| 4.7.8 | Sessie 7 | 102 |
| 4.7.9 | Sessie 8 | 104 |
| 4.7.10 | Evaluering in terme van die terapeutiese intervensie | 106 |
| 4.8 | TEMAS WAT VANUIT DIE EMPIRIESE GEGEWENS GEÏDENTIFISEER IS | 108 |
| 4.9 | ALGEMENE OPMERKINGS | 113 |
| 4.10 | SAMEVATTING | 114 |
| 5 | GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS | 115 |
| 5.1 | INLEIDING | 115 |
| 5.2 | EVALUERING VAN DIE NAVORSINGSPROSES | 115 |
| 5.2.1 | Navorsingsvraag | 115 |
| 5.2.2 | Doelstelling en doelwitte | 116 |
| 5.2.3 | Samevatting van die hoofstukke | 117 |
| 5.3 | GEVOLGTREKKINGS | 119 |
| 5.4 | AANBEVELINGS | 121 |
| 5.5 | VERDERE AANBEVELINGS | 123 |
| 5.6 | SAMEVATTING | 124 |
| BRONNELYS | | 126 |
| BYLAE 1 | | 132 |
| TOESTEMMINGSBRIEF | | 132 |

# 1 INLEIDING EN OORSIG VAN DIE STUDIE

## 1.1 INLEIDING

Hierdie studie word vanuit die Gestaltterapeutiese benadering onderneem en gaan op kontak as 'n Gestaltbeginsel fokus. Kontak dui op die wedersydse interaksie van die persoon met homself en sy omgewing en dit is deur hierdie interaksie waardeur behoeftes opgelos kan word en groei plaasvind. Binne die Gestaltbenadering is kontak gevolglik nodig vir oorlewing, aangesien die interaksie op grond van bewustheid tot behoefte bevrediging lei. Die kind wat emosionele nood ervaar inhibeer homself van gesonde kontak, waaruit verdere probleme kan ontstaan en wat aanleiding kan gee tot kontakgrensversteurings, omdat sy behoeftes nie effektief aangespreek word nie. Gestaltspelterapie kan benut word om die kind wat emosionele nood ervaar se kontakmaking te versterk.

Verskeie skrywers (vergelyk Busch & Kimble, 2001:415; Cohen & Mannarino, 2004:820; Goldman, 2004:174) meld dat die kind wat byvoorbeeld verlies as 'n vorm van emosionele nood ervaar vermyding, asook gevoelens van afgesonderdheid en onbetrokkenheid beleef. Die ervaring kan die kind met wantroue teenoor verhoudings laat en dit kan sy vermoë om effektief in die sosiale wêreld te funksioneer en om op hierdie vlak gesonde kontak te maak, negatief beïnvloed. Sahler (in Busch & Kimble, 2001:416) meld dat die kind in die middelkinderjare wat sy emosies rondom verlies kan uitdruk en dus kontak hiermee maak, die verdere uitdagings van die lewe beter sal kan hanteer. Dit kom hier na vore dat uitdrukking en emosionele kontak tydens emosionele nood vir die kind in die middelkinderjare nodig is vir verdere aanpassing.

Musikale interaksie, as 'n vorm van nie-verbale kommunikasie, toon potensiaal as 'n effektiewe terapeutiese medium. Die interaksie in die terapeutiese proses wat volgens Fine (in La Torre, 2003:129) deur musiek verryk kan word, het heling tot gevolg, aangesien dit terapeutiese kontak en kontak met die omgewing aanmoedig. Musiek, wat nie-bedreigend is en die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar veilig kan laat voel, kan hom bystaan om sy ervaring uit te druk en om hom ook in kontak met sy emosies te bring. (Vergelyk Gallant & Holosko, 2001:115.)

Die middelkinderjare is ŉ tydperk waarin die kind streef na emosionele volwassenheid, aangesien emosionele differensiasie begin plaasvind (Louw, Van Ede & Louw, 1998:349). Indien die kind in hierdie tydperk vanweë emosionele nood wat hy ervaar, nie in kontak met sy emosies is nie, kan die proses na emosionele volwassenheid en emosionele ontwikkeling vertraag word. Dit blyk dat dit belangrik is om die kind in die middelkinderjare wat vanweë emosionele nood nie kontak maak nie, te help om spesifiek op emosionele vlak kontak te maak ten einde emosionele volwassenheid te bereik.

Literatuur tref ŉ onderskeid tussen musiekterapie en musiek as medium binne die Gestaltspelterapeutiese benadering. Musiekterapie is ŉ metode van psigoterapie wat daarop fokus om stemming en fisiologiese funksies te bevorder deur die gebruik van spesifieke musiek (Plug, Louw, Gouws & Meyer, 1997:233). Die Gestaltbenadering word ook gedefinieer as ŉ vorm van psigoterapie wat weer op ander unieke beginsels gebaseer is (Plug, *et al.,* 1997:127). Hierdie studie het op die unieke beginsels van die laasgenoemde gefokus en musiek as medium binne die Gestaltspelterapeutiese benadering verken.

Vir die doel van hierdie studie het die navorser verskeie vorme van musiek as medium in die sessies saamgestel wat gebruik kon word om die kind in die middelkinderjare wat as gevolg van emosionele nood nie kontak maak nie te begelei ten einde kontakmaking met die omgewing en homself aan te moedig. Nadat die rol van musiek in hierdie sessies verken is, het die navorser die benuttingswaarde van musiek as medium beskryf.

## 1.2 MOTIVERING

### 1.2.1 Persoonlike motivering

Op persoonlike vlak het die navorser as musikant die waarde wat musiek kan toevoeg tot herskepping en herontdekking van die self beleef. Uit professionele ervaring in die praktyk as ŉ skoolberader is dit vir die navorser duidelik dat kinders gemaklik voel met musiek en dat dit as ŉ terapeutiese medium benut kan word. Die

betrokke kinders waarmee die navorser in die verlede terapeuties gewerk het, het emosionele nood ervaar en hulle het hulself gevolglik van vriende en familie onttrek en ook akademiese probleme ervaar.

Busch en Kimble (2001:418) meld dat individue verskillend reageer op byvoorbeeld verlies as 'n vorm van emosionele nood en die navorser het dit juis opgemerk in haar vorige werk met kinders wat emosionele nood, spesifiek verlies, ervaar het. Die navorser is van mening dat elke kind wat enige vorm van emosionele nood ervaar unieke begeleiding deur die terapeutiese proses nodig het. Dit impliseer dat daar op 'n unieke manier met elke kind gewerk moet word, sodat elke kind veilig sal voel en kontakmaking aangemoedig kan word. Ten einde die kind in terapie op 'n unieke manier te begelei om kontak te bereik is dit nodig om die gebruik van meer kreatiewe mediums te verken (Lefevre, 2004:334). Hierdie studie is onderneem om musiek as 'n kreatiewe medium te verken. Dit sal lei tot 'n aanvulling van bestaande kennis rondom terapeutiese werk met die kind in emosionele nood.

### 1.2.2 Professionele motivering

Daar bestaan beperkte inligting rondom musiek in die Gestaltspelterapeutiese proses (vergelyk Lefevre, 2004:334). Gallant en Holosko (2001:115) noem dat literatuur spesifiek in terme van verlies en musiek as medium in die begeleiding deur hierdie proses beperk is. Daar bestaan 'n behoefte aan meer metodes om die kind in die middelkinderjare deur die ervaring van emosionele nood, spesifiek verlies, te begelei sodat kontak met sy omgewing en emosies versterk kan word. (Vergelyk Haggard, 2005:25; Wass, 2004:303; Black, 2005:28.) Die Gestaltbenadering veronderstel dat goeie kontak die kind met emosionele nood kan help om bewus te word van hulpbronne wat hy dan kan gebruik ten einde kontak met die omgewing en sy emosies te versterk. Perls (1973:18) meld dat hierdie interaksie met die omgewing groei tot gevolg het.

Die navorser het met hierdie studie gepoog om die benuttingswaarde van musiek te verken en beskryf om kontak te versterk tydens terapie met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar. Die inligting wat wel bestaan is toegespits op die veld van musiekterapie en Lefevre (2004:334)

meld dat selfs dié literatuur nie noodwendig die terapeut in die maatskaplike veld se werk met die kind verryk of inlig soos wat literatuur oor spel en ander kreatiewe kunste doen nie. Die navorser se mening stem dus ooreen met literatuur dat daar meer inligting benodig word rondom die waarde van musiek as 'n nie-verbale medium in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar.

Konsultasies met kenners op die gebied van die benuttingswaarde van musiek binne die terapeutiese milieu was gevoer en vanuit hierdie onderhoude het dit na vore gekom dat daar 'n behoefte aan navorsing was rondom die waarde van musiek as medium wat spesifiek gerig is op die spelterapeutiese proses. Die kenners was dit eens dat die gebruik van musiek van groot waarde in die terapeutiese proses is en dat daar binne die Gestaltbenadering nog min hieroor gedokumenteer is. Die volgende kenners is geraadpleeg:

- Dr. Carla Winter (2006), spelterapeut by die Kinder Trauma Kliniek, Pretoria
- Dr. Marietjie Yssel (2006), Gestaltspelterapeut in privaat praktyk in Centurion
- Me. Carol Lotter (2006), musiekterapeut en lektor verbonde aan die Universiteit van Pretoria

Die navorser het die studie vanuit die Gestaltbenadering onderneem. Dié benadering beskou die mens as 'n geheel wat uit verskillende dele bestaan. (Vergelyk Plug, *et al.*, 1997:127; Blom, 2004:9.) In terme van terapie met die kind wat emosionele nood ervaar, behels dit dus dat alle aspekte van die kind se menswees aangespreek word. Dit sluit die kind se emosies, liggaam, taal, geestelike aspekte, gedrag en denke in (Blom, 2004:10). Oaklander (in Kaduson & Schaefer, 2000:29) noem dat kontak volgens die Gestaltbenadering op volle bewustheid en betrokkenheid dui. Die kind wat, onder andere, verlies as 'n vorm van emosionele nood ervaar inhibeer homself en sny homself van gesonde uitdrukking af, wat kontakgrensversteurings tot gevolg kan hê. (Vergelyk Oaklander in Kaduson & Schaefer, 2000:29.)

Die navorser is van mening dat kreatiewe en nie-verbale metodes van kommunikasie, byvoorbeeld die benutting van musiek, die kind wat emosionele nood ervaar in terapie se interaksie en uitdrukking kan vergemaklik. (Vergelyk Lefevre,

2004:342.) Die kind moet die geleentheid gegun word om sy emosies te kommunikeer, aangesien dit kontak met hierdie emosies aanmoedig. Volgens die Gestaltbenadering beskik die individu oor die vaardighede om kontak met sy emosies te maak, wat die voorvereiste vir uitdrukking is. Die kind wat emosionele nood ervaar se kontakmaking moet deur terapie versterk word (vergelyk Oaklander in Kaduson & Schaefer, 2000:30) sodat hy sy behoeftes kan uitdruk ten einde dit te kan bevredig en groei te laat plaasvind. Oaklander (1988:109) meld dat gesonde kontak by die gebruik van sintuie begin en dit kan, onder andere, deur die verhoging van die gehoor sintuig aangemoedig word. Dit is hier waar musiek gebruik kan word om sensoriese kontak deur middel van die gehoor sintuig te versterk, deur die kind wat emosionele nood ervaar tydens terapie na musiek te laat luister.

Lefevre (2004:333) en Fine (in La Torre, 2003:129) identifiseer die waarde van musiek ten einde interaksie met die kind te bewerkstellig en hom deur die interaksie te ondersteun, terwyl hy bewus word van sy ervarings. Vanuit die Gestaltbenadering, volgens Blom (2004:58), word die belangrikheid van bewustheid wat aan die hede gekoppel is beklemtoon. Congress (in Yssel, 1999:85) noem dat die hier-en-nou die enigste realiteit is waarmee daar met die kind gewerk kan word, aangesien hy slegs in die hede kan ervaar.

Vanuit die bogenoemde blyk dit dat daar ʼn behoefte was aan die verkenning en beskrywing van musiek as ʼn kreatiewe medium waardeur die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar tydens Gestaltspelterapie gehelp kan word om kontak te maak met sy ervarings en emosies. ʼn Verkenning van metodes sal bydra tot ʼn beter begrip van hierdie kind, asook tot ʼn beter begrip van musiek as medium wat gebruik kan word om die kind se wêreld te betree, sodat sy unieke behoeftes in terapie aangespreek kan word.

## 1.3 PROBLEEMFORMULERING

Strydom en Delport (2005:320) definieer probleemformulering as die navorser se persepsie van die probleem wat ondersoek gaan word. Fouché en De Vos (2005:103) noem dat die eenheid van analise, die doelwit van die navorsing en die benadering van die navorsing die probleemformulering gaan bepaal.

Die kind wat emosionele nood ervaar en gevolglik nie kontak maak nie se potensiaal kan nie ontgin word nie. Hy is nie bewus van homself en sy omgewing nie en kan gevolglik nie sy behoeftes bevredig nie. (Vergelyk Oaklander, 1988:112; Blom, 2004:18.) Hierdie onttrekking het kontakgrensversteurings tot gevolg waartydens gesonde funksionering binne 'n holistiese konteks verhoed word (Perls 1973:19).

Baum (in Bunt & Hoskyns, 2002:15) noem dat musiek vir verskeie terapeutiese doelwitte gebruik kan word en die navorser is van mening dat die benutting van hierdie medium die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar tot verhoogde bewustheid en kontakmaking kan begelei. Musiek as medium kan kommunikasie en uitdrukking aanmoedig (vergelyk Bjørkvold, 1987:110; Gold, Voracek & Vigram, 2004:1054), wat alle aspekte van die kind kan aanspreek. Dit verwys na die kind se emosies, liggaamlike kontak, taal, geestelike aspekte, gedrag en denke, wat deur musiek uitgedruk en gekommunikeer kan word. Daar bestaan egter 'n leemte in die beskikbare literatuur rondom die benutting van musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses, wat gevolg kan word om kontak aan te spreek en te versterk.

Vanuit die gegewe inligting is die probleem vir die doeleindes van die studie soos volg geformuleer:

Wanneer die kind in die middelkinderjare homself onttrek weens emosionele nood, byvoorbeeld as gevolg van die ervaring van verlies, word normale uitdrukking en kontakmaking met homself en sy omgewing negatief beïnvloed. Gevolglik kan sy behoeftes nie bevredig word nie en kan homeostase, of balans, nie bereik word nie. Daarom is dit nodig om die kind tot kontakmaking en bewustheid te begelei. Daar bestaan 'n behoefte aan inligting rondom musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses wat benut kan word om kontakmaking en bewustheid te verhoog.

## 1.4 NAVORSINGSVRAAG

Die volgende stap in die navorsingsproses, volgens Strydom en Delport (2005:321), is die formulering van die navorsingsvraag. Die stap is belangrik aangesien dit idees

rondom dit wat ondersoek gaan word, uitlig. Die navorsingsvraag vir hierdie studie is as volg gestel:

Wat is die benuttingswaarde van musiek as medium tydens kontakmaking in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar?

## 1.5 DOELSTELLING EN DOELWITTE

Vir die doeleindes van die studie is die doelstelling en doelwitte onderskeidelik as volg geformuleer:

### 1.5.1 Doelstelling

Fouché en De Vos (2005:104) definieer 'n doelstelling as "...the end toward which effort or ambition is directed". Die doelstelling van die studie was om die benuttingswaarde van musiek as medium tydens kontakmaking in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar te verken en te beskryf ten einde 'n leemte in die bestaande literatuur oor die onderwerp aan te vul.

### 1.5.2 Doelwitte van die studie

Fouché en De Vos (2005:104) beskryf 'n doelwit as 'n meer konkrete, meetbare en vinniger bekombare begrip van die doelstelling. Die volgende doelwitte is geformuleer ten einde die genoemde doelstelling te bereik:

- Om 'n teoretiese perspektief op die Gestaltterapeutiese benadering en die Gestaltspelterapeutiese proses te bied.
- Om 'n indiepte-literatuurstudie van die ontwikkelingsmylpale van die kind in die middelkinderjare, die kind wat weens emosionele nood in die vorm van verlies nie kontak maak nie en musiek as medium binne die

Gestaltspelterapeutiese proses te onderneem.

- Om deur die benutting van semi-gestruktureerde onderhoude met drie kinders in die middelkinderjare wat weens emosionele nood nie kontak maak nie die benuttingswaarde van musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses te verken en te beskryf.
- Om deur middel van Creswell se spiraal van data-analise data te analiseer en met literatuur in verband te bring, ten einde die navorsingsbevindinge te beskryf.
- Om gevolgtrekkings en aanbevelings te formuleer ten einde ŉ leemte in die bestaande literatuur rondom musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar en gevolglik nie kontak maak nie aan te vul.

## 1.6 NAVORSINGSBENADERING

Vir die doel van hierdie studie is ŉ kwalitatiewe benadering gevolg. Volgens McRoy (in Fouché & Delport, 2005:74) is die kwalitatiewe benadering holisties en daarop gefokus om die sosiale wêreld en betekenisse wat individue daaraan heg te verstaan. Kwalitatiewe navorsing interpreteer of gee die ervarings en persepsies van ander dus weer.

Deur kwalitatiewe navorsing te onderneem kry die navorser die geleentheid om dit wat bestudeer word, op só ŉ manier te observeer dat ŉ beter begrip daarvan verkry kan word (Rubin in Babbie, 2004:358). Dit behels dat die navorser die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar en nie kontak maak nie, beter kon leer ken en ook ŉ duideliker begrip kon vorm van die benuttingswaarde van musiek as medium tydens Gestaltspelterapie met hierdie kind.

Die holistiese aard van die kwalitatiewe benadering (vergelyk Fouché & Delport, 2005:75) vind aanklank by die Gestaltbenadering waaruit die studie onderneem is, wat dui op elemente wat in geheel tot mekaar verbind word om ŉ geheelbeeld te vorm. Die navorser wou die wêreld van die kind wat emosionele nood ervaar verstaan en die benuttingswaarde van musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses verken en beskryf, ten einde hierdie kind tot

kontakmaking te begelei. Die benuttingswaarde van musiek kan van kliënt tot kliënt verskil en die kwalitatiewe benadering laat ruimte vir die ontdekking van die subjektiewe verkenning van die kind se realiteit en nie die van die navorser nie.

## 1.7 SOORT NAVORSING

Fouché en De Vos (2005:105) onderskei tussen basiese en toegepaste navorsing. Basiese navorsing word onderneem om 'n nuwe teorie te formuleer en by te dra tot die formulering van nuwe inligting in 'n spesifieke dissipline. Toegepaste navorsing word gedefinieer as wetenskaplike beplanning vir verandering en word gebruik om probleme in die praktyk aan te spreek op grond van reeds omskryfde konstrukte wat uit basiese navorsing vloei (Fouché & De Vos, 2005:105).

Die navorser het vir die doeleindes van die studie gebruik gemaak van toegepaste navorsing, aangesien daar reeds basiese navorsing oor musiek en terapie gedoen is en daar reeds konstrukte bestaan wat omskryf is. Fouché en De Vos (2005:106) onderskei tussen verkennende, beskrywende of verklarende navorsing as primêre doelwitte van basiese en toegepaste navorsing. Volgens Terre Blanche en Durrheim (2006:44) is die primêre doelwit van 'n studie belangrik, aangesien dit die tipe studie wat onderneem word beïnvloed. Met hierdie studie het die navorser beoog om die benuttingswaarde van musiek tydens kontakmaking in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar te verken en te beskryf.

Die eerste primêre doelwit van die studie, naamlik verkenning, is voor die handliggend, aangesien die meeste navorsers glo dat kwalitatiewe navorsing altyd verkennend van aard is. (Vergelyk Terre Blanche & Durrheim, 2006:44.) Verkennende studies is oop, buigbare navorsing met die doel om ondersoek in te stel in redelike onbekende areas van navorsing en om nuwe insigte te soek. Deur verkennende navorsing te onderneem, het die navorser beoog om ondersoek in te stel rondom die benuttingswaarde van musiek as medium tydens kontakmaking in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar.

Terre Blanche en Durrheim (2006:44) verduidelik dat beskrywende studies: "...aim to describe phenomena accurately either through narrative type descriptions, classification, or measuring relationships"*.* Fouché en De Vos (2005:106) noem dat beskrywende studies, soos dit in kwalitatiewe navorsing gebruik word, dieper betekenisse beskryf en veral vrae soos "hoekom?" en "hoe?" beantwoord. In hierdie studie het die navorser gepoog om die benuttingswaarde te beskryf van musiek as medium tydens kontakmaking in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar.

## 1.8 NAVORSINGSTRATEGIE

Vanuit die keuse van 'n navorsingsbenadering bepaal die navorser die tipe strategie wat gevolg gaan word, wat dui op hoe die studie onderneem gaan word. (Fouché, 2005:269). Die geformuleerde navorsingsprobleem van dié studie is aan die hand van 'n gevallestudie benader, waartydens die benuttingswaarde van musiek as medium tydens kontakmaking in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar verken en beskryf is.

Die gevallestudie metode is die toepaslikste strategie vir hierdie studie, aangesien dit toelaat vir 'n indiepte beskrywing van dit wat bestudeer word (Fouché, 2005:272). Babbie (2004:293) beaam die siening in sy omskrywing van gevallestudies as "...the in-depth examination of a single instance of some social phenomenon..".

Mark (in Fouché, 2005:272) onderskei tussen drie tipe gevallestudies wat elk verskillende doelwitte het. Hy verwys na intrinsieke, instrumentele en kollektiewe gevallestudies. Vir die doel van die studie het die navorser van 'n instrumentele gevallestudie gebruik gemaak, wat volgens Mark (in Fouché, 2005:272) bydra tot 'n beter begrip van 'n sosiale aspek. Hierdie tipe gevallestudie word gebruik om kennis rondom die sosiale aspek uit te brei. Die navorser het nie 'n intrinsieke gevallestudie gebruik nie aangesien daar nie in hierdie studie op individuele gevalle gefokus is nie, maar wel op 'n sosiale aspek naamlik die benuttingswaarde van musiek as medium. Die navorser is van mening dat die uitvoering van 'n instrumentele gevallestudie bygedra het tot 'n beter begrip van die benuttingswaarde van musiek as medium.

## 1.9 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die wyse waarop die navorsing ingesamel word is van kardinale belang vir enige studie. Dit sluit die prosedure en werkswyse in wat deur die navorser gevolg word. In hierdie afdeling word die onderneming van die literatuurstudies wat gebruik is bespreek en die universum, die populasie en die steekproefmetode wat vir die studie gevolg is, word uitgelig. Hierna word die metode van data-insameling en -analise en die geldigheid van die studie bespreek.

### 1.9.1 Literatuurstudie

Toepaslike literatuur en vakkundige tydskrifartikels is geraadpleeg vir die uitvoering van die literatuurstudies. Die navorser het inligting vanuit die maatskaplike, sielkundige en musiek- terapeutiese velde ingesamel. Hierdie ingesamelde inligting was van toepassing op die Gestaltbenadering en die Gestaltspelterapeutiese proses wat as benadering vir hierdie studie gebruik is en wat in Hoofstuk Twee bespreek is. Hierdie hoofstuk bevat inligting rondom die verwysingsraamwerk waaruit die studie onderneem is, wat gebruik is as 'n metode om kennis oor die sosiale wêreld in te win (Kuhn in Delport & Fouché, 2005:262).

Daar is ook inligting oor die kind in die middelkinderjare en die kind wat emosionele nood ervaar ingesamel aangesien dit die groep is waaruit die respondente vir hierdie studie na vore gekom het. Aangesien die studie op die benuttingswaarde van musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses fokus is bronne oor musiek as medium in dié terapeutiese konteks ook geraadpleeg. Hierdie literatuurstudie is in Hoofstuk Drie saamgevat. Die doel van hierdie hoofstuk is om die teorie rakende die sosiale aspek wat in die studie ondersoek is, naamlik die benutting van musiek as medium, en die teorie rakende die dinamika van die kind in die middelkinderjare te verduidelik. Die tweede en derde hoofstukke dien as 'n onderbou vir die insameling van die data wat later in die studie uiteengesit word.

Die bronne wat geraadpleeg is was onder andere boeke, joernale en vaktydskrifte van die velde Gestaltspelterapie, kinderontwikkeling en musiek. Die navorser het klassieke werke van Fritz Perls (1951;1973), Oaklander (1988), Bjørkvold (1987),

Feder en Feder (1981), Yontef (1993a & 1993b) en Zinker (1977) geïnkorporeer aangesien die werke waardevol is vir die navorsing en die veld waarin die navorser gewerk het. Die literatuur bevat baanbrekerswerk in die veld van die Gestaltbenadering en Gestaltspelterapie met kinders wat in hierdie studie gebruik is.

### 1.9.2 Beskrywing van die universum, populasie, steekproef en steekproef-metodes

Arkava en Lane (in Strydom, 2005b:193) definieer die term "universum" as alle moontlike respondente wat oor die kwaliteite beskik waarin die navorser belangstel. Die universum in die studie het bestaan uit alle kinders binne Suid-Afrika in die middelkinderjare wat vir terapeutiese intervensie verwys is vanweë die ervaring van verlies as 'n vorm van emosionele nood.

Die populasie verwys na individue wat oor die nodige karaktereienskappe beskik vir die uitvoering van die studie (Strydom, 2005b:193). Dié individue maak 'n deel uit van die universum maar is diegene wat in die navorsing gebruik is. Die populasie stel dus grense vir dit wat bestudeer is (Strydom, 2005b:193). In hierdie studie was die populasie kinders in die middelkinderjare wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar en gevolglik nie effektief kontak maak nie en hiervolgens vanuit die konteks van die klassituasie vir terapie verwys is. Die geografiese grense vir die studie was ook in die populasie getrek wat in hierdie studie een geselekteerde laerskool in 'n voorstad van Pretoria was.

Die steekproef bestaan uit elemente van die populasie wat in die studie ingesluit is (Strydom, 2005b:194). Dié elemente in die steekproef is gebruik om die populasie te verstaan. Elemente in die steekproef is *wie* in die studie betrek is, asook in *watter* omgewing die respondente was en *watter* gedrag waargeneem is. Vir doeleindes van die studie was kriteria vir insluiting onder meer die volgende:

- Drie Afrikaanssprekende kinders tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar omdat emosionele volwassenheid in hierdie fase nagestreef word
- Hierdie kinders was in 'n spesifieke laerskool in 'n voorstad van Pretoria
- Kinders wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar en gevolglik nie

effektief kontak maak nie

- Kinders wat albei geslagte verteenwoordig en Suid-Afrikaans is

Die wyse waarop die steekproef vir die navorsing getrek is het behels dat die navorser op grond van die kriteria van die populasie respondente gekies het. (Vergelyk Strydom, 2005b:202.) Dit staan bekend as 'n nie-waarskynlikheid-doelgerigte steekproeftrekking. Dié tipe steekproeftrekking verduidelik waarom die waarskynlikheid vir insluiting in die studie nie statisties verwerk kan word nie (Terre Blanche & Durrheim, 2006:139). Die navorser het vanuit die populasie drie kinders wat in die middelkinderjare is en emosionele nood ervaar in die studie betrek. Hierdie Afrikaanssprekende kinders was tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar en in 'n spesifieke laerskool in 'n voorstad van Pretoria. Die kinders wat vir die uitvoering van die studie betrek is het ook albei geslagte verteenwoordig.

### 1.9.3 Data-insamelingsmetode

Vir die doel van die studie het die navorser die Gestaltspelterapeutiese proses uitgevoer as die data-insamelingsmetode. Vir die doel van die studie word na die terapiesessies verwys as semi-gestruktureerde onderhoude. Terre Blanche en Durrheim (2006:297) is van mening dat 'n onderhoud 'n natuurlike manier is om met respondente om te gaan. Dit gee die geleentheid om ander beter te leer ken en om te verstaan hoe hulle dink en voel.

Greeff (2005:296) noem dat semi-gestruktureerde onderhoude veral van toepassing is wanneer daar spesifiek inligting oor 'n proses ingesamel word en wanneer daar meer volledige inligting van die respondent en sy ervarings verlang word. Deur gebruik te maak van semi-gestruktureerde onderhoude, het die navorser ook 'n meer gedetailleerde weergawe van die respondente se persepsies of waardes ingesamel.

Die navorser het die data deur middel van Gestaltspelterapeutiese sessies ingesamel en tussen sewe en agt sessies met die respondente onderneem, almal kinders. Die semi-gestruktureerde onderhoude is aan die hand van Schoeman se model (Schoeman, 2004b:118) in die Gestaltspelterapeutiese proses uitgevoer, wat die kinders die geleentheid gegee het om hulle ervarings binne 'n veilige omgewing

te ontdek en hulle emosies uit te druk (Joyce & Sills, 2001:16). Die Gestaltbenadering en die Gestaltspelterapeutiese proses word in Hoofstuk Twee as literatuurstudie bespreek en is afgehandel voordat die navorser kontak gemaak het met die respondente.

Daar is gefokus op die emosies en ervarings van drie kinders in die middelkinderjare wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar en gevolglik nie kontak maak nie, om die benuttingswaarde van musiek in die proses te verken en beskryf. Tydens die verloop van die Gestaltspelterapeutiese proses het die navorser deurgaans gepoog om by elke kind vas te stel wat die benuttingswaarde van musiek is ten einde sy kontakmaking aan te moedig. In Hoofstuk Drie word die kind in die middelkinderjare, die kind wat emosionele nood ervaar en musiek as medium bespreek. Die literatuurstudie is afgehandel voordat die navorser kontak gemaak het met die respondente.

Die navorser het van musiekinstrumente, sowel as musiek-cd's in die sessies gebruik gemaak. Daar was 'n verskeidenheid van die bogenoemde in die sessies beskikbaar en die kind kon kies waarmee hy wou werk. Daar is op die instrumente gespeel en na verskillende musiek geluister om sensoriese, terapeutiese, omgewings- en emosionele kontak aan te moedig. Om die kontak verder te versterk het die navorser musiek as medium benut wat die kind kon gebruik om homself mee uit te druk. Musiek is ook in die agtergrond gespeel en benut om die kind op sy gemak te laat voel terwyl hy 'n emosie voorstel en dit is ook benut om emosionele kontak aan te moedig. (Vergelyk Oaklander, 1988:115.) Hierdie bevindinge wat met die literatuurstudies in verband gebring is, is in Hoofstuk Vier uiteengesit.

Die navorser het by 'n spesifieke laerskool se hoof toestemming gekry om terapeutiese dienste by die skool te lewer aan geïdentifiseerde kinders wat emosionele nood ervaar. Hierna is sekere kinders deur die onderwysers en beraders by die skool geïdentifiseer en onderhoude is by die skool met die ouers of voogde gevoer waartydens die navorser die studie en etiese aspekte rondom die studie aan hulle verduidelik het. Hierna is die ouers of voogde se geskrewe toestemming op die toestemmingsbrief verkry (sien Bylae Een) en die navorser het die kinders individueel ontmoet om ook hierdie proses op hulle vlak aan hulle te verduidelik en om hulle geskrewe toestemming, in die vorm van die toestemmingsbrief, te kry.

Josselson (in Greeff, 2005:293) maak die stelling dat ervarings wat opgeneem en neergeskryf word deegliker is. Aangesien die navorser van semi-gestruktureerde onderhoude gebruik gemaak het, het die navorser die respondente se ervarings met ŉ videokamera opgeneem en tydens data-analise georganiseer en getranskribeer. Om dit aan te vul het die navorser ook veldnotas gebruik en metodes van data-insameling hersien, met die doel om nuwe inligting in te win. Field en Morse (in Greeff, 2005:311) definieer veldnotas as die aantekening van alles wat die navorser sien en doen. Die veldnotas het die proses van data-insameling aangevul deurdat dit die navorser gehelp het om die verloop van die onderhoud te ontdek en om inligting wat ingesamel is te behou (Greeff, 2005:298).

### 1.9.4 Data-analise

Volgens De Vos (2005:335) is die proses van data-insameling en -analise onskeibaar. Tydens die stap van data-analise word die ingesamelde data gestruktureer en georden, sodat dat daar betekenis aan die data geheg kan word.

Creswell (in De Vos, 2005:334) beskryf ŉ spiraalproses waardeur data geanaliseer kan word. Hy beskryf die proses as nie-liniêr en noem dat dit met die onverwerkte data begin wat in die proses beskryf word sodat die narratief en betekenisse wat daaruit afgelei word na vore kan kom. Vir die doeleindes van die studie is die data deur middel van die bogenoemde proses, gekombineer met Marshall en Rossman se proses (in De Vos, 2005:334) geanaliseer. Die stappe van die proses volgens Creswell, asook Marshall en Rossman (in De Vos, 2005:334), is as volg:

- Beplanning om die data op te neem deur middel van ŉ videokamera. Die navorser het die semi-gestruktureerde onderhoude met ŉ videokamera opgeneem om volledige inligting bymekaar te maak. Die navorser het hiervoor geskrewe toestemming by die kinders en hulle ouers of voogde verkry.
- Data-insameling en voorlopige analise deur middel van die Gestaltspel terapeutiese benadering aan die hand van semi-gestruktureerde onderhoude. Die navorser het die data deur middel van Gestaltspelterapeutiese sessies ingesamel en die inhoud hiervan voorlopig geanaliseer. Hierdie voorlopige analise behels die gebruik van veldnotas wat tydens en direk na die sessies

geskryf is.

- Organisering van die data. Tydens hierdie stap is die data op rekenaar vasgelê in die vorm van verslae en videolêers wat transkripsies van die sessies bevat. Die verslae is saamgestel deur na die sessies wat op videokamera vasgelê is te kyk en dit met die veldnotas te vergelyk.
- Die lees en skryf van aantekeninge. Die navorser het hierdie verslae verskeie kere deurgelees en bevindinge aangeteken. Dit is gedoen sodat die navorser 'n goeie begrip van die data kon kry.
- Omskrywing van kategorieë, temas en patrone. Die navorser het opvallende en herhalende temas wat tydens data-insameling na vore gekom het geïdentifiseer. Hierdie temas het na vore gekom in die evaluering van die sessies wat in die einde van elke gevallestudie gebied is. Nadat die inligting van al drie respondente se sessies bestudeer is, is herhalende temas geïdentifiseer wat op die benuttingswaarde van musiek dui.
- Bevestiging van die navorser se begrip van die data en betekenisse. In hierdie stap het die navorser die temas wat na vore gekom het in verband gebring met die literatuur wat in Hoofstuk Twee en Drie vervat is. Die ooreenkomste tussen die literatuur en temas soos deur die navorser uitgelig, is ondersoek om wetenskaplike steun vir die temas te verseker.
- Voorstelling van die bevindinge in die vorm van verhandeling van beperkte omvang. Die navorser het die gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit die studie vloei in die finale hoofstuk van hierdie studie vervat.

### 1.9.5 Geldigheid van die studie

Geldigheid van 'n studie impliseer dat die navorsing wat tydens die studie ingesamel is 'n weerspieëling van die waarheid is. Marshall en Rossman (in De Vos, 2005:345) meld dat alle navorsing op grond van spesifieke kriteria geëvalueer moet word voordat die betroubaarheid van die navorsing gepeil kan word. Dit behels dat die navorsing geldig is en dat dit deur hierdie kriteria die akkuraatheid van die benadering wat gevolg is sal reflekteer. Die navorser het op die volgende aspekte gefokus wat deur Lincoln en Guba in De Vos (2005:346) uiteengesit is om die geldigheid van die studie te verseker.

- Geloofwaardigheid

Hierdie aspek verwys daarna dat alle moontlike stappe geneem is om dit wat ondersoek is akkuraat te beskryf. Om geloofwaardigheid te verseker het die navorser volledige inligting van elke terapeutiese sessie gedokumenteer en dit uiteindelik met al die inligting wat tydens die hele studie ingesamel is gekombineer. Die betekenisse wat omskryf is is eie aan die respondente en 'n volledige en akkurate beskrywing hiervan het die geloofwaardigheid van die studie versterk.

- Oordraagbaarheid

Met oordraagbaarheid word daar gekyk of die navorsing van toepassing is op ander kontekste. Die navorser het binne die raamwerk van data-insameling en -analise te werk gegaan om uitdagings van die oordraagbaarheid van die navorsing na ander kontekste te verminder. Om die studie meer toepaslik en verder van waarde te maak vir persone wat terapeuties werk met kinders in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar, asook vir verdere navorsing oor die onderwerp, is daar met drie respondente gewerk.

- Betroubaarheid

Om betroubaarheid te verseker, is dit nodig dat rekenskap gehou moet word met veranderende omstandighede waaruit die navorsing na vore kom. Om dit reg te kry het die navorser in ag geneem dat elke respondent uniek is, en dat die inligting van die respondente kan verskil. Die navorser het deurgaans gepoog om vanuit die respondente se subjektiewe ervaring van die hier-en-nou hulle belewenisse weer te gee en om hulle individuele verskille te respekteer.

- Bevestigbaarheid

Bevestigbaarheid verwys daarna dat die navorsing objektief onderneem is en dat dit op meer as net die navorser se waarnemings gebaseer is. Die navorser het die bevindinge wat aan die lig gekom het volledig gedokumenteer en georganiseer, waardeur dit ook met die literatuur in verband gebring is. Die doel hiermee was om te bevestig dat die bevindinge nie net op grond van die waarnemings van die

navorser na vore gekom het nie maar ook deur ander metodes geïdentifiseer kon word.

## 1.10 ETIESE ASPEKTE

Elke navorser het die verantwoordelikheid om eties te werk te gaan in die afneming van enige studie. Etiek verwys na beginsels wat sosiaal aanvaar word en wat lei tot die onderskeid tussen reg en verkeerd. Dit is dié beginsels wat reëls en verwagtinge oor gedrag teenoor respondente uiteensit (Strydom, 2005a:57).

Etiese optrede behels 'n vlak van bevoegdheid en sekere vaardighede van die navorser (Strydom, 2005a:63). Om 'n hoë vlak van bevoegdheid en vaardighede te verseker het die navorser vir die doel van die studie die inligting korrek, akkuraat, objektief en onbevooroordeeld weergegee. Die navorser het die volgende beginsels in die navorsingsproses toegepas om te verseker dat die navorsing eties uitgevoer is:

- Ingeligte toestemming

Ingeligte toestemming beteken dat alle inligting rondom die studie aan die betrokke partye oorgedra word (Strydom, 2005a:59). Dit sluit die prosedure en doelwitte van die studie in, die moontlike gevare, asook die voor- en nadele van die studie. Die respondente is volledig van die bogenoemde ingelig en verseker dat hulle deelname vrywillig is. Die navorser het geen inligting van die respondente, die ouers of voogde weerhou nie en korrekte inligting is aan hulle verskaf.

Aangesien die respondente kinders is, is die inligting volledig aan hulle op hulle vlak van begrip oorgedra asook aan hulle ouers en voogde. Die kinders is minderjarig en daarom moes die ouers of voogde 'n toestemmingsbrief onderteken waarin hulle toestemming gegee het dat hulle kinders in die studie ingesluit mag word. Die prosedure, doelwitte, moontlike gevare en voor- en nadele van die studie is in die toestemmingsbrief wat die ouers of voogde geteken het, vervat. Dit word in Bylae Een vervat.

- Vermyding van leed

Dit is die etiese verantwoordelikheid van die navorser om die respondente te beskerm (Strydom, 2005a:58). Dit is belangrik dat die respondente en hulle ouers of voogde volledig ingelig word ten opsigte van die potensiële uitwerking van die studie en ook die geleentheid gegun word om ter eniger tyd van die studie te onttrek. Die regte van die kind is deurgaans in gedagte voorop gestel en die kind se waardes is gerespekteer. Die navorser het geensins een van die kinders gedwing om iets teen hulle sin te doen nie en die navorser het sover moontlik hulle te alle tye tydens die navorsing op hulle gemak laat voel en beskerm.

Die navorser het beplan om aan die einde van die proses verdere terapie vir die kinders beskikbaar te stel indien dit nodig geblyk het en om aan hulle die keuse te stel om by die navorser vir hierdie verdere terapie in te skakel of nie. Die navorser het voortgesette terapie vir die al drie kinders geskeduleer ten einde hulle die geleentheid te gee om hulle ervarings van die proses te deel en om verder deur die emosionele nood as gevolg van die verlies wat hulle ervaar begeleiding te ontvang. Die voortgesette terapie wat die navorser gebied het maak nie 'n deel uit van die navorsing nie en is so aan die betrokke partye verduidelik.

- Regte en belange van die kind

Strydom (2005a:61) benadruk die belangrikheid van die respondent se privaatheid en dat sy identiteit altyd beskerm moet word. Om die kinders te beskerm en om privaatheid te verseker is al die inligting van die respondente anoniem gehou en is van skuilname gebruik gemaak. Die inhoud van die sessies is as vertroulik hanteer en daar is oral in die studie en op al die gebruiksmiddele van skuilname gebruik gemaak.

Die navorser het video-opnames gebruik nadat die ouers, voogde en die kinders ingeligte en geskrewe toestemming hiertoe verleen het. Die videomateriaal is in 'n kluis geberg waartoe net die navorser toegang gehad het en dit is by voltooiing van die navorsingsproses vernietig.

- Bevoegdheid van die navorser

Die navorser het die verantwoordelikheid om die hele navorsingsproses met bevoegdheid te hanteer (Strydom, 2005a:63). Dit sluit aspekte in soos om bevoeg te wees in die veld waarin die navorsing gedoen gaan word en dat die navorser se eie waardes en belange nie inmeng met dié van die respondent nie. Om dit te verseker en om die bevoegdheid uit te brei het die navorser die proses onder toereikende leiding onderneem en ook van hulpbronne gebruik gemaak om die studie wetenskaplik te laat geskied.

- Bekendmaking van bevindinge

Die inligting is na afloop van die studie in die vorm van 'n verhandeling van beperkte omvang bekend gemaak. Strydom (2005a:65) meld dat die bevindinge so akkuraat en objektief as moontlik weergegee moet word sonder dat die navorser sy waardes en idees van dit wat ingesamel is op die respondent oordra. Die geskrewe bevindinge van die studie bevat al die inligting wat nodig is om die studie ten volle te verstaan.

## 1.11 DEFINISIES VAN DIE HOOFKONSEPTE

Die belangrikste hoofkonsepte wat in hierdie studie voorkom word vervolgens kortliks omskryf.

- Musiek

In die HAT (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, 1991:717) word musiek gedefinieer as die "Kuns om aangename verbindings van klanke te maak waardeur in skone vorm aan gevoelens uiting gegee word". Die term "musieksielkunde" word deur Plug, *et al.* (1997:233) beskryf as 'n vorm van sielkunde waartydens musikale stimuli en die emosionele reaksies daarop waargeneem word.

Dit blyk uit albei die bogenoemde definisies dat gevoelens of emosionele reaksies 'n inherente deel is van die proses waartydens musiek gemaak word. Vir die doel van

hierdie studie gaan die benutting van musiek beskou word as 'n geleentheid waardeur kontak met emosies ten opsigte van emosionele nood bewerkstellig kan word.

- Gestaltbenadering

Die term "Gestalt" impliseer die geheel van 'n struktuur wat meer is as die som van die kleiner dele (Plug, *et al.,* 1997:127). Die benadering kyk dus holisties na die mens as individu. Dit beteken dat die individu wat uit verskillende aspekte bestaan en as 'n geheel funksioneer, as 'n deel van sy omgewing gesien moet word (Blom, 2004:9).

Plug, *et al.* (1997:127) gaan voort deur op te merk dat die Gestaltbenadering toegespits is op dit wat onmiddellik teenwoordig is om die individu te help om meer bewus te word van sy totale, direkte ervarings. Hierdie outeurs omskryf dié benadering as 'n benadering wat daarop dui dat die individu uit afsonderlike entiteite bestaan en dat hy oor die potensiaal beskik om te groei. Groei ontstaan op grond van kontak wat die individu met homself en met die omgewing ervaar.

Vir die doeleindes van die studie gaan die insameling van die data en die literatuurstudies vanuit die Gestaltbenadering uitgevoer word. Babbie (in Delport & Fouché, 2005:262) meld dat die paradigma, of benadering, die verwysingsraamwerk van die organisering en die waarnemings van die studie word. Die Gestaltbenadering word as die verwysingsraamwerk gebruik waaruit die navorser gepoog het om kennis oor die sosiale wêreld in te win wat in hierdie studie van toepassing is. (Vergelyk Kuhn in Delport & Fouché, 2005:262.)

- Die Gestaltspelterapeutiese proses

Gouws (in Blom, 2004:5) definieer spelterapie as 'n psigoterapeutiese tegniek wat die terapeut gebruik om die kind die geleentheid te gee om sy emosies verbaal en nie-verbaal uit te druk. (Vergelyk Plug, *et al.,* 1997:356.) Oaklander (1988:160) meld dat angs, onsekerhede en konflikte tydens spelterapie deurgewerk word. Sy verduidelik verder dat speel noodsaaklik is vir kinders ten einde gesonde ontwikkeling te bereik. Dié outeur beskryf spelterapie as 'n vorm van "self" terapie

waardeur die kind kan groei.

Vir die doel van die studie verwys spelterapie na ŉ spesifieke vorm van terapie, waartydens speel as medium volgens Schoeman se model (Schoeman, 2004b:118) gebruik word om die emosionele wêreld van die kind op ŉ nie-bedreigende manier te betree. Beginsels van die Gestaltbenadering word gevolg om die kind bewus te maak van sy totale, direkte ervaring.

- Middelkinderjare

Louw, *et al.* (1998:326) definieer die middelkinderjare as die tydperk tussen die sesde en twaalfde lewensjaar. In dié tydperk versnel kognitiewe, sosiale en emosionele ontwikkeling en dit stel die kind in dié ouderdomsgroep in staat om ŉ goeie begrip van sy leefswêreld te vorm. Louw, *et al.* (1998:349) noem dat dit die tydperk is wanneer die kind op emosionele vlak na volwassenheid streef.

Engelbrecht en Green (2001:79) verduidelik dat dit die tydperk is waarin kinders ŉ sin van hulle identiteit begin ontwikkel en hulle ontwikkelende kapasiteite begin toepas in hulle omgewing. Volgens Piaget se teorie (in Engelbrecht & Green, 2001:79) word die tydperk verder gekenmerk deur konkrete operasionele denke wanneer die kind logies op grond van "universele wette" begin redeneer. Piaget (in Engelbrecht & Green, 2001:79) veronderstel dat die kind in hierdie tydperk na ekwilibrium streef sodat nuwe en ou kennis nie in konflik met mekaar staan nie. Vir die doel van hierdie studie word daar op die kind in hierdie lewensfase gefokus aangesien volwassenheid in die middelkinderjare nagestreef word en kontakmaking belangrik is om volwassenheid te bereik.

- Emosionele nood

Die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar, ervaar emosionele wanbalans, aangesien sy behoeftes nie effektief bevredig word nie (Perls in Schoeman & Van der Merwe, 1996:35). Volgens Blom (2004:18) maak dié kind nie effektiewe kontak met sy omgewing nie wat tot ongemak lei en effektiewe en gesonde behoeftebevrediging onmoontlik maak. Wanneer groei en ontwikkeling negatief beïnvloed word omdat die kind nie kontak maak om sy behoeftes te

bevredig nie, ervaar hy emosionele nood (Blom, 2004:211).

Vir die doeleindes van hierdie studie word daar op die ervaring van verlies as 'n vorm van emosionele nood gefokus. Die verlies dui op 'n betekenisvolle verhouding wat die kind verloor het en wat aanleiding gee tot emosionele nood. Busch en Kimble (2001:415) meld dat die kind wat verlies ervaar homself onttrek, wat kontakmaking en behoeftebevrediging negatief beïnvloed.

## 1.12 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsing word in vyf hoofstukke vervat. Hoofstuk Een het die oorsig en rasionaal van die studie gebied. Die motivering vir die studie, die probleem en metodologie is in Hoofstuk Een uiteengesit. In Hoofstuk Twee sal die Gestaltspelterapeutiese benadering en -proses as die teoretiese benadering waaruit die studie onderneem is, ondersoek en uiteengesit word.

'n Literatuurstudie oor die ontwikkelingsmylpale van die kind in die middelkinderjare en die kind wat emosionele nood weens verlies ervaar en gevolglik nie kontak maak nie, sal in Hoofstuk Drie gebied word. Musiek as medium sal ook in hierdie hoofstuk bespreek word. Hoofstuk Vier sal 'n beskrywing van die gevallestudies en navorsingsbevindinge bied waarna die temas wat hieruit vloei uitgelig gaan word. In Hoofstuk Vyf gaan 'n samevatting van die studie gebied word in die vorm van gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit die studie spruit.

## 1.13 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar 'n oorsig en rasionaal van die studie gebied. Die doelstelling en doelwitte van die studie is bespreek waarna die navorsingsbenadering en soort navorsing wat onderneem is bespreek is. Die navorsingstrategie en –metodologie is ook uiteengesit en sekere etiese aspekte met betrekking tot die studie is bespreek.

In Hoofstuk Twee sal daar op die Gestaltterapeutiese benadering en die Gestaltspelterapeutiese proses gefokus word. Daar sal spesifiek gekyk word na Gestaltspelterapie en die beginsels hierom wat 'n deel uitmaak van die terapeutiese werk met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar. Daarna gaan die terapeutiese proses, soos in Schoeman se model uiteengesit, bespreek word.

# 2 TEORETIESE UITGANGSPUNTE BINNE DIE GESTALTSPELTERAPEUTIESE BENADERING

## 2.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk beskryf die konteks waaruit die navorser die emosionele wêreld van die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar betree en verstaan. Die navorser onderneem die studie vanuit die Gestaltspelterapeutiese benadering en die teoretiese uitgangspunte en beginsels van die benadering sal in hierdie hoofstuk omskryf word.

Spelterapie bied aan die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar 'n geleentheid om sy emosies uit te druk. Blom (2004:5) meld dat die psigoterapeutiese tegniek onderskryf word deur Gestaltterapeutiese beginsels en tegnieke, soos verder in hierdie hoofstuk weergegee. Oaklander (in Blom 2004:5) noem dat hierdie teoretiese Gestaltbeginsels met mekaar verbind kan word en 'n direkte invloed het op terapeutiese werk met die kind wat emosionele nood ervaar.

Vanuit die Gestaltbenadering word daar geglo dat die individu die vaardigheid het om in kontak met ander te wees en om 'n kreatiewe en bevredigende lewe te lei (Joyce & Sills, 2001:7). Die behoefte aan kontak is noodsaaklik vir oorlewing en verandering, maar Oaklander (in Kaduson & Schaefer, 2000:29) noem dat die proses deur probleme of moeilikhede wat oor die kind se pad kom, versteur word. Die uiteinde hiervan is gevestigde prosesse wat die kind se teenswoordige lewe beïnvloed en hom gevolglik in emosionele nood dompel.

Gestaltterapie is 'n fenomenologiese en eksistensiële vorm van terapie wat die klem op die terapeutiese proses eerder as op die uitkoms van terapie plaas. Die individu se persepsie van die werklikheid soos hy dit sensories waarneem, identifiseer en evalueer is van belang. Dié ervaring dra by tot hoe hy sin maak van die wêreld en die Gestaltterapeut se rol word om die individu te help om hierdie ervarings in die terapeutiese proses te ontdek, eerder as om dit te interpreteer (Joyce & Sills,

2001:16). Deur hierdie ervarings te ontdek moedig die terapeut die individu aan om bewus te word van wat hy op 'n gegewe tydstip ervaar.

Die woord "Gestalt" verwys na 'n konteks in die geheel en dat die individu uit verskeie verbandhoudende dele bestaan. Elke deel moet binne die konteks van hierdie menslike geheel geïnterpreteer word. Net so bestaan die individu ook as deel van sy omgewing en kan hy nie as 'n geïsoleerde entiteit verstaan word nie. Die individu en sy omgewing staan dus in 'n wederkerige verhouding tot mekaar (Perls, 1973:16).

Volgens die Gestaltbenadering word die individu as 'n funksionerende, organismiese geheel beskou wat na potensialiteit, aktualisering en integrasie strewe. Dié beginsel verduidelik dat die geheel meer is as die som van die verskeie dele (Blom, 2004:3). Kognitiewe, emosionele, sosiale en liggaamlike of sensoriese ervarings van die individu funksioneer dus saam om 'n geheel of Gestalt te vorm. Hierdie ervarings is onskeibaar van taal, denke en gedrag en het 'n wederkerige invloed op mekaar (Blom, 2004:10).

Vanuit dié benadering word daar geglo dat die individu moeilikhede kan oorbrug en oor die potensiaal en vaardighede beskik om sy eie probleme op te los (Joyce & Sills, 2001:7). Corey (2001:195) verduidelik dat die individu voortdurend besig is om homself te herskep en te herontdek en hierin lê sy potensiaal om probleme te bowe te kom.

Vervolgens word die teoretiese uitgangspunte en die beginsels van die Gestaltbenadering beskryf, waarna die Gestaltspelterapeutiese proses volgens Schoeman se model bespreek gaan word.

## 2.2 TEORETIESE UITGANGSPUNTE BINNE DIE GESTALTBENADERING

In hierdie afdeling word die teoretiese uitgangspunte en beginsels van die Gestaltbenadering, wat betrekking het op die Gestaltspelterapeutiese proses wat op hierdie studie van toepassing is beskryf.

### 2.2.1 Holisme

Vanuit die Gestaltbenadering word die kind as 'n geheelwese beskou. Dit beteken dat hy uit verskeie dele bestaan wat saam as 'n geheel funksioneer. Schoeman (2004a:58) noem dat hierdie dele wat saam funksioneer die liggaam, ervarings, denke, waardes en emosies insluit. Verskeie skrywers (Gold, *et al.*, 2004:1054; Bunt & Hoskyns, 2002:11) meld dat musiek in terapie dit vir die kind wat emosionele nood ervaar moontlik maak om homself op die bogenoemde vlakke uit te druk.

Pavlicevic (in Sutton, 2002:112) verwys daarna dat alle dele van die kind in terapie geïntegreer moet word wat tot gevolg het dat hy in die geheel as 'n geheelwese in terapie bereik word. Deur musiek te maak en op die probleem te fokus kry die kind wat emosionele nood ervaar die geleentheid om gehoor te word en in die geheel geken te word. Dit waarmee die kind sukkel, dit waarvoor hy bang is asook die kreatiewe en speelse deel van die kind kan dan na vore kom, wat kontak bevorder. Bjørkvold (1987:111) noem dat om te sing 'n deel van die kontekstuele heel is, waartydens verskeie aspekte soos ritme en beweging 'n onskeibare metode van uitdrukking daarstel.

### 2.2.2 Veld

Die term "Gestalt" verwys na 'n samestelling wat uit dele bestaan wat nie van mekaar geskei kan word nie (Schoeman, 2004a:57). Perls (in Schoeman, 2004a:57) kyk na die individu as so 'n samestelling wat as 'n organisme in totaliteit in en saam met sy omgewing funksioneer. In die Gestaltbenadering kom die belangrikheid van die omgewing na vore en word daar veronderstel dat die individu en sy omgewing 'n wedersydse invloed op mekaar het en mekaar nodig het (Blom, 2004:9). Daar word na die veld verwys as die individu se omgewing en die sisteme om hom waarvan hy deel is.

Yontef (1993a:323) beskryf die veld as 'n benadering wat klem plaas op al die elemente wat gesamentlik die geheel vorm. Hierdie elemente funksioneer nie in isolasie nie en maak elkeen op sy eie 'n deel uit van die geheel. Die elemente staan in 'n wedersydse verhouding tot mekaar en die aanvaarding van hierdie elemente lei

tot integrasie. Die veld behels gevolglik al die sisteme waarvan die kind wat emosionele nood ervaar deel is en waarvan hy homself nie kan losmaak nie, byvoorbeeld sy gesin, die skool en vriende.

### 2.2.3 Bewustheid

Blom (2004:52) en Oaklander (in Yssel, 1999:86) beskou bewustheid as 'n belangrike doelwit in Gestaltspelterapie, aangesien dit fokus op wat die kind wat emosionele nood ervaar doen en hoekom hy dit doen. Dit sluit 'n bewustheid van die omgewing en van die self op kognitiewe, emosionele en sensoriese vlakke in. Verhoogde bewustheid op hierdie vlakke lei tot selfkennis, -aanvaarding en integrasie (Yontef:1993b).

Perls (in Blom, 2004:52) definieer bewustheid as "die kapasiteit om in voeling met jou eie bestaan te wees". Dit beteken dat die kind in kontak met sy omgewing en met homself is sodat hy kan weet wat hy op enige oomblik ervaar, dink en voel. Perls, Hefferline en Goodman (1951:75) verduidelik verder dat bewustheid 'n spontane gewaarwording is van wat gebeur.

In die Gestaltbenadering word die kind wat emosionele nood ervaar bygestaan om sy emosies, behoeftes en gedrag deur middel van bewustheid te herontdek. Die geleentheid tot uitdrukking wat musiek daarstel verhoog bewustheid van emosies, behoeftes, gedrag en ervarings in die hier-en-nou wat hierdie herontdekking moontlik maak. (Vergelyk Alvin & Kaser in Lefevre, 2004:338.) Wanneer die emosies, behoeftes en gedrag herontdek is, volgens Yssel (1999:85) en Sutton (2002:35), word dit vir die kind wat emosionele nood ervaar moontlik om die nodige aanpassings te maak ten einde sy behoeftes te identifiseer en te bevredig en dit het verandering tot gevolg.

Aangesien musiek aspekte van die persoonlikheid en sielkundige prosesse van die kind wat emosionele nood ervaar kan voorstel (Lefevre, 2004:336) word die kind deur middel van die benutting van musiek bewus van hierdie prosesse binne homself wat kontak aanmoedig. Deur aandag te gee aan die kind se bewustheid, in terme van hoe hy die lewe ervaar word sy insig en vermoëns ontwikkel (Yssel,

1999:86) wat hom moontlik in terapie help om sy probleme effektief te hanteer om dit op te los.

### 2.2.4 Homeostase en integrasie

Perls (in Schoeman & Van der Merwe, 1996:35) noem dat die individu na homeostase, of balans, strewe, wat versteur word wanneer sy behoeftes nie bevredig word nie. Die beginsel verduidelik dat die individu se belangrikste behoefte na die voorgrond sal tree om opgelos te word, maar die voorvereiste hiervoor is dat hy bewus van homself in sy huidige omgewing moet wees.

Nelson-Jones (2000:149) noem die proses waartydens balans herstel word en die kind wat emosionele nood ervaar se voorgrondbehoefte opgelos word die proses van selfregulering. Vir balans om plaas te vind is dit nodig dat die kind sy behoefte kan identifiseer en Schoeman en Van der Merwe (1996:35) noem dat die terapeut 'n rol speel om die kind se bewustheid hiervan te verhoog. Die kind moet weet hoe om homself en sy omgewing te manipuleer voordat hierdie behoefte bevredig kan word. Sodra die behoefte dan opgelos is sal die volgende behoefte na die voorgrond tree (Schoeman, 2004a:59).

Volgens Blom (2004:53) dui hierdie proses van behoeftes wat voltooi word op integrasie. Die Gestaltbenadering beklemtoon dat die kind 'n selfregulerende wese is wat hierdie integrasie op sy eie kan bereik, maar bewustheid is egter 'n voorvereiste vir integrasie en die voltooiing van die Gestalt.

Pavlicevic (in Sutton, 2002:112) stel voor dat die terapeut die kind wat emosionele nood ervaar geleentheid gee om iets te maak, byvoorbeeld klank wat die kind se aandag aangryp en sy verbeelding stimuleer. Dit help die kind om sy ervaring van sy lewe te herskep of te herformuleer, waartydens integrasie verkry kan word. Hy sal dit dan makliker vind om pynlike ervarings te hanteer en om dit te herformuleer as iets waaroor hy meer beheer het. 'n Voltooidheid of Gestaltvorming word dan bereik.

### 2.2.5 Hier-en-nou

Die klem vanuit die Gestaltbenadering word op die bewustheid van die kind wat emosionele nood ervaar se huidige ervaring geplaas. Blom (2004:58) meld dat die terapeut belangstel in die hede wat deur die kind op emosionele en kognitiewe vlakke ervaar word en hoe onopgeloste behoeftes die kind teenswoordig beïnvloed. Bewustheid in die hier-en-nou verseker dat die kind wat emosionele nood ervaar se belangrikste behoefte bevredig kan word aangesien hy tans van hierdie behoefte bewus is. Volgens die Gestaltbenadering sal die belangrikste behoefte altyd op die voorgrond manifesteer sodat dit hanteer kan word. Dit verseker dan dat die geheel voltooi kan word (Schoeman, 2004a:65).

Die kind ervaar in die hede en daarom is dit die enigste realiteit waarmee daar in terapie met hom gewerk kan word. (Vergelyk Congress in Yssel, 1999:85; Blom, 2004:58.) Die kind wat emosionele nood ervaar se bewustheid moet dan gekoppel word aan dit wat hy in sy onmiddellike omgewing ervaar. Yontef en Jacobs (in Blom, 2004:58) verduidelik dat die kind se direkte ervaring as primêre gereedskap in terapie gebruik word.

Volgens Sutton (2002:35) word musiek fisies ervaar, wat die bewustheid van die hier-en-nou kan verhoog. Bunt en Hoskyns (2002:29) noem dat daar baie ooreenkomste is tussen die eksterne elemente in die sessie, byvoorbeeld hoe vinnig of hard musiek gespeel word en die interne, simboliese aspekte. Dit ondersteun die konsep van die hier-en-nou wat impliseer dat die kind wat emosionele nood ervaar se huidige ervarings dit wat hy deur middel van musiek sal simboliseer gaan beïnvloed. Dit kan hom in kontak plaas met hierdie ervarings en huidige behoeftes sodat dit voltooi kan word.

Volgens Congress (in Yssel, 1999:86) lei die ontwikkeling van bewustheid van die kind se ervarings in die hede tot emosionele groei. Wanneer daar terapeuties gewerk word met 'n kind wat emosionele nood ervaar moet sy huidige ervarings en huidige behoeftes ontdek word sodat hy sin hieruit kan maak en sodat sy behoeftes opgelos kan word. Die gebruik van musiek kan die bewustheid van sy huidige ervarings verhoog.

### 2.2.6 Kontak

Bewustheid word bereik wanneer die kind wat emosionele nood ervaar in volle kontak met homself en sy omgewing is. Blom (2004:226) meld dat dit bewustheid van die omgewing, van ander in die omgewing, asook van die kind self behels. Oaklander (in Kaduson & Schaefer, 2000:29) noem dat kontak sintuie, die liggaam, emosies en denke insluit en dat kontakmaking 'n sekere ritme omvat wat deur kontakmaking en onttrekking gedefinieer word.

Perls (1973:25) noem dat die individu kontak nodig het om te oorleef. Die kind wat emosionele nood ervaar kan nie sonder sy omgewing oorleef nie aangesien hy as 'n funksie van die omgewing bestaan en deur die omgewing hulpbronne kan identifiseer om sy behoeftes te bevredig. Olivier (1998:87) steun hierdie siening en beklemtoon dat die kind wat emosionele nood ervaar se Gestalt beïnvloed word deur kontak wat hy met homself en sy omgewing ervaar.

Bewustheid en kontak help die kind wat emosionele nood ervaar om selfregulering toe te pas en dit lei tot verandering en groei. Waar kontak tussen twee entiteite plaasvind, is verandering en groei die gevolg. Deur middel van kontak kan die kind wat emosionele nood ervaar sy hulpbronne benut, sodat sy behoeftes bevredig kan word. Hy groei dus as gevolg van interaksie met die omgewing en met homself (Perls, 1973:18).

Oaklander (in Kaduson & Schaefer, 2000:29) verduidelik dat die kontakgrens die punt is waar die kind wat emosionele nood ervaar homself as *ek* in verhouding teenoor die omgewing ervaar en dus bewus is van wat hy is en wat hy nie is nie. Die gesonde proses by die kontakgrens bestaan uit kontakmaking en onttrekking. Oaklander (in Kaduson & Schaefer, 2000:29) noem dat die kind wat emosionele nood ervaar en byvoorbeeld bekommerd is, verlies ervaar, angstig, bang of kwaad is en gesonde uitdrukking inhibeer deur homself terug te trek en homself van kontak met die omgewing weerhou. Hy maak dus nie kontak nie en daar vind net onttrekking plaas. Gevolglik is daar nie 'n natuurlike proses van kontakmaking en onttrekking nie maar eerder net 'n gevestigde patroon van onttrekking.

Hierdie patroon word gesien as ŉ poging van die kind wat emosionele nood ervaar om homself te beskerm en om balans te bereik. Oaklander (in Kaduson & Schaefer, 2000:29) noem dat die kind wat op so ŉ manier kontak maak nie die innerlike ondersteuning, kognitiewe vaardighede of emosionele volwassenheid het om sy emosies uit te druk nie. Die gevolg van hierdie proses is ŉ afname in selfkennis en ŉ verswakking in kontakmakingsvaardighede. Soos hierbo reeds genoem kan musiek effektief gebruik word om die kind wat emosionele nood ervaar in kontak met sy emosies te bring en om sy selfkennis te verhoog deur middel van bewustheid. Bjørkvold (1987:125) noem dat om byvoorbeeld die kind tydens terapie te laat sing hom kan help om kontak te maak. Dié outeur noem dat kontak geskep word deur emosies oor te dra.

Kontak kan op meer as een vlak plaasvind. Daar kan onderskei word tussen sensoriese, emosionele, terapeutiese en omgewingskontak. Sensoriese kontak is die eerste vorm van kontak wat die kind met die omgewing maak (Oaklander, 1988:109). Hierdie vorm van kontak word dan versterk deur die stimuli wat die kind vanuit die omgewing kry. Omgewingskontak is ŉ noodsaaklike vorm van kontak aangesien die kind wat emosionele nood ervaar deur hierdie kontak sy behoeftes bevredig (Blom, 2004:9)

Die volgende vorm van kontak, naamlik kontak op emosionele vlak, ontstaan op grond van sensoriese kontak (Shaffer, 1996:2004). Die emosionele belewenisse is ŉ produk van die ervarings wat die kind wat emosionele nood ervaar met die omgewing deur middel van sy sintuie beleef. Terapeutiese kontak is nog ŉ vorm van kontak wat in hierdie konteks bespreek kan word, aangesien die terapeut ŉ deel uitmaak van die omgewing van die kind in terapie. In die volgende afdeling word hierdie vier vlakke van kontak bespreek.

- Sensoriese kontak

Oaklander (1988:109) meld dat sensoriese kontak die eerste vorm van kontak is wat ŉ kind met die wêreld het, aangesien die eksterne omgewing deur middel van sintuie ervaar word. Sensoriese ervarings is ŉ aspek van die totale kind wat bydra tot sy funksionering as ŉ organismiese geheel (Schoeman, 2004a:58).

Volgens Oaklander (in Kaduson & Schaefer, 2000:29) moet die belangrikheid van kontak op sensoriese vlak nie onderskat word nie, aangesien die gebruik van sintuie gesonde kontak op alle vlakke tot gevolg het. Die outeur beskou byvoorbeeld om te hoor as die beginpunt van kommunikasie en kommunikasie as een van die maniere om algemene kontak met die omgewing te versterk.

Shaffer (1996:2004) verduidelik dat sensoriese ervarings in die brein as persepsies gestoor word wat aan spesifieke emosies gekoppel is. Schoeman (2004b:188) beaam dit en noem dat sensoriese kontak emosies kan ontsluit. Musiek, as 'n metode van sensoriese kontakmaking, kan dus bestaande ervarings oproep. Dit verduidelik waarom musiek wat fisies ervaar word, in die liggaam as 'n emosie gevoel kan word (Sutton, 2002:35).

Musiek as kontakfunksie kan die kind wat emosionele nood ervaar help om kontak met homself of met sy omgewing te maak. Deur byvoorbeeld na musiek te luister of daarop te beweeg, kry die kind 'n geleentheid om meer bewus te word van homself deur die musiek te observeer of te ontdek. Oaklander (1988:109) meld dat ervarings wat die sintuie behels bewustheid versterk en die kind wat emosionele nood ervaar die geleentheid gee om homself uit te druk.

- Omgewingskontak

Yontef en Jacobs (in Blom, 2004:2) verduidelik dat, volgens die Gestaltbenadering, die mees betekenisvolle manier om enige lewende organisme te bestudeer, is om hom as deel van sy interaksies met sy omgewing te beskou. Perls (1973:16) noem dat die individu nie sonder die omgewing kan bestaan nie en dat die twee entiteite in 'n wedersydse verhouding tot mekaar staan. Die kind wat emosionele nood ervaar se funksionering word deur die interaksie tussen hom en sy omgewing bepaal.

Hierdie wedersydse interaksie het gevolglik 'n uitwerking op beide die kind en die omgewing. Wanneer kontak geïnhibeer word, soos in die geval van 'n kind wat emosionele nood ervaar, word die kontakgrens, dus die omgewing en die kind, beïnvloed (Oaklander in Kaduson & Schaefer, 2000:29). Gallant en Holosko (2001:115) is van mening dat musiek 'n waardevolle rol kan speel om die kind wat emosionele nood ervaar in kontak met sy emosies en met die omgewing te bring.

- Emosionele kontak

Emosionele bewustheid maak 'n deel uit van die geheel funksionering van die kind, daarom glo Oaklander (1988:112) dat dit belangrik is dat die kind wat emosionele nood ervaar begelei moet word in die proses van emosionele bewuswording. Sy is van mening dat die kind nie altyd bewus is van die emosies wat hy ervaar nie en dat hy hierdie emosionele ervarings inhibeer. Smyth (in Sutton, 2002:44) noem dat musiek 'n hulpmiddel kan wees waardeur 'n verskeidenheid emosies ontdek kan word.

Musiek verhoog die kind wat emosionele nood ervaar se frustrasietoleransie wat hom gevolglik veilig sal laat voel, sodat hy makliker in kontak met sy emosies sal kom. (Vergelyk Lefevre, 2004:333; Oaklander, 1988:115.) Musiek bied ook die geleentheid vir die uitdrukking van die emosie, wat 'n belangrike doel in terapie is, aangesien die kind hierdeur ook in kontak met die emosie kom. In die proses om van negatiewe emosies ontslae te raak, is dit belangrik dat hierdie emosies erken word. Verhoogde bewustheid van en kontak met die emosies kan die kind help om van negatiewe emosies ontslae te raak (Pavlicevic in Sutton, 2002:113).

Volgens Swallow (in Sutton, 2002:50) maak kinders emosionele assosiasies met musiek. Elke kind het unieke reaksies tot die musiek as gevolg van elke kind se unieke persepsies. Die musiek kan die kind wat emosionele nood ervaar help om sy emosies te verstaan en te rasionaliseer en gevolglik word groei en heelwording bereik.

- Terapeutiese kontak

Dit is duidelik dat kommunikasie aangemoedig en verbeter word deur kontak. Fine (in La Torre, 2003:129) beskou musiek as 'n medium waardeur die terapeutiese verhouding verryk kan word, aangesien dit die kind wat emosionele nood ervaar help om kontak met die terapeut te maak. Dit is in hierdie interaksie in die terapeutiese proses by die kontakgrens waar heling plaasvind en waar verhoudings groei wat die kind in staat stel om sy eie identiteit te vorm (Yontef, 1993a:53).

Verskeie skrywers (Frank-Schwebel in Sutton, 2002:193; Bunt & Hoskyns, 2002:10; Fine in La Torre, 2003:129) is van mening dat die benutting van musiek die basis kan vorm vir ondersteunende verandering wat in die terapeutiese verhouding plaasvind. Die bewustheid van 'n probleem, wat verandering tot gevolg het, word verhoog binne die konteks van 'n veilige terapeutiese verhouding. Hierdie verhouding is dikwels die enigste plek waar die kind wat emosionele nood ervaar aanvaarding kry om homself te wees en homself uit te druk.

Volgens Dixon (in Sutton, 2002:126) is die kreatiewe interaksie in terapie tussen die terapeut en kind wat emosionele nood ervaar die primêre agent vir verandering. Die musikale interaksie tussen die kind en die terapeut het verhoogde bewustheid tot gevolg en bring die kind in kontak met homself. Sutton (2002:35) meld dat hierdie kontak wat die kind ervaar dit vir hom moontlik maak om sy emosionele ervarings te assimileer en te prosesseer. Wanneer die terapeut en die kind saam die dele van die kind se ervarings ontdek vind groei plaas (Alvarez in Sutton, 2002:114). Hierdie ontdekking het tot gevolg dat die kind wat emosionele nood ervaar vertroud raak met sy eie heelwording en emosionele hulpbronne en dat hy in die proses bemagtig word.

Vanuit die bogenoemde blyk dit duidelik dat kontak 'n belangrike beginsel in die Gestaltterapeutiese proses is. Sensoriese kontak kan help om die kind wat emosionele nood ervaar in terapie veilig te laat voel en dit dien as 'n kragtige oorbrugging na sy emosionele ervarings. Interaksie met die omgewing en kontak op hierdie vlak is verder kardinaal vir oorlewing, aangesien die kind die omgewing nodig het om te oorleef. Emosionele kontak maak dit weer vir die kind moontlik om pynlike en negatiewe emosies uit te druk en om daarvan ontslae te raak. Laastens is die terapeutiese kontak ook van belang, aangesien dit hier is waar verandering begin plaasvind. Bewustheid, verandering en groei word dan deur middel van kontak bereik.

### 2.2.7 Kontakgrensversteurings

Indien die proses van balans nie plaasvind nie, sal die kind wat emosionele nood ervaar nie op 'n effektiewe manier funksioneer nie. Kontakgrensversteurings word

deur Perls (1973:19) gedefinieer as 'n wysiging van normale kontakgrensfunksies waartydens gesonde funksionering verhoed word. Volgens die outeur behels dit dat die individu nie op sy belangrike behoeftes kan fokus om dit te bevredig nie.

Wanneer die omgewing volgens die kind nie op 'n positiewe manier metodes daarstel waardeur 'n behoefte bevredig kan word nie, of wanneer die kind bedreig voel, vind onttrekking vanuit die omgewing plaas. Perls (1973:24) aanvaar dat emosie die dryfveer hiervoor is. Pynlike emosies wat deur die kind wat emosionele nood ervaar beleef word en wat die kind bedreig laat voel versteur die balans wat tot onttrekking lei.

Perls (1973:33-40) identifiseer die volgende as voorbeelde van kontakgrensversteurings:

- Samevloeiing

Die versteuring kom voor wanneer die individu en die omgewing nie van mekaar onderskei kan word nie. Dit behels dat die individu byvoorbeeld nie sy ervarings van 'n ander kan onderskei nie.

- Introjeksie

Tydens introjeksie word eienskappe vanuit die omgewing geïnternaliseer, sonder dat die individu dit evalueer. Hy neem dus nie sy eie voor- of afkeure in ag nie.

- Projeksie

Hierdie kontakgrensversteuring behels dat dit wat eintlik deel is van 'n individu, deel gemaak word van die omgewing. Hy sal gevolglik dit wat hy ervaar deel maak van iets buite hom, byvoorbeeld sy omgewing of iemand in die omgewing, asof hy dit nie ervaar nie. Dit het tot gevolg dat die omgewing hiervoor verantwoordelik gehou word.

- Retrofleksie

Tydens retrofleksie behandel die individu homself soos hy eintlik ander in die omgewing wil behandel. Hy neem dus eienskappe in die omgewing op homself en hou homself daarvoor verantwoordelik.

- Defleksie

Hierdie kontakgrensversteuring behels dat die individu homself isoleer en wegdraai van kontak met sy omgewing. Clarkson (1989:51) noem dat normale kontak dan onderbreek word. Dit behels dat die grens ontoereikend en onbuigsaam is wat verbintenis met iets of iemand anders onmoontlik maak (Yontef, 1993a:9).

Vanuit die bogenoemde kom dit na vore dat kontakgrensversteurings normale funksionering belemmer. Dit kan ook as ŉ verdedigingsmeganisme benut word wat dit onmoontlik maak vir die kind wat emosionele nood ervaar om sy behoeftes effektief deur middel van die omgewing te bevredig.

### 2.2.8 Lae van neurose

Aangesien die identiteit van die individu gevorm word in die wedersydse verhouding met die omgewing is verandering van die individu se kant vir oorlewing nodig (Perls, 1973:25). Dit behels dat hy moet aanpas op grond van die eise en die veranderinge in die omgewing om sy behoeftes te bevredig.

Perls (1973:26) verduidelik dat ŉ neurose ontstaan wanneer hierdie verandering vir die individu onmoontlik is. Die individu wat ŉ neurose ervaar kan nie sy behoeftes bevredig nie en ervaar gevolglik konflik. Volgens die outeur onstaan hierdie konflik aangesien die individu die natuurlike behoefte aan kontak het maar ook ŉ persoonlike behoefte aan onttrekking. Die individu se neurose dien dan die doel van verdediging ten einde homself te beskerm.

Traumatiese neurose waarna Perls ook verwys (1973:31) dui op rigiede gedragspatrone wat die individu benut om na ŉ noemenswaardige botsing met die

omgewing homself te beskerm. So 'n botsing laat hom twyfel oor waar die onderskeid tussen hom en die omgewing is. 'n Voorbeeld hiervan kan verlies wees, wat die kind wat emosionele nood ervaar as so pynlik ervaar dat hy die gevolge daarvan ontken of onderdruk. Dit kan uitloop op 'n kontakgrensversteuring, soos bo bespreek.

### 2.2.9 Eksperimentering

Die Gestaltbenadering beskou eksperimentering as 'n metode waardeur die kind wat emosionele nood ervaar verskeie maniere van bestaan of verskillende gedrag kan beproef. Die doel is om die effek hiervan op ander in die omgewing en op die self te ervaar. 'n Produk van eksperimentering is verhoogde bewustheid en versterkte kontak met die self en die omgewing. Zinker (1977:123) definieer 'n eksperiment as dit wat uit ervaring groei en wat verandering tot gevolg het. Eksperimentering stel ook die geleentheid daar vir die kind wat emosionele nood ervaar om nuwe strategieë te beproef (Olivier, 1998:172).

Met eksperimentering kry die kind wat emosionele nood ervaar 'n geleentheid in terapie om enigiets en alles te wees wat hy wil wees. Zinker (1977:106) en Oaklander (1988:114) meld dat die verhoogde bewustheid en kontak wat eksperimentering tot gevolg het selfuitdrukking moontlik maak. Musiek as medium kan 'n goeie geleentheid vir eksperimentering daarstel wat groei, verhoogde bewustheid en versterkte kontak tot gevolg het. Dit is deur eksperimentering dat die kind wat emosionele nood ervaar beheer oor sy wêreld bekom en bemagtig word (Pavlicevic in Sutton, 2002:112). 'n Voorbeeld kan wees dat die kind in die terapeutiese sessie begelei word om 'n emosie voor te stel deur 'n musiekinstrument te gebruik en om dan op hierdie instrument met klanke te eksperimenteer.

### 2.2.10 Verantwoordelikheid en keuses

Om verantwoordelikheid te aanvaar en om beheer uit te oefen word bereik op grond van bewustheid. Yontef (1993b) veronderstel dat bewustheid die individu laat besef dat hy oor sy keuses, gedrag en emosies beheer het. Bewustheid bring dus 'n

verskeidenheid van keuses en uitgebreide selfkennis mee. Dit maak die individu bewus daarvan dat net hy die verantwoordelikheid oor sy denke, emosies en aksies kan neem.

Blom (2004:52) veronderstel dat bewustheid die kind wat emosionele nood ervaar se kontak met sy eie behoeftes en emosies verhoog, wat hom leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir wie hy is en vir wat hy doen. Perls (in Schoeman, 2004a:58) sien die sleutel van suksesvolle aanpassing as die ontwikkeling van persoonlike verantwoordelikheid en Thompson en Rudolph (1996:141) ondersteun dit deur te meld dat die kind verantwoordelikheid vir sy eie lewe en sy reaksie tot die omgewing moet aanvaar alvorens suksesvolle aanpassing bereik kan word. Hierdie neem van verantwoordelikheid lei dan tot innerlike verandering (Corey, 2001:35). Deur verantwoordelikheid te aanvaar en persoonlike integrasie na te streef word selfondersteuning aangemoedig wat tot groei en volwassenheid lei.

Deur die kind wat emosionele nood ervaar in terapie bewus te maak van sy behoeftes en emosies byvoorbeeld deur middel van die benutting van musiek as medium kry hy die geleentheid om sy behoeftes en emosies te verwerk, te assimileer en te integreer. Dit bring verandering en groei mee wat hom 'n sin van beheer gee. Dit impliseer ook dat die kind keuses het waarvoor hy verantwoordelikheid moet neem.

### 2.2.11 Ondersteuning

Thompson en Rudolph (in Blom, 2004:50) identifiseer selfondersteuning as 'n verdere doelwit in Gestaltterapie. Die doelwit behels dat die kind wat emosionele nood ervaar begelei moet word om verantwoordelikheid vir homself te neem en om weg te beweeg van omgewingsondersteuning ten einde op homself aangewese te wees vir ondersteuning (Blom, 2004:51). Selfondersteuning het gesonde funksionering tot gevolg.

Deur middel van selfondersteuning en selfregulering begelei die terapeut die kind wat emosionele nood ervaar om probleme te identifiseer en op te los wat hom uiteindelik help om homself te ondersteun. Blom (2004:51) verduidelik dat

selfondersteuning die kind help om verantwoordelikheid vir homself te neem, om verantwoordelikheid vir die keuses wat hy maak te neem en om hom te help om sy behoeftes te hanteer. Navorsing in Olivier (1998:175) toon dat musiek vertroosting kan bring in 'n tydperk wat die kind nodig het om van ander te onttrek en om kontak te verbreek in 'n poging om energie te herwin. Dit kan ook as 'n vorm van selfondersteuning dien.

Volgens Yontef (in Blom, 2004: 51) bestaan selfondersteuning uit selfkennis en selfaanvaarding. In terapie moet daar na selfkennis en selfaanvaarding gestreef word en musiek, as 'n vorm van kommunikasie, bied aan die terapeut geleenthede om aanvaarding teenoor die kind te kommunikeer wat die kind veilig sal laat voel en selfondersteuning sal uitbrei. Deur byvoorbeeld met musiek te eksperimenteer word die kind se selfkennis verhoog aangesien eksperimentering verhoogde bewustheid tot gevolg het. Die uitbreiding van selfkennis en selfaanvaarding is 'n waardevolle komponent in terapie met die kind wat emosionele nood ervaar omdat dit aan hom die geleentheid bied om deur sy ervarings te werk.

### 2.2.12 Fragmentering

Bewustheid help dat die Gestaltvorming voltooi kan word sodat verskillende aspekte van 'n kind wat emosionele nood ervaar se lewe geïntegreer kan word. Dit het tot gevolg dat die Gestaltsamestelling voltooi word wat net kan gebeur as integrasie plaasvind. As die kind se funksionering geïntegreerd is, kan sy behoeftes makliker bevredig word (Blom, 2004:53).

Schoeman (2004a:58) noem dat, volgens die Gestaltbenadering, die kind wat emosionele nood ervaar daartoe in staat is om selfregulerend op te tree en om integrasie te bereik. Hy moet egter net aan een behoefte op 'n slag aandag gee anders kan fragmentering ontstaan. Fragmentering behels dat die kind wat emosionele nood ervaar sy aandag en konsentrasie tussen die verskeie aspekte van sy lewe verdeel. Die gevolg hiervan is dat daar nie op een behoefte op 'n slag gefokus kan word om dit op te los nie. Perls (in Thompson, 2003:72) beklemtoon dat indien die individu fragmenteer dit behels dat hy dan kontak met homself verloor.

Die Gestaltbenadering het verskeie teoretiese uitgangspunte en beginsels. Vanuit die bogenoemde kom dit duidelik na vore dat die Gestaltbenadering na die mens in die geheel kyk en fokus op kontak en bewustheid wat groei tot gevolg het. Dit kom ook na vore dat die omgewing en die individu in 'n wedersydse verhouding tot mekaar staan wat mekaar grootliks beïnvloed.

In die volgende afdeling gaan die Gestaltspelterapeutiese proses volgens Schoeman se model bespreek word. In hierdie proses word die bogenoemde beginsels vanuit die Gestaltbenadering gebruik binne 'n unieke model wat die kind wat emosionele nood ervaar 'n geleentheid gee om homself uit te druk.

## 2.3 DIE GESTALTSPELTERAPEUTIESE PROSES

Gestaltspelterapie word deur Gouws (in Blom, 2004:5) beskou as 'n psigoterapeutiese tegniek wat gebruik word om die kind wat emosionele nood ervaar die geleentheid te gee om homself uit te druk. Dit verwys na 'n spesifieke vorm van terapie waartydens speel as medium gebruik word om die emosionele wêreld van die kind op 'n nie-bedreigende manier te betree. Oaklander (1988:160) beskryf spelterapie as volg:

> Playing is how the child tries out his world and learns about his world, and it is therefore essential to his healthy development. Play is the child's form of self therapy, through which confusions, anxieties, and conflicts are often worked through.

Blom (2004:137) noem dat daar verskeie spelterapeutiese tegnieke is wat die kind wat emosionele nood ervaar kan help om sy eie emosies uit te druk. Dit word ook gebruik om hom te help om hanteringsstrategieë aan te leer en keuses te maak. Die tegnieke gee die kind 'n gevoel van beheer en laat hom ook verantwoordelikheid aanvaar wat aanpassing na gelang van die eise wat sy omgewing en omstandighede stel moontlik maak.

Deur gebruik te maak van Gestaltspelterapie word die kind wat emosionele nood ervaar op 'n unieke manier bygestaan om sekere emosies te identifiseer en te ervaar

(Blom, 2004:138). Beginsels van die Gestaltbenadering word tydens spelterapie met die kind gevolg om hom bewus te maak van sy totale, direkte ervarings, wat gevolglik kontak versterk.

Die volgende model van Schoeman (2004b:118) is gebaseer op die Gestaltbenadering en word as ŉ breë raamwerk daargestel om Gestaltspelterapie te vergemaklik. Hierdie model verwys na konsepte wat met die Gestaltbenadering verbind kan word en wat in terapie gebruik kan word (Schoeman, 2004b:118). Vervolgens word die model aan die hand van nege stappe omskryf.

- Die verhouding

Die verhouding word beskou as die belangrikste aspek van terapie. Die verhouding help die kind wat emosionele nood ervaar om kontak met die terapeut te maak en meer van homself te deel. (Vergelyk Schoeman & Van der Merwe, 1996:22; Thompson & Rudolph, 1996:33.) Die vertrouensverhouding vergemaklik kommunikasie en maak dit vir die kind moontlik om met die terapeut te identifiseer. Hierdeur word kontak en bewustheid verhoog.

Schoeman (2004b:120) verduidelik dat die heelwordingsproses nie plaasvind op grond van die terapeut se interpretasies van die simptome nie, maar eerder op grond van die verhouding wat in die terapeutiese proses gebou word. Dié verhouding maak dit vir die kind wat emosionele nood ervaar moontlik om terapeutiese groei na te streef.

- Sensoriese modaliteite

Sensoriese modaliteite word gesien as ŉ deel van bewustheid en as ŉ belangrike element in die ontsluiting van emosies en die versterking van kontak (Schoeman, 2004b:118). Schoeman en Van der Merwe (1996:41) meld dat sensoriese modaliteite inligting van die omgewing inwin, kontak met die omgewing daarstel en bewustheid verhoog. Dit is ook deur middel van sintuie dat die kind wat emosionele nood ervaar sy behoeftes kan bevredig om balans te bereik sodat die geheel voltooi kan word (Perls, 1973:5).

- Die proses van die kind

Blom (in Schoeman, 2004b:155) definieer die proses van die kind as *wat* hy doen en *hoe* hy dit doen. Dit is belangrik dat die terapeut hierdie aspek van die kind wat emosionele nood ervaar in terapie leer ken aangesien dit vir die terapeut wys hoe die kind kontak met sy omgewing maak en wat die kind se moontlike behoeftes kan wees. Elke kind is uniek en kennis van die kind se proses sal die terapeut help om hom op 'n unieke manier in terapie te bereik.

- Projeksie

Alles wat 'n kind maak word deur Oaklander (in Blom, 2004:144) as 'n projeksie beskou, omdat dit iets binne hom voorstel. Polser (in Schoeman, 2004b:163) sluit hierby aan en is van mening dat 'n projeksie die vorm van 'n beskermingsmeganisme kan aanneem om 'n veilige omgewing te skep waarbinne die kind wat emosionele nood ervaar van emosies ontslae kan raak.

'n Projeksie word vir die kind wat emosionele nood ervaar 'n meganisme om dit wat hy nie kan hanteer nie weg te dryf ten einde balans te ervaar (Perls, 1973:35). 'n Aspek wat 'n deel van die projeksie uitmaak is om die verantwoordelikheid vir dit wat geprojekteer is te aanvaar. Deur dit te doen, herken die kind wat emosionele nood ervaar sy emosies en Schoeman (2004b:119) noem dat hy dan ontslae kan raak van die negatiewe effek van die emosies.

- Alternatiewe

In hierdie stap word daar in die terapeutiese proses aan oplossings of alternatiewe vir die probleem wat geïdentifiseer is gewerk. Hierdeur ontwikkel die kind wat emosionele nood ervaar insig wat behels dat hy tot 'n mate beheer oor die oplossing van die probleem kan hê. Hierdeur neem hy gevolglik verantwoordelikheid vir die oplossing van die probleem. Die kind moet in hierdie proses begelei word om sy eie alternatiewe te genereer wat net moontlik is as hy 'n sterk sin het van wie hy is.

- Klarifikasie

Klarifikasie behels dat die inhoud van die sessie opgesom word (Schoeman, 2004b:176). Dit is 'n belangrike aspek aangesien klarifikasie 'n gevoel van veiligheid vir die kind wat emosionele nood ervaar skep. Hierdeur word bewustheid en ondersteuning ook aangemoedig.

- Bemagtiging

Bemagtiging is nodig om die kind wat emosionele nood ervaar te help om nuwe idees wat hy in terapie ontdek het uit te voer. Schoeman (2004b:119) noem dat dit 'n proses is waartydens die kind wat emosionele nood ervaar se innerlike krag versterk word. As die kind verantwoordelikheid vir homself en sy keuses aanvaar impliseer dit dat hy beheer ervaar. Hierdie beheer is bemagtigend en dra ook by tot versterking van sy sin van self wat die kontak wat hy met homself maak sal verhoog.

- Evaluering

Evaluering, volgens Schoeman (2004b:178), help die kind wat emosionele nood ervaar om te sien wat hy in die sessie bemeester het. Die outeur noem dat die evaluering motivering en bewustheid verhoog. Deur te evalueer word die kind bewus van beskikbare ondersteuning wat hy kan benut om sy behoeftes te bevredig.

- Selfvertroeteling

Tydens selfvertroeteling gee die terapeut die kind wat emosionele nood ervaar die geleentheid en toestemming om iets vertroetelend vir homself te doen. Tydens vertroeteling word die kind se sin van self versterk aangesien hy besef dat hy waardevol is en ook dinge vir homself mag doen waarvan hy hou. Dit het balans tot gevolg.

Die Gestaltspelterapeutiese proses stel die terapeut daartoe in staat om al die aspekte van die kind wat emosionele nood ervaar se lewe uit te lig en om sodoende kontak te versterk, wat integrasie aanmoedig. Deur die verskillende aspekte na vore te bring en bewustheid daarvan te verhoog kry die kind die geleentheid om sin te

maak van sy ervarings en om betekenis daaraan te heg aangesien integrasie hierdeur aangemoedig word (Yontef:1993b).

Die bogenoemde terapeutiese proses soos dit deur Schoeman se model uiteengesit is fokus op ŉ unieke manier om die emosionele wêreld van die kind wat emosionele nood ervaar te betree. In hierdie proses word die Gestaltbeginsels wat in die eerste gedeelte van die hoofstuk bespreek is benut om die kind op ŉ nie-bedreigende manier terapeuties te begelei.

## 2.4 SAMEVATTING

Deur middel van die teoretiese uitgangspunte en beginsels van die Gestaltbenadering word daar na die kind wat emosionele nood ervaar se holistiese funksionering gekyk en word die kind begelei om as ŉ holistiese en geïntegreerde organisme te funksioneer. Indien die kind die geleentheid kry om sy ervarings te verwerk sal hoop, genesing en groei uiteindelik beleef kan word.

In die Gestaltspelterapeutiese proses word die kind wat emosionele nood ervaar ŉ geleentheid gegun om sy ervarings en emosies te noem en te identifiseer wat gevolglik kontak versterk en die geleentheid vir ontlonting bied. In die terapeutiese proses kry die kind ŉ kans om sy emosies te projekteer en dan die nodige aanpassings te maak. Die kind kan in hierdie proses strategieë aanleer om dit wat met hom gebeur het te hanteer en te integreer om sodeoende beheer te ervaar oor ŉ situasie waarin hy nie beheer gehad het nie.

In die volgende hoofstuk gaan daar spesifiek gefokus word op die ontwikkelingsmylpale van die kind in die middelkinderjare. Daar gaan gefokus word op die kind wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar en nie kontak maak nie en homself gevolglik isoleer en onttrek. Die benutting van musiek as medium in die terapeutiese proses sal ook bespreek word.

# 3 DIE ONTWIKKELINGSMYLPALE VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE, DIE KIND WAT EMOSIONELE NOOD ERVAAR EN MUSIEK AS MEDIUM BINNE DIE GESTALTSPELTERAPEUTIESE PROSES

## 3.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die Gestaltspelterapeutiese benadering waaruit die studie onderneem is bespreek. In hierdie hoofstuk gaan die ontwikkelingsmylpale van die kind in die middelkinderjare, asook die kind wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar bespreek word. Laastens gaan musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses ook uitgelig word.

Vanuit beskikbare literatuur kom dit na vore dat kinders wat 'n vorm van verlies ervaar spesifiek kontak met hulle omgewing verbreek en afgesonderd en onbetrokke voorkom (Vergelyk Busch & Kimble, 2001:415; Cohen & Mannarino, 2004:820; Goldman, 2004:174.) Die fokus van hierdie studie is op kontakmaking binne die Gestaltspelterapeutiese proses en die benutting van musiek as medium, ten einde die kind wat weens emosionele nood homself isoleer en kontak inhibeer terapeuties by te staan. Die kinders wat in hierdie studie betrek is, is kinders in die middelkinderjare wat aan verlies as 'n vorm van emosionele nood blootgestel is, en gevolglik nie kontak met hulleself en die omgewing maak nie.

Vervolgens word die ontwikkelingsmypale van die kind in die middelkinderjare bespreek ten einde begrip te ontwikkel vir die dinamika van die ontwikkelingsfase.

## 3.2 ONTWIKKELINGSMYLPALE VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

Tydens die middelkinderjare begin die kind se vaardighede op alle vlakke uitbrei. Kognitiewe, emosionele, morele en sosiale ontwikkeling en uitbreiding vind plaas en

dit is in hierdie tydperk wat die kind na volwassenheid begin streef (Louw, *et al.*, 1998:326). Hierdie tydperk word aan groei en ontwikkeling gekoppel, wat nodig is vir die kind om suksesvol in sy omgewing aan te pas. Aangesien hierdie studie op die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar fokus, is dit nodig om die dinamika van dié ontwikkelingsfase te verstaan. Dit sal bydra tot 'n beter begrip van die kind in die middelkinderjare wat ingeskakel is vir terapie. Vervolgens word die ontwikkelingsmylpale van die kind in die middelkinderjare bespreek.

### 3.2.1 Die kind in die middelkinderjare

Die middelkinderjare word deur Louw, *et al.* (1998:326) gedefinieer as die tydperk tussen die sesde en twaalfde lewensjaar. Hierdie tydperk word deur die outeurs gesien as 'n belangrike tydperk in die kind se kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsepontwikkeling.

Gedurende die middelkinderjare brei die kind se vermoëns al hoe meer uit en vergroot sy sosiale omgewing, wat hom in staat stel om 'n beter begrip van sy wêreld te vorm (Louw, *et al.*, 1998:326). Dit is hierdie leefswêreld wat aan hom in hierdie fase leer en groei geleenthede bied waardeur sy ervarings uitgebrei word. Hierdie ervarings berei hom voor op aanpassings en uitdagings. Ten einde hierdie aanpassings en uitdagings suksesvol te kan hanteer, is effektiewe ontwikkeling egter nodig.

Die kind is 'n geheelwese wat uit fisiese, emosionele en geestelike aspekte bestaan wat ook op sy taal, denke en gedrag dui (Blom, 2004:10). Hierdie aspekte funksioneer saam as 'n organismiese geheel en kan verbind word met verskillende vlakke van ontwikkeling, naamlik kognitief, emosioneel, moreel en sosiaal. Die verskillende vlakke van ontwikkeling is aan mekaar gekoppel en word deur mekaar beïnvloed. Engelbrecht en Green (2001:88) noem byvoorbeeld dat denke emosies en verhoudings beïnvloed en emosies weer denke kan beïnvloed. Vervolgens word die kognitiewe, emosionele, morele en sosiale ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare bespreek om by te dra tot 'n begrip vir die wisselwerking tussen die verskillende vlakke van ontwikkeling wat die kind as 'n geheelwese beïnvloed.

### 3.2.2 Kognitiewe ontwikkeling in die middelkinderjare

Piaget (in Louw, *et al.*, 1998:331) verwys na die middelkinderjare as die konkreet operasionele periode omdat die kind se kognitiewe vaardighede tydens hierdie lewensfase geweldig uitbrei. Gedurende hierdie periode ontwikkel die kind 'n uitgebreide vermoë om te redeneer, om meer kennis in te samel, om beter te onthou, om te klassifiseer en om verskeie aspekte van 'n saak te oorweeg.

Vanweë die kind se kognitiewe vermoë wat in hierdie lewensfase ontwikkel, brei sy selfkonsep ook uit. Louw, *et al.* (1998:348) noem dat sekere ervarings grootliks hiertoe bydra en die outeurs onderskei tussen die idee van die *ware* self en die *ideale* self. Dié kennis wat die kind in hierdie periode van homself ontwikkel word gebaseer op sy behoeftes, prestasies en op dit wat ander van hom verwag. Die idee wat die kind rondom sy eie identiteit vorm is belangrik vir toekomstige vriendskappe wat hy gaan smee (Engelbrecht & Green, 2001:87).

### 3.2.3 Emosionele ontwikkeling in die middelkinderjare

Turner en Helms (in Louw, *et al.*, 1998:349) meld dat die kind in die middelkinderjare begin om emosionele volwassenheid na te streef en om meer onafhanklikheid te toon. Hieruit vloei meer buigbaarheid en differensiasie in terme van emosies wat met emosionele beheer gepaard gaan. In hierdie tydperk leer die kind nie net om tussen verskillende emosies te onderskei nie maar ook om ander se emosies te ervaar. Dit maak hom bewus van hoe om sy emosies volgens die verwagtinge van die samelewing te beheer.

Die kind in die middelkinderjare begin 'n gevoel en begrip vir ander persone en hulle emosies ontwikkel (Louw, *et al.*, 1998:349). Die kind besef dat persone om hom sekere emosies ervaar en dat hulle ook weet dat hy sekere emosies ervaar. Hierdeur kan die kind leer dat emosies oorsake en gevolge het wat hom sodoende meer beheer oor sy eie emosies kan gee. Saarni (1999:121) meld dat die kind in die middelkinderjare leer om ander se emosionele response te verstaan wat om die beurt weer sosiale interaksie en ontwikkeling sal ondersteun.

Engelbrecht en Green (2001:86) noem dat die ontwikkeling van begrip deur sommige teoretici as vorme van intelligensie gesien word. Dié outeurs beklemtoon dat dit vir die kind noodsaaklik is om ŉ begrip van emosies en van ander persone in die algemeen te hê aangesien dit gevolglik ŉ invloed op die ander vlakke van ontwikkeling het.

Differensiasie stel die kind in die middelkinderjare nie net in staat om tussen ŉ verskeidenheid van emosies te onderskei nie maar dit stel hom ook in staat om hierdie emosies uit te druk (Louw, *et al.*, 1998:349). Een van die emosies wat vir die kind in die middelkinderjare ŉ groter realiteit word soos kognitiewe ontwikkeling meer uitgebreid plaasvind, is die emosie van vrees. Hierdie emosionele ervaring hou verband met die tyd waarin die kind leef en die invloed van relevante gebeure op hom, byvoorbeeld die effek van vigs, oorloë en geweldsmisdade (Louw, *et al.*, 1998:352). Die oorsake van vrees en die ervaring daarvan is verskillend by elke kind. Net so word verskillende emosies verskillend by elke kind ervaar en dit het verskillende gevolge op elke kind se vlakke van ontwikkeling.

Berk (2000:403) noem dat die kind in die middelkinderjare tipies hartseer as ŉ emosionele reaksie op pyn en die verlies aan iets ervaar. Oaklander (in Kaduson & Schaefer, 2000:29) meld dat probleme en pynlike emosies dikwels daartoe lei dat die kind homself inhibeer en dus nie kontak maak nie, wat gesonde uitdrukking op emosionele vlak amper onmoontlik maak. Perls (1973:18-24) meld ook dat pynlike emosionele ervarings, soos byvoorbeeld intense hartseer of ŉ gevoel van bedreiging balans kan versteur wat gesonde funksionering kan verhoed. Dit het tot gevolg dat emosionele volwassenheid vertraag word en dat emosionele ontwikkeling dan nie na wense plaasvind nie.

### 3.2.4 Morele ontwikkeling in die middelkinderjare

Die term "morele ontwikkeling" verwys na die uitgebreide vermoë om gedrag binne ŉ samelewing as reg of verkeerd te kan beoordeel (Louw, *et al.*, 1998:376). Saam met hierdie ontwikkeling brei die kind in die middelkinderjare se vermoë uit om sy gedrag volgens hierdie oordeel aan te pas. Dit is vir die kind belangrik om sy gedrag effektief volgens hierdie standaarde te rig om binne sy kultuur en samelewing

aanvaar te word.

Daar word deur Louw, *et al.* (1998:377) twee teorieë uitgelig, naamlik die sosiale leerteorie en die kognitiewe ontwikkelingsperspektief om die ontstaan van morele ontwikkeling van die kind te verduidelik. Die sosiale leerteoretiese benadering verwys na modellering wat die idee van reg en verkeerd aan die kind oordra. Hierdie teorie meld dat morele ontwikkeling, sowel as gedrag, deur middel van modellering aangeleer word. Die kind leer byvoorbeeld in sy omgewing dat hy homself vanweë pynlike ervarings moet onttrek aangesien ander om hom dit doen.

Hierteenoor beskryf die kognitiewe ontwikkelingsperspektief dat morele ontwikkeling eerder op die *begrip* van 'n situasie gebaseer is. Kognitiewe ontwikkeling speel dus hier 'n rol en die kind kan op grond van sy denke besluit watter gedrag, soos byvoorbeeld om kontak te verbreek en om te onttrek, vir hom aanvaarbaar en toepaslik is.

Piaget (in Louw, *et al.*, 1998:379) noem dat die kind in die middelkinderjare omvattende respek vir reëls ontwikkel. Hierdie reëls dien as rigtingwysers vir die kind se gedrag en leer die kind dat gedrag oorsake en gevolge het. Die kind leer dat straf die gevolg vir oortreding van die reëls is en hy beskou dit in 'n ernstige lig. Dit word gevolg deur morele buigsaamheid en 'n afname in egosentrisme waartydens die kind glo dat alles rondom hom oor hom gaan. Hy toon dan op grond van ontwikkeling uitgebreide vermoë om ander se perspektiewe ook in ag te neem.

### 3.2.5 Sosiale ontwikkeling in die middelkinderjare

Gedurende die middelkinderjare word die kind aan meer sosiale ervarings deur middel van sy kontak met die skool, sy gesin en sy portuurgroep blootgestel. As gevolg van hierdie blootstelling kry hy die geleentheid om op sosiale vlak sy sosiale vaardighede verder te ontwikkel.

Erikson se teorie van ontwikkeling (in Louw, *et al.*, 1998:53) identifiseer agt ontwikkelingstadia wat elkeen deur 'n krisis gekenmerk word. Hierdie krisisse ontstaan as gevolg van die interaksie wat die individu met sy omgewing het. Die

omgewing moet egter vir die individu 'n geleentheid bied om die krisis te hanteer. Effektiewe hantering van die krisis het groei tot gevolg.

Volgens Erikson se teorie (in Louw, *et al.*, 1998:53) word die middelkinderjare gekenmerk deur die krisis van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid. Die omgewing moet in hierdie stadium aan die kind geleentheid bied om sukses te ervaar sodat hy gevoelens van bekwaamheid kan ontwikkel. Dit dra daartoe by dat die kind 'n geleentheid kry om sekere take te bemeester wat hy in die toekoms sal moet onderneem (Louw, *et al.*, 1998:55). Engelbrecht en Green (2001:86) is van mening dat bevoegdheid, identiteitsvorming en persoonlike beheer om die beurt sal bydra tot emosionele volwassenheid wat weer sal bydra tot sosiale volwassenheid.

Om die kind te ken en te verstaan is dit nodig om die dinamika van die ontwikkelingsfase in terme van die ontwikkelingsmylpale in gedagte te hou. Die kind bestaan as 'n geheel en al die vlakke van ontwikkeling dra by tot wie hy as 'n geheelwese is. Die bogenoemde vlakke beïnvloed mekaar en ontwikkeling op al hierdie vlakke is noodsaaklik vir effektiewe funksionering in die omgewing.

Sekere situasies, probleme en konflik wat oor die kind se pad kom kan normale ontwikkeling negatief beïnvloed. In die volgende afdeling word daar 'n beskrywing gegee van die kind wat emosionele nood ervaar. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar spesifiek gefokus op die kind wat verlies as 'n vorm van emosionele nood ervaar.

## 3.3 DIE KIND WAT EMOSIONELE NOOD ERVAAR

Thompson en Rudolph (2000:6) is van mening dat die wêreld konstant verander en dat dit van die kind vereis om sekere aanpassings te maak. Die outeurs noem dat ontwikkeling self ook veranderinge insluit en dat baie kinders dit moeilik vind om soms aanpassings op grond van die veranderinge te maak. Hierdie veranderinge kan vir die kind stresvol wees wat begeleiding hierdeur nodig maak.

Blom (2004:211) noem dat die kind aan verskeie situasies blootgestel kan word wat gesonde groei en ontwikkeling negatief kan beïnvloed. Dit kan hom gevolglik in

emosionele nood dompel. Die kind wat emosionele nood ervaar word gesien as iemand wat vanweë omstandighede wat pynlike emosies inhou nie effektief kontak met homself en sy omgewing maak nie (Oaklander in Kaduson & Schaefer, 2000:29). Perls (in Schoeman & Van der Merwe, 1996:35) meld dat dit tot gevolg het dat die kind se emosionele behoeftes nie bevredig word nie wat daarop dui dat hy nie balans ervaar nie en dat die Gestalt nie voltooi kan word nie.

Schoeman en Van der Merwe (1996:3) is van mening dat die kind wat emosionele nood ervaar, wat gevolglik sy groei en ontwikkeling negatief beïnvloed, bygestaan moet word om konstruktief deur die gepaardgaande emosionele ervarings te werk. Dit sal tot gevolg hê dat hy oortollige energie het wat hy vir verdere groei en ontwikkeling kan benut. Thompson en Rudolph (2000:6) lig die volgende uit as voorbeelde van situasies waar verandering in die kind se lewe kan plaasvind en wat kan bydra tot emosionele nood:

- By die huis
- By die skool
- Die dood as 'n vorm van verlies
- Egskeiding
- Siekte

Veranderinge binne die bogenoemde areas van die kind se lewe gaan gepaard met sekere emosies (Berk, 2000:398). Die emosies wat gevolglik ervaar word berei die kind voor om deur middel van aksie daarop te reageer**.** Saarni, Mumme en Campos (in Berk, 2000:398) meld dat dit dié aksie is wat deur emosies voorgebring word wat die kind se verhouding met sy omgewing bou, dit in stand hou of verander. Die voorvereistes hiervoor is egter dat die emosie ervaar moet word maar Oaklander (in Kaduson & Schaefer, 2000:30) meld dat as die kind wat emosionele nood ervaar nie innerlike ondersteuning of die nodige volwassenheid het om sy emosies uit te druk nie, hy dié emosies blokkeer en dit juis nie ervaar nie.

Die gevolg hiervan is 'n afname in die effektiewe funksionering van die kind se vaardighede om met die omgewing en met homself kontak te maak wat daarop dui dat sy behoeftes in hierdie verband herhaaldelik onbevredig gelaat word en dat sy balans versteur word (Perls in Schoeman & Van der Merwe, 1996:35). In 'n poging

om balans na te streef kan die kind sekere onvanpaste gedrag en simptome toon, soos onttrekking en die blokkering van emosies, om homself te beskerm en om kontakmaking te vermy (Oaklander in Kaduson & Schaefer, 2000:30). Hierdie gedrag of simptome kan getoon word deur die kind wat verlies as 'n vorm van emosionele nood ervaar.

Indien aanpassing in die omgewing vir die kind moeilik en stresvol is weens emosionele nood soos verlies, gaan die kind homself onttrek en sal sy behoeftes nie bevredig kan word nie. Emosionele kontak, wat die voorvereiste vir bewustheid is, word dan nie gemaak nie en dit maak dit vir die kind onmoontlik om op hierdie vlak tot volwassenheid te ontwikkel en te groei. (Vergelyk Congress in Yssel, 1999:86.) Blom (2004:209-213) meld dat verlies soos byvoorbeeld die dood en traumatiese blootstelling deur die kind as uiters stresvol beleef word en dat hy nie altyd hierdie emosies wat met die trauma of verlies gepaard gaan verstaan nie. Kontak met hierdie ervaring word geïnhibeer wat Gestaltvorming en die strewe na balans onmoontlik maak.

Oaklander (1988:112) meld dat die kind wat emosionele nood ervaar nie altyd emosionele bewustheid en kontak ervaar nie wat dit vir hom moeilik maak om sy ervarings te verwerk. Berk (2000:399) meld dat emosies 'n impak op die individu se fisiese gesondheid en sy sosiale ontwikkeling en -funksionering het. Daar word ook gemeld dat emosies 'n belangrike rol tydens die ontwikkeling van selfbewustheid speel. Volgens die outeur maak selfbewustheid die deur oop vir verdere emosionele ervarings wat emosionele ontwikkeling kan versterk. Hierdie ervarings dra gevolglik by tot emosionele volwassenheid. Dit is nodig dat die kind wat emosionele nood ervaar beheer oor sy emosies neem om suksesvol in sy omgewing aan te pas. Dit word aangemoedig deur die uitdrukking van hierdie emosies.

Berk (2000:406) meld hoe belangrik emosionele regulering tydens die middelkinderjare is en die outeur beklemtoon dat veral negatiewe emosionele ervarings, soos verlies, effektief bestuur moet word. As die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar nie die geleentheid hiervoor kry nie kan sy selfwaarde negatief beïnvloed word. As emosionele selfregulering nie ontwikkel nie kan die kind voel dat hy nie beheer oor hierdie emosies het nie en kan dit emosionele ontwikkeling, wat juis noodsaaklik is in hierdie lewensfase, negatief

beïnvloed. Volgende word verlies as 'n vorm van emosionele nood wat die kind in die middelkinderjare kan ervaar bespreek.

### 3.3.1 Verlies as 'n vorm van emosionele nood

Volgens Lewis (in Roos, Du Toit & Du Toit, 2002:140) gaan verlies gepaard met emosionele pyn en lei dit tot vermyding, asook tot gevoelens van afgesonderdheid en onbetrokkenheid. (Vergelyk Busch & Kimble, 2001:415; Cohen & Mannarino, 2004:820; Goldman, 2004:174.) Die simptome van die proses van verlies word deur Gibbons, Martinson en Campos (in Busch & Kimble, 2001:416) toegeskryf aan, onder andere, 'n verlies aan kontak met die wêreld.

Die kind wat verlies ervaar het die diep emosionele band wat hy met iets of iemand gehad het verloor (Reber & Reber, 2001:307). Die ervaring van verlies kan 'n verskeidenheid van emosies tot gevolg hê en dit kan die kind se daaglikse funksionering en normale kontakmaking negatief beïnvloed. Volgens Goldman (2004:171) loop hierdie ervaring van verlies uit op 'n proses wat uiteindelik bydra tot balans.

In hierdie proses is dit belangrik dat die kind die geleentheid kry om homself en sy ervaring rondom die verlies uit te druk. Sahler (in Busch & Kimble, 2001:416) meld dat die geleentheid vir die uitdrukking hiervan die kind kan help om die nodige aanpassings na gelang van die verlies te maak. Dit is moontlik dat verskeie kreatiewe mediums benut kan word hiervoor. Volgens Gallant en Holosko (2001:115) kan musiek as medium hierdie uitdrukking aanmoedig en gevolglik die kind wat emosionele nood as gevolg van verlies ervaar se kontak versterk.

Dit is belangrik dat die kind wat emosionele nood ervaar kontak maak in terme van sy ervarings van die verlies, sodat integrasie bereik word. Die emosionele en sosiale ervarings van die kind in die middelkinderjare wat verlies ervaar word in die volgende afdeling bespreek.

### 3.3.2 Die kind in die middelkinderjare se emosionele en sosiale ervarings van verlies

Goldman (2004:171) noem dat verlies emosionele balans en stabiliteit versteur. Die outeur noem verder dat elke kind sekere hanteringsmeganismes aanleer om met die realiteit van die verlies saam te leef. Hierdie meganismes word gebruik om stabiliteit te herstel en balans na te streef. Sommige van hierdie meganismes kan egter negatiewe gevolge hê maar daar moet in gedagte gehou word dat die kind nodig het om die spesifieke hanteringsmeganisme te benut. Hierdeur kan Gestaltvorming plaasvind, wat balans tot gevolg het. Gesonde kontakmaking kan deur middel van eksperimentering met verskeie hanteringsmeganismes aangemoedig word, aangesien eksperimentering selfuitdrukking moontlik maak (Zinker, 1977:106). Vervolgens word die emosionele en sosiale ervarings van die kind wat verlies as ŉ vorm van emosionele nood ervaar bespreek.

- Emosionele ervarings

Die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar vind dit moeilik om sy emosies te identifiseer, aangesien hy nie kontak met hierdie emosies maak nie. Dit kan dit vir hom moeilik maak om die emosies te verwerk aangesien hy nie eers van die emosies bewus is nie. (Vergelyk Olivier, 1998:67; Oaklander, 1988:112; Schoeman & Van der Merwe, 1996:52.) Volgens Webb (2002:13) openbaar die kind wat verlies ervaar beperkte vermoëns om sy emosies uit te druk. Die kind in die middelkinderjare strewe na emosionele volwassenheid en moet in hierdie lewensfase begelei word om homself op hierdie vlak uit te druk. Die kind openbaar ook nie die vermoë om pyn te verduur nie en sal dus eerder emosies vermy wat pyn behels, soos in die geval van verlies.

Sekere skrywers (Blom, 2004:209; Busch & Kimble, 2001:415; Cohen & Mannarino, 2004:820; Goldman, 2004:174) noem dat verlies dikwels gepaard gaan met gevoelens van isolasie, verlatenheid en ŉ vrees vir verwerping. Die kind in die middelkinderjare wat ŉ verlies ervaar kan ook skuldgevoelens, angs, vrees, aggressie, wanhoop en hopeloosheid of depressie beleef wat sy gedrag en kontakfunksies beïnvloed. (Vergelyk Olivier, 1998:80; Kübler-Ross in Roos, *et al.*,

2002:143-145.)

Verdere emosies wat deur die kind in die middelkinderjare met emosionele nood in die proses van verlies ervaar kan word is neerslagtigheid, hulpeloosheid, pyn, hartseer en verligting (Olivier, 1998:76). Vos (In Hoffmann, 2005:43) sluit hierby aan en beklemtoon dat hartseer juis as 'n emosie in die proses van verlies deur die kind in die middelkinderjare ervaar word. Olivier (1998:85) is van mening dat die kind in die middelkinderjare ook 'n verlies aan beheer kan ervaar wat hom onveilig en onseker laat voel. Volgens Sahler (in Busch & Kimble, 2001:416) sal emosionele uitdrukking op hierdie vlak die kind wat emosionele nood ervaar help om verdere uitdagings beter te hanteer. Olivier (1998:80) beklemtoon dat indien die kind aan hierdie ervarings uiting kan gee en dus hiermee kontak maak, dit vir hom koesterend kan wees.

- Sosiale ervarings

Aangesien die individu in 'n wederkerige verhouding met die omgewing staan, kan hy nie sonder sy omgewing bestaan nie (Perls, 1973:16). Die kind wat verlies ervaar sonder homself egter van sy omgewing af en weerhou homself van kontak met sy omgewing. Deur homself te onttrek en aspekte in sy omgewing te vermy, help dit hom tydelik om die pynlike realiteit van die verlies op die agtergrond te skuif. (Vergelyk Cohen & Mannarino, 2004:820; Goldman, 2004:174.)

Gibbons, Martinson en Campos (in Busch & Kimble, 2001:416) beklemtoon dat verdere simptome van die proses van verlies toegeskryf word aan, onder andere, 'n verlies aan kontak met die wêreld. Olivier (1998:77) meld dat 'n gevolg van verlies is dat die kind met wantroue teenoor verhoudings gelaat word en dit kan sy vermoë om effektief in die sosiale wêreld te funksioneer negatief beïnvloed. Dit is duidelik dat die kind in hierdie proses gehelp moet word om weer kontak met sy omgewing te maak, aangesien die omgewing 'n kardinale rol in sy lewe speel.

Aangesien kontak belangrik is en vermyding en onbetrokkenheid as simptome in die proses van verlies ervaar word, is die navorser van mening dat dit in hierdie proses nodig is om die kind te help om weer betrokke te raak by aspekte van sy lewe. Dit behels dat die kind op alle vlakke tot verhoogde kontakmaking begelei moet word.

Goldman (2004:175) beklemtoon dat dit belangrik is om die kind wat emosionele nood ervaar te help om weer kontak te maak ten einde integrasie in terme van die verlies aan te moedig.

Olivier (1998:63) noem dat bemagtiging tydens die ervaring van die verlies noodsaaklik is. Om die kind se ervaring van 'n spesifieke verlies te bepaal moet die kind die geleentheid gegun word om dit deur middel van 'n projeksie uit te beeld. Deur byvoorbeeld musiek te gebruik kan die kind gehelp word om dit wat hy ervaar uit te beeld en kry hy dan ook die geleentheid om van die negatiewe emosies wat daarmee gepaard gaan ontslae te raak (Schoeman, 2004b:119). Dit kan die kind se innerlike krag versterk wat as bemagtiging beskou word.

Vanuit bogenoemde blyk dit dat die kind in die middelkinderjare wat verlies as 'n vorm van emosionele nood ervaar nie effektiewe kontak met homself en sy omgewing maak nie. Hy maak dus nie van sy omgewing gebruik om sy behoeftes te bevredig nie wat balans versteur. Volgende word musiek as medium wat met die kind wat emosionele nood ervaar benut kan word binne die Gestaltspelterapeutiese proses beskryf.

## 3.4 MUSIEK AS MEDIUM BINNE DIE GESTALTSPEL-TERAPEUTIESE PROSES

Vir die meeste individue word musiek as 'n emosie ervaar en uitgedruk. Swallow (in Sutton, 2002:45) glo dat die geleentheid wat musiek bied om 'n emosie te ervaar en uit te druk helend is. Hierdie geleentheid tot uitdrukking kan bewustheid verhoog, balans tot gevolg hê en eksperimentering aanmoedig. Musiek word meestal positief deur individue ervaar en Baum (in Bunt & Hoskyns, 2002:15) is van mening dat dit op verskeie maniere in die terapeutiese milieu gebruik kan word om sekere doelwitte te bereik. Musiek word al vir eeue gebruik om fisiese en geestelike probleme te behandel (Feder & Feder, 1981:3).

Musiek is 'n vorm van kommunikasie en Jolly (in Bunt & Hoskyns, 2002:15) maak die stelling dat musiek die medium is waardeur die kind wat emosionele nood ervaar dít aan die terapeut kan kommunikeer wat op enige ander manier vir hom onmoontlik

sou wees. Volgens Gold, *et al.* (2004:1054) moedig musiek verdere kommunikasie aan wat die terapeut kan help om die kind se ervarings in die hier-en-nou te ontdek en op hierdie vlak verder met die kind te werk, wat kontak sal versterk.

Bjørkvold (1987:110) veronderstel dat kinders die behoefte het om musiek te gebruik om hulle ervarings uit te druk. Dit bied op 'n nie-direktiewe manier 'n geleentheid vir die kind wat emosionele nood ervaar om meer van homself te deel en 'n geleentheid vir die terapeut om die kind te leer ken en te verstaan (Lefevre, 2004:342). Deur die kind wat musiek maak te observeer kan die terapeut 'n goeie idee van die kind se ontwikkelingsvlak, sy spel en sy potensiaal bekom. Dit kan vir die terapeut meer inligting oor die kind se veld gee en dit kan terapeutiese kontak versterk.

Fine (in La Torre, 2003:129) meld spesifiek dat musiek die kind wat emosionele nood ervaar kan help om kontak met die terapeut te maak. Dit is 'n medium waardeur die terapeutiese verhouding verryk kan word en dit is in hierdie interaksie in die terapeutiese proses waar heling plaasvind. (Vergelyk Frank-Schwebel in Sutton, 2002:193; Dixon in Sutton, 2002:126.) Hierdie terapeutiese kontak kan ook bewustheid in terme van selfkennis verhoog.

Die bekendheid van musiek in terapie help om 'n gevoel van veiligheid te skep. Bannister (in Lefevre, 2004:333) noem dat sekere aktiwiteite wat gebruik word om vertroue in terapie met die kind wat emosionele nood ervaar daar te stel, soos die benutting van musiek, vir die kind 'n ervaring van veiligheid gee waarin hy ook gehelp kan word om homself beter te verstaan wat sy kontakmakingsvaardighede sal versterk.

Oaklander (1988:115) beskryf musiek as 'n nie-bedreigende medium wat vrylik bekombaar is en daarom maklik in terapie gebruik kan word. Die outeur noem verder dat musiek deelname stimuleer, die kind se aandag behou en dat dit sy frustrasietoleransie verhoog. Indien die kind verhoogde frustrasietoleransie ervaar vergemaklik dit kontak met homself, sy omgewing en sy emosies aangesien sy bewustheid in die hier-en-nou verhoog word.

La Torre (2003:130) meld dat musiek binne die terapeutiese milieu spontaneïteit aanmoedig en dat dit die individu die toestemming gee om dit wat binne hom is,

byvoorbeeld sy ervarings en emosies, uit te druk wat emosionele bewustheid en kontak aanmoedig. Musiek kan gebruik word om die kind wat emosionele nood ervaar in kontak met sy emosies en die omgewing te bring aangesien 'n verskeidenheid emosies deur middel van die musiek ontdek en uitgedruk kan word. (Vergelyk Gallant & Holosko, 2001:115.)

Lang en Mcinerney (in Sutton, 2002:172) is van mening dat dit vir sommige kinders in terapie moeilik is om hul ervarings verbaal te ontdek. Hierdie kinders is baie keer nie eers bewus van hierdie ervarings nie, wat kontak beïnvloed. Sommige kinders het nie die woordeskat om dít uit te druk wat makliker deur 'n nie-verbale medium, soos musiek, uitgedruk kan word nie. Musiek maak dit makliker om pynlike emosies te ontdek en weer te ervaar. Dit bied ook ondersteuning vir die kind en sy emosies wat tot erkenning en aanvaarding lei. Dit sal selfondersteuning aanmoedig.

### 3.4.1 Musiek in die spelterapeutiese proses

Vanuit die bogenoemde is dit duidelik dat musiek tydens terapie aan die kind wat emosionele nood ervaar die geleentheid vir kommunikasie en uitdrukking bied. Die kind kan dus deur die benutting van musiek nie net sy emosies ervaar nie maar dit ook uitdruk om daarvan ontslae te raak. Deur hierdie medium kry die terapeut ook geleentheid om die kind wat emosionele nood ervaar te leer ken en om die kind se wêreld op 'n nie-bedreigende manier te betree.

Musiek kan die terapeutiese verhouding in die spelterapeutiese proses versterk (Fine in La Torre, 2003:129). Op sensoriese vlak kan musiek bewustheid verhoog, wat kontak kan versterk (Schoeman & Van der Merwe, 1996:41). Die benutting van musiek kan die terapeut help om die proses van die kind te leer ken (Lefevre, 2004:342) en kan ook as 'n projeksiemedium gebruik word waardeur uitdrukking aangemoedig word (Bjørkvold, 1987:110)

Dit kom verder in die literatuur na vore dat musiek benut kan word vir eksperimentering, waartydens die kind wat emosionele nood ervaar die geleentheid kry om nuwe strategieë uit te probeer (Olivier, 1998:172), en die navorser is van mening dat dit bewustheid van alternatiewe kan meebring. Die kind kry deur die

benutting van musiek geleentheid om sy ervarings te herformuleer, en volgens Pavlicevic (in Sutton, 2002:112) kom dit na vore dat hy hierdeur ook tot klarifikasie gelei kan word. Deur homself met behulp van musiek uit te druk kan die kind bemagtig word aangesien hy hierdeur beheer kan ervaar (Pavlicevic in Sutton, 2002:112). Dit blyk uit die bogenoemde dat musiek terapeuties benut kan word maar daar is ŉ gebrek aan literatuur in die Gestaltbenadering wat uitbrei op hierdie gevolgtrekking en die benutting van musiek as medium binne hierdie benadering. Dit is hierdie leemte wat die navorser poog om deur hierdie studie aan te spreek.

## 3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ontwikkelingsmylpale van die kind in die middelkinderjare bespreek. Daar is spesifiek gefokus op die kognitiewe, emosionele, morele en sosiale ontwikkeling van die kind tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar.

Daar is verder op die kind wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar gefokus aangesien dit die kind se kontakmaking op ŉ unieke manier beïnvloed. Die emosionele en sosiale ervarings van die kind wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar is uitgelig waaruit dit na vore gekom het dat hierdie kind spesifieke behoeftes het en effektiewe begeleiding deur hierdie proses nodig het.

Die benutting van musiek as medium maak dit vir die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar moontlik om sy bedoelinge en gedagtes te kommunikeer, veral vir die kind vir wie kommunikasie pynlik is en wat probleme ervaar om homself uit te druk. Die kind wat emosionele nood ervaar vind dit veral moeilik om homself uit te druk aangesien dit vir hom veiliger is om eerder te onttrek en nie sy pynlike emosies in die gesig te staar nie. Om musiek te maak gee aan dié kind die geleentheid om deur die verlies as ŉ vorm van emosionele nood te werk.

In Hoofstuk Vier word die gevallestudies en navorsingsbevindinge weergegee as deel van die empiriese studie wat op terapie gefokus het en wat onderneem is met drie kinders wat emosionele nood ervaar. Daar word gepoog om die benuttingswaarde van musiek as medium tydens terapie met hierdie kinders uit te lig.

# 4 GEVALLESTUDIES EN NAVORSINGSBEVINDINGS

## 4.1 INLEIDING

In die voorafgaande literatuurstudies is daar op die teoretiese uitgangspunte en beginsels van die Gestaltterapeutiese benadering en die Gestaltspelterapeutiese proses gefokus. Die ontwikkelingsmylpale van die kind in die middelkinderjare is bespreek, asook die kind in die middelkinderjare se ervaring van verlies as 'n vorm van emosionele nood, ten einde 'n volledige beeld te kry van die kind in hierdie fase wat nie kontak maak nie en vir terapie verwys is. Hierna is musiek as medium en hoe dit in terapie benut kan word, bespreek.

Die navorsingsproses wat gevolg is word eerstens in hierdie hoofstuk uiteengesit, waarna die gevallestudies en navorsingsbevindinge bespreek word. Met die weergawe van die gevallestudies word die agtergrondinligting van die kinders wat in hierdie studie betrek is uiteengesit, waarna die doelwitte en die verloop van elke sessie waartydens die data ingesamel is beskryf word. Hierna word 'n evaluasie van elke gevallestudie gebied in terme van die benuttingswaarde van musiek binne die Gestaltspelterapeutiese proses. Laastens word temas geïdentifiseer wat vanuit die gevallestudies na vore kom en dui op die benuttingswaarde van musiek as medium tydens kontakmaking in die Gestalspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar.

## 4.2 DIE NAVORSINGSPROSES

Die navorser het in die navorsingsproses daarop gefokus om die benuttingswaarde van musiek as medium tydens kontakmaking met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar te verken en te beskryf. In hierdie hoofstuk gaan die data wat tydens die spel- terapeutiese proses as data-insamelingsmetode verkry is, beskryf en geëvalueer word. Vervolgens word die aspekte met betrekking tot die navorsingsproses wat gevolg is kortliks bespreek.

### 4.2.1 Probleemformulering

Dit kom in die literatuur na vore dat die kind wat emosionele nood ervaar weens pynlike ervarings homself van die omgewing onttrek, wat gesonde kontakmaking en funksionering negatief beïnvloed. Hierdie kind toon nie 'n bewustheid van homself in sy omgewing nie en kan ook nie die omgewing effektief benut om sy behoeftes te bevredig nie wat tot gevolg het dat balans nie bereik word nie. Gesonde kontakmaking met die omgewing word as onontbeerlik vir oorlewing gesien en kan in die terapeutiese omgewing aangespreek word. Hierdie studie fokus op kinders in die middelkinderjare wat weens emosionele nood in die vorm verlies nie kontak maak nie en gevolglik hulleself van hulle omgewing isoleer en die benutting van musiek as 'n medium om hierdie vlak van kontakmaking te versterk.

Daar is leemtes geïdentifiseer in terme van inligting rondom die verkenning en beskrywing van musiek as 'n kreatiewe medium waardeur die kind tydens Gestaltterapie gehelp kan word om kontak met sy ervarings te maak. Vanweë die beperkte literatuur rondom die gebruik van musiek as medium het die navorser gepoog om die benuttingswaarde van musiek deur middel van Gestaltspelterapie met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar te verken en te beskryf.

Die navorser het met drie kinders in die middelkinderjare gewerk wat verlies as 'n vorm van emosionele nood ervaar en gevolglik nie effektiewe kontak met hulleself en die omgewing maak nie. Die Gestaltbeginsels wat in Hoofstuk Twee bespreek is, is in die Gestaltspelterapeutiese proses tydens terapie aangespreek, ten einde kontakmaking te versterk. Die kind in die middelkinderjare moet in hierdie tydperk aanpas na gelang van die eise wat sy omgewing aan hom stel, en moet op grond van kontak met sy omgewing ontwikkel en groei. Hierdie ontwikkeling stel hom in staat om uitdagings suksesvol te hanteer.

### 4.2.2 Die navorsingsbenadering en -strategie

Die kwalitatiewe benadering waaruit hierdie studie onderneem is, is verkennend en beskrywend van aard met die doel om ondersoek in te stel rondom die

benuttingswaarde van musiek as medium tydens Gestaltspelterapie met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar en om betekenisse wat hieraan geheg word te beskryf. Die navorsing is aan die hand van 'n instrumentele gevallestudie onderneem waardeur 'n beter begrip van 'n sosiale aspek verkry is. Hierdie soort navorsing en strategie laat toe vir die uitbreiding van bestaande kennis rondom 'n sosiale aspek, naamlik die benuttingswaarde van musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat weens emosionele nood nie kontak maak nie.

### 4.2.3 Data-insameling

Vir die doel van die studie het die navorser die Gestaltspelterapeutiese proses aan die hand van Schoeman se model uitgevoer om die data in te samel. Vir die doel van die studie word daar na die terapie sessies wat uitgevoer is verwys as semi-gestruktureerde onderhoude. Die navorser het vir tussen sewe en agt sessies met elke kind gewerk om die data in te samel. Hierdie insamelingsproses is ondersteun deur die literatuurstudies oor die Gestaltbenadering, die kind in die middelkinderjare en die kind wat emosionele nood ervaar, wat onderskeidelik in Hoofstuk Twee en Drie vervat is. Hierdie literatuurhoofstukke dien as 'n onderbou vir die insameling van die data wat in hierdie hoofstuk weergegee word.

Ten einde kinders as respondente vir hierdie studie te identifiseer, is daar van 'n nie-waarskynlikheid- doelgerigte steekproeftrekking gebruik gemaak. Die kriteria hiervoor, soos in Hoofstuk Een uiteengesit het die universum beperk en daar is met drie kinders vanuit die populasie gewerk. Die onderhoude is by 'n laerskool in 'n voorstad van Pretoria gevoer nadat die navorser by die skoolhoof toestemming hiervoor gekry het. Sekere kinders is deur die onderwysers en beraders geïdentifiseer en onderhoude is met die ouers of voogde en die kinders gevoer, waartydens hulle geskrewe toestemming verkry is en waartydens die proses en die etiese aspekte volledig aan hulle verduidelik is. Die navorser het van veldnotas en video-opnames gebruik gemaak om die proses aan te vul, waarvoor daar ook geskrewe toestemming verkry is.

Die navorser het die navorsingsproses aan die kinders verduidelik en aan hulle die keuse gegee of hulle aan die proses wil deelneem of nie. Hulle is ook bewus gemaak daarvan dat hulle enige tyd kan onttrek en dat verdere, voortgesette terapie deur die navorser vir hulle daargestel sal word na afloop van die navorsingsproses. Alhoewel die navorsingsvraag in gedagte gehou is het die navorser steeds op die belange van die kinders gefokus. Die navorser het in die proses uitsluitlik gefokus op die verkenning en beskrywing van musiek as medium tydens Gestaltspelterapie met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar ten einde kontak te versterk. Voortgesette terapie deur die navorser is daargestel om die kinders deur enige verdere voortspruitende onvoltooidhede te begelei.

Die navorser het musiek in die sessies met die kinders benut om hulle te begelei om met hulleself op sensoriese vlak, met die omgewing, met die navorser en met hulle emosies kontak te maak en om dit dan uit te beeld sodat hulle bewustheid daarvan verhoog kon word. Die navorser het van verskeie musiekinstrumente gebruik gemaak, sowel as van cd's en kassette. Die navorser het die verskeidenheid van opsies rondom die musiek gebruik om aan die kinders keuses en beheer te gee rondom wat hulle in die sessie wil benut. Die musiek is benut om by die kinders se voorgrondbehoeftes en ervaring van hulle hier-en-nou te bly, asook om die kinders te help om hulleself uit te druk.

### 4.2.4 Data-analise

Die proses wat die navorser gevolg het om die data te analiseer was om tydens die verloop van die Gestaltspelterapeutiese proses die data op te neem met 'n videokamera, waarna daar veldnotas gemaak is wat bygedra het tot die analise van elke sessie. Vervolgens is die sessies getranskribeer en is dit in die vorm van verslae op die rekenaar gestoor in 'n poging om die inligting te organiseer. In dié hoofstuk word die inhoud van elke sessie bespreek, waarna elke sessie kortliks geëvalueer word. Die navorser het aantekeninge gemaak van die individuele sessies en kon hierdeur herhalende temas identifiseer wat aan die einde van hierdie hoofstuk weergegee word. Hierdie temas is ook in verband gebring met die literatuur van Hoofstuk Twee en Drie.

## 4.3 RESPONDENTE

Die navorser het drie Afrikaanssprekende kinders van albei geslagte in die middelkinderjare lewensfase as respondente vir die navorsing gebruik. Al drie die respondente is in 'n laerskool en ervaar emosionele nood wat hulle kontakmaking negatief beïnvloed. Die navorser het van skuilname gebruik gemaak om die respondente te beskerm. Marie, Gevallestudie 1, is 'n tienjarige meisie wat emosionele nood ervaar as gevolg van 'n verlies aan haar ouers en haar omgewing. Christa, Gevallestudie 2, is 12 jaar oud en het sewe maande gelede haar ouma aan die dood afgestaan. Intussen het sy van woonplek verskuif en is sy in 'n plek van veiligheid geplaas aangesien haar ouers nie finansieel in staat is om haar of haar sussies te versorg nie. Laastens het die navorser met Pieter gewerk, Gevallestudie 3, wie nege jaar oud is. Pieter se ouers is geskei en hy ervaar emosionele nood weens 'n verlies aan sy pa as vaderfiguur. Sy pa is in die proses van 'n geslagsverandering en bestee al hoe minder tyd saam met hom vanweë 'n nuwe verhouding waarin hy staan. Die eerste twee respondente is uit hulle ouers se sorg verwyder en die navorser het hulle wettige voogde in die proses betrek, van wie daar ook toestemming vir die navorsingsproses verkry is.

## 4.4 EMPIRIESE GEGEWENS

Die empiriese bevindinge word vervolgens weergegee. Die doelwitte van elke sessie asook die inhoud van elke sessie van elke kind word in die volgende afdeling volledig weergegee. Daarna word elke sessie kortliks geëvalueer en word daar 'n evaluasie in terme van die terapeutiese intervensie met elke kind gebied. Agtergrondinligting met betrekking tot elke kind word voor die bespreking van die verskillende sessies weergegee.

## 4.5 GEVALLESTUDIE 1

### 4.5.1 Agtergrondinligting

Marie is ŉ tienjarige meisie wat tans in graad vyf is. Sy is weggeneem van haar ouers weens finansiële redes en fisiese geweld. Dit dra by tot ŉ gevoel van verwerping wat sy ervaar. Gedurende hierdie tydperk moes sy van skole verander aangesien sy uit haar omgewing weggeneem is om in veilige sorg in ŉ ander voorstad van Pretoria te bly. Sy ervaar dus emosionele nood weens ŉ verlies aan haar gesin, ouers, jonger boetie, bekendheid van die omgewing waaruit sy weggeneem is en haar skool en vriende met wie sy geen kontak meer het nie. Marie word by die skool ervaar as iemand wat geen verantwoordelikheid vir haarself en haar keuses aanvaar nie. Sy sukkel om reëls te aanvaar en pas moeilik in die nuwe skool aan. Sy maak gevolglik nie altyd goeie kontak met ander om haar nie. Sy sukkel ook om by die gesin waar sy geplaas is aan te pas en verhoudings met hulle te bou.

### 4.5.2 Sessie 1

- Doelwitte van die sessie

Om ŉ vertrouensverhouding met Marie te bou en om musiek as medium aan haar voor te stel.

- Verloop van die sessie

Die sessie begin deurdat die navorser aan Marie die grense en verwagtinge van die terapeutiese sessies verduidelik. Hierna stel die navorser musiek aan Marie voor en praat hulle oor musiek waarvan Marie hou. Die navorser vra vir Marie of sy aan enige liedjies kan dink wat die navorser vir haar op die klavier kan speel. Marie kan nie dadelik aan iets dink nie maar met aanmoediging stel sy *Our God is an Awesome God* voor wat die navorser toe vir haar op die klavier speel. Marie sing dadelik en spontaan saam. Die volgende liedjie waaraan Marie dink is *Digg a Little*

*Deeper* en Marie sing weer eens saam. Hierna gee die navorser vir Marie verdere keuses en Marie kies om te teken. Die navorser vra of sy haar gesinslede sal teken sodat sy Marie beter kan leer ken. Marie verkies egter om iets vir die navorser te maak.

Die navorser gee aan Marie die keuse rondom agtergrondmusiek, waarop Marie samevloeiing toon. Die navorser wys verskillende cd's vir Marie en moedig haar aan om musiek te kies waarvan sy hou. Terwyl Marie teken neurie sy saam met die musiek. In die einde van die aktiwiteit evalueer die navorser deur haar te vra waaraan sy gedink het tydens die aktiwiteit. Marie sê dat dit haar aan "baie dinge" laat dink het maar brei nie hieroor uit nie.

- Evaluering van die sessie

Marie het in hierdie sessie positief teenoor musiek as medium reageer. Die musiek is in hierdie eerste sessie benut om terapeutiese kontak met Marie te bewerkstellig en om haar op haar gemak te laat voel. Die navorser kon die musiek gebruik om hulle verhouding te bou en om Marie veilig te laat voel. Aangesien Marie veilig gevoel het kon sy gevolglik meer van haarself deel. Marie het haarself maklik deur middel van die musiek uitgedruk wat kontak met haarself versterk het.

Deur die benutting van musiek as medium kon die navorser waarneem dat Marie samevloeiing toon wat daarop kan dui dat Marie nie haar ervaring van dié van ander skei nie moontlik vanweë min kontak wat sy met haarself op hierdie vlak maak. Die navorser kon die musiek gebruik om haar te help om kontak met haarself te maak deur haar aan te moedig om musiek te kies om na te luister volgens haar voorkeur en nie volgens dié van die navorser nie.

Hierdie lae bewustheid van haar sin van self beïnvloed die manier waarop Marie op sensoriese en emosionele vlakke kontak maak maar die musiek het haar gehelp om sensoriese kontak te ervaar wat haar in kontak met sekere herinneringe gebring het. Marie het tydens evaluering genoem dat sy aan "baie dinge" gedink het en die navorser is van mening dat die benutting van musiek in hierdie sessie daartoe bygedra het om Marie se bewustheid te verhoog en kontakmaking te versterk.

### 4.5.3 Sessie 2

- Doelwitte van die sessie

Om die terapeutiese verhouding met Marie verder te versterk en om sensoriese kontak deur middel van musiek aan te moedig.

- Verloop van die sessie

Marie kies om met die klavier te begin en sy kies *Awesome God* wat die navorser in die vorige sessie vir haar gespeel het. Sy sing hierdie liedjie saam met die navorser en kies hierna om ook *Digg a Little Deeper* weer te sing. Die navorser vra of Marie *Soos 'n Wildsbok* ken en waaraan die liedjie haar laat dink. Marie noem dat hulle dit in haar vorige skool gesing het en die navorser gebruik dit om haar bewustheid rondom die verlies aan haar skool te verhoog.

Marie maak spontaan klanke op die klavier en probeer *Digg a Little Deeper* self speel. Die navorser leer haar hoe om dit te speel, wat Marie bemagtig het. Na hierdie aktiwiteit speel die navorser verkillende klanke om sensoriese bewustheid deur middel van gehoor te verhoog. Dit verander in 'n aktiwiteit waar Marie en die navorser om die beurt klanke maak. Marie lei hierdie aktiwiteit wat gevolglik aan haar beheer gee. Die navorser vertel haar dat 'n mens klanke kan maak wat verskillende dinge voorstel byvoorbeeld om 'n bang emosie voor te stel. Marie noem dat 'n mens "moeë" klanke kan maak. Die navorser verhoog haar bewustheid van albei klanke en Marie vra of hulle weer "bang" klanke kan maak waarna Marie se emosionele bewustheid van die emosie bang op derdepersoonsvlak verhoog is. Marie kies volgende om "*snap"* met speelkaarte te speel en maak emosionele kontak deur van haar wense met die navorser te deel. Vir die laaste aktiwiteit beeld Marie haar familiestamboom uit terwyl musiek in die agtergrond speel.

- Evaluering van die sessie

Marie het gekies om die sessie met die musiek te begin, aangesien dit bekendheid en veiligheid voorstel. Dit blyk ook duidelik dat Marie musiek as medium geniet. Die

musiek het haar gehelp om weer kontak met haarself te maak, deur te sing en haarself hierdeur en deur middel van die klavier uit te druk. Dit het Marie bemagtig en sy kon beheer ervaar. Marie se bewustheid van haar sin van self is verhoog en sy kon byvoorbeeld wense in terme van haar skool uitdruk wat nie moontlik sou wees as sy nie op hierdie vlak met haarself kontak gemaak het nie.

Musiek as medium is gebruik om Marie se sensoriese bewustheid te verhoog, asook om die terapeutiese verhouding te versterk. Op sensoriese vlak het die musiek haar herinner aan die verlies wat sy rondom haar omgewing ervaar en is sy tot verhoogde kontak van haar ervaring van hierdie emosionele nood begelei. Marie en die navorser kon verder eksperimenteer met verskillende aspekte wat musiek kan uitbeeld wat verbeterde kontak met haarself en haar omgewing tot gevolg gehad het.

Marie het emosionele bewustheid getoon toe musiek gebruik is om verskillende aspekte, soos vrees en moegheid, uit te beeld. Die navorser verbind dit aan emosionele ontwikkeling in die middelkinderjare. Dit kom in die middelkinderjare na vore dat vrese wat verband hou met huidige omstandighede in die algemeen deur die kind ervaar word .

### 4.5.4 Sessie 3

- Doelwitte van die sessie

Om deur die benutting van musiek as medium vir Marie tot verhoogde sensoriese kontakmaking te begelei en haar bewustheid van haar sin van self te versterk.

- Verloop van die sessie

Marie speel vir die navorser *Digg a Little Deeper* wat sy tydens die vorige sessie geleer het. Hulle sing dit saam. Hierna speel die navorser weer klanke op verskillende maniere wat sensoriese en omgewingskontak en bewustheid verhoog. Die navorser laat Marie beskryf waaraan die klanke haar herinner. Marie vra of hulle weer die “bang” klanke kan maak wat deur die musiek wat Marie maak uitgebeeld word. Sy ervaar beheer tydens hierdie aktiwiteit en kan besluit wanneer sy wil

ophou. Vir die volgende aktiwiteit kies Marie om na haar eie cd te luister wat sy saamgebring het en sy en die navorser sing en dans hierop.

Die navorser speel vir haar 'n cd en vra of sy kan identifiseer waaraan dit haar laat dink. Sy noem dat dit soos "bang" musiek klink. Hierna beeld Marie die "bang" wat sy met die vorige musiek geïdentifiseer het op die klavier uit en die navorser verbind dit met liggaamlike kontak en bewustheid. Die navorser klarifiseer hierdie emosie en maak Marie bewus van alternatiewe en ondersteuning wat vir haar beskikbaar is. Marie vertel van haar ouers en wat haar in hierdie omstandighede bang gemaak het. Sy vertel ook dat sy haar pa mis.

Hierna bemagtig die navorser Marie om alternatiewe te identifiseer en die navorser help haar om haar bewustheid op emosionele vlak te verhoog deur die polariteit vir bang en verlange in te sluit. Marie word begelei om dinge te identifiseer wat sy kan doen om gelukkig te wees. Marie identifiseer dat sy na *Awesome God* op die klavier wil luister waarna hulle afsluit.

- Evaluering van die sessie

Marie het in die sessie goeie terapeutiese, sensoriese en omgewingskontak getoon wat afgelei kan word van sekere aktwitieite, soos om saam met die navorser klanke te maak en om herinneringe rondom die klanke te deel. Die navorser kon deur middel van musiek aanvaarding teenoor Marie toon wat haar gehelp het om kontak met haarself te maak. Marie is deur die musiek bemagtig en sy is gedurende die sessie bewus gemaak van haar sterkpunte wat ook haar liggaamlike kontak versterk het.

Marie het van die emosie bang bewus geword en sy kon hierdie onvoltooidheid deur middel van die musiek projekteer. Die navorser is van mening dat hierdie emosionele bewustheid aan haar ervaring van verlies as emosionele nood verbind kan word. Marie het dus emosionele kontak gemaak en haar emosionele bewustheid is met die musiek verhoog. Sy het toestemming gekry om hierdie kontak uit te druk, wat integrasie aangemoedig het. Sy kon haarself vertroetel deur teen die einde van die sessie te kies om na *Awesome God* te luister.

### 4.5.5 Sessie 4

- Doelwitte van die sessie

Om Marie te begelei om 'n verhoogde bewustheid van en kontak met haarself te behou en om haarself op grond hiervan deur musiek uit te druk.

- Verloop van die sessie

Marie het voor die aanvang van die sessie in die klas gehuil en die navorser verduidelik aan haar dat musiek soms gebruik kan word om beter te voel. Marie kies weer om eerste klavier te speel. Die navorser vra of sy aan musiek kan dink wat volgens haar hartseer voorstel. Marie vra of die navorser enige hartseer musiek het en die navorser speel musiek wat hartseer kan voorstel. Die navorser gebruik die bekendheid van *Digg a Little Deeper* en speel dit stadig, sodat dit hartseer klink. Hulle sing albei saam met die liedjie en hierna speel die navorser *You Raise Me Up* wat Marie as 'n hartseer liedjie identifiseer. Marie sing hierdie liedjie alleen.

Sy praat oor die eksamen en hierdeur toon sy weer bewustheid van bang en dat hulle berigte vir die eksamen moet skryf oor kinders wat ontvoer word. Sy vra of hulle weer die "bang" klanke kan maak en kontak met en bewustheid van hierdie emosie is hierdeur versterk. Marie ervaar beheer aangesien sy die medium kies en dit kan gebruik totdat sy gereed is om kontak daarmee te verbreek. Marie vra om agtergrondmusiek te luister terwyl sy vir die laaste aktiwiteit iets maak wat hartseer voorstel. Terwyl Marie dit doen gesels sy oor dinge wat vir haar lekker is. Marie neurie *Awesome God* terwyl sy hierdie aktiwiteit voltooi. Sy praat weer oor haar ouers en verbind hierdie ervaring met die hartseer waarna die navorser haar bewus maak van alternatiewe wat sy kan benut om beter te voel as sy hartseer is.

- Evaluering van die sessie

Marie begin om van die hulpbronne in die omgewing gebruik te maak om haar behoeftes te bevredig. Op emosionele vlak is haar emosionele bewustheid en kontak in hierdie sessie versterk en musiek het dit moontlik gemaak om hierdie

kontak verder te ondersteun. Marie het 'n bewustheid van hartseer getoon en kontak hiermee is versterk deurdat sy dit op die klavier deur middel van musiek uitgedruk het. Marie se onvoltooidheid, naamlik om bang te wees, kom weer in hierdie sessie voor wat sy ook deur middel van die musiek kon uitdruk. Deur dit te kon uitdruk is balans aangemoedig aangesien sy die geleentheid gekry het om deur hierdie emosies te werk op grond van die verhoogde bewustheid wat bereik is.

In die sessie is Marie se sin van self versterk en is sy bemagtig deur aan alternatiewe vir die emosies wat sy ervaar te dink en deur beheer te ervaar. Sensoriese en liggaamlike kontak is deur musiek aangemoedig en dit het aan Marie verdere beheer gegee wat kontak met haar eie behoeftes en emosies verhoog het. Die navorser het opgelet dat Marie kontak met haar omgewing en behoeftes getoon het deur vir agtergrondmusiek te vra. Sy het ook hier van omgewingsondersteuning gebruik gemaak. Marie het kontak getoon met die emosionele nood, naamlik verlies, wat sy ervaar en het die geleentheid gekry om hieroor te praat, terwyl hierdie musiek wat sy gekies het in die agtergrond speel. Dit het kontak met haar ervaring van die verlies versterk.

### 4.5.6 Sessie 5

- Doelwitte van die sessie

Om Marie se emosionele kontakmaking verder aan te moedig en te ondersteun deur musiek as medium daarvoor te benut.

- Verloop van die sessie

Marie identifiseer dat dit goed gaan en sy kan vertel wat sy by die nuwe plek waar sy bly as positief ervaar. Sy speel op haar eie *Digg a Little Deeper* en die navorser bemagtig haar hiermee. Hierna vra Marie of sy weer "bang" klanke kan maak en sy eksperimenteer met verskillende maniere om dit te doen wat omgewingskontak versterk. Die navorser klarifiseer hierdie emosie en evalueer die alternatiewe wat hulle in die vorige sessie geïdentifiseer het om beter te voel. Hierna verbreek Marie kontak deur 'n ander liedjie te speel.

Marie vra of die navorser vir haar *You Raise Me Up* sal leer speel, wat die navorser gebruik om Marie mee te bemagtig en om haar sin van self verder mee te versterk. Marie praat oor kinders by die skool wat haar kwaad maak en die navorser verhoog emosionele en liggaamlike bewustheid hiervan en klarifiseer die emosie. Die navorser laat haar 'n brief skryf vir die "kwaad" terwyl die navorser die musiek in die agtergrond speel wat Marie gekies het. Marie praat maklik oor dinge wat haar kwaad maak en sy deel haar herinneringe van dit wat haar ouers gedoen het wat haar kwaad gemaak het. Die navorser evalueer waaroor hulle gepraat het en bemagtig haar rondom hierdie onvoltooidheid.

- Evaluering van die sessie

Marie toon 'n verhoogde bewustheid van haarself en op sensoriese en omgewingsvlak is sy tot verhoogde kontak begelei wat haar gehelp het om kontak met sekere herinneringe en emosies te maak. Die bekende musiek het haar veilig laat voel en dit vir die navorser maklik gemaak om Marie op haar vlak te bereik. Die musiek het ook die navorser in staat gestel om Marie te bemagtig wat haar sin van self versterk het.

Marie toon meer selfvertroue en kon haar emosionele ervarings uitdruk soos byvoorbeeld dat die kinders by die skool haar kwaad maak wat onmoontlik sou wees as sy nie versterkte emosionele kontak getoon het nie. Die navorser kon deur die musiek op 'n nie-bedreigende manier te benut aan Marie die toestemming gee om haar emosies uit te druk wat aan haar aanvaarding gekommunikeer het. Met verhoogde frustrasietoleransie waartoe die musiek bygedra het kon hierdie emosionele kontak verder versterk word. Deur met die musiek te eksperimenteer het Marie ook verhoogde kontak met haarself en die omgewing ervaar.

### 4.5.7 Sessie 6

- Doelwitte van die sessie

Om deur die benutting van musiek aan Marie die geleentheid te bied om haarself uit te druk en om alternatiewe vir haar onvoltooidhede te identifiseer wat op verhoogde

kontak met haarself gebaseer is.

- Verloop van die sessie

Marie kies om te verf en die navorser vra of sy haar goeie eienskappe met hierdie medium kan uitbeeld. Die navorser vra of sy musiek moet speel en Marie kies musiek wat haar aan die emosie gelukkig herinner. Sy werk sonder om te praat, terwyl die agtergrondmusiek hierdie aktiwiteit aanvul. Sy verf 'n netbalwedstryd waarin sy aan die wenkant is. Sy vertel dat die tannie waar sy bly vir haar klere gegee het en dat niemand al ooit vir haar nuwe klere gekoop het nie. Die navorser verhoog haar bewustheid van haar sin van self deur meer hieroor uit te brei en te reflekteer dat daar mense is wat vir haar lief is. Hierop vra die navorser wat Marie vir haarself ook kan gee of doen om selfondersteuning en vertroeteling aan te moedig. Marie noem dat sy vir haarself kan lief wees.

Die navorser speel 'n liedjie op die kitaar en sing die woorde: *Marie is goed met netbal* herhalend, wat Marie laat glimlag. Sy vra dat die navorser nog iets op die kitaar vir haar speel en sing saam, terwyl die navorser *Awesome God* speel. Die navorser vra of Marie aan 'n liedjie kan dink wat haar aan haar ouers herinner, wat Marie toe vir haar sing. Marie deel die herinneringe rondom hierdie liedjie en sy identifiseer op emosionele vlak positiewe emosies met hierdie herinneringe wat die liedjie opbring. Marie kies volgende om weer klanke op die klavier te maak wat sensoriese en liggaamlike kontak versterk. Sy maak ook klanke op die kitaar wat gevolglik hierdie sensoriese kontak verder ondersteun en omgewingskontak versterk. Die navorser speel *You Raise Me Up* op 'n cd en Marie koppel hartseer hieraan. Hulle sluit die sessie af met hierdie liedjie en speel skaak wat Marie as die laaste aktiwiteit gekies het.

- Evaluering van die sessie

Marie se kontak met haarself, spesifiek op sensoriese vlak, asook haar frustrasietoleransie is met die verf- en musiekkombinasie aktiwiteit versterk. Die aktiwiteite het dit vir haar moontlik gemaak om haar voorgrondbehoeftes met die navorser te deel en om haar emosionele kontak te versterk. Wat Marie geverf het dui op 'n verhoogde bewustheid van haar sin van self wat deur bemagtiging uitgebrei is.

Sy toon omgewings- en terapeutiese kontak wat deur middel van die musiek uitgebrei is en sy toon selfondersteunende gedrag deur sekere aspekte wat sy vir haarself kan doen uit te lig en deur die keuses wat sy maak uit te voer.

Marie het ook deur middel van die liedjie wat die navorser vir haar gesing het kontak met 'n goeie eienskap gemaak, wat haar bemagtig het. Sy sing saam met die musiek gedurende die aktiwiteite, soos in die vorige sessies wat op liggaamlike kontak dui en wat aan haar ook die geleentheid bied om haarself uit te druk. Hierdie liggaamlike kontak is belangrik alvorens kontak met die omgewing gemaak kan word. Integrasie deur middel van herhaling is in die sessie aangemoedig en Marie kon deur middel van musiek op sensoriese vlak kontak maak met herinneringe van haar ouers.

Emosionele kontak is uitgebrei deurdat Marie musiek in herinnering geroep het wat sy aan haar ouers koppel. Die navorser het haar dit laat uitdruk om haar bewustheid van en kontak met die verlies te versterk. Marie is tot verhoogte bewustheid van haar positiewe ervarings rondom haar ouers begelei en het deur die benutting van musiek kontak met die emosie hartseer gemaak.

### 4.5.8 Sessie 7

- Doelwitte van die sessie

Om Marie verder bewus te maak van haar eienskappe asook van alternatiewe rondom haar voorgrondbehoefte wat vir haar beskikbaar is. Die navorser wil haar bemagtig om hierdie alternatiewe deur te voer en wil haar op terminering voorberei.

- Verloop van die sessie

Marie gaan sit by die klavier en speel *Digg a Little Deeper* uit haar eie, terwyl die navorser gaan sit en saam speel. Vervolgens laat die navorser haar kies watter kant van die klavier se note sy die meeste van hou en hulle maak saam verskillende klanke. Die navorser moedig haar aan om deur die note saam met die navorser in gesprek te tree. Marie geniet dit en gebruik die klanke as lettergrepe waarna die navorser aan haar verduidelik dat dit soms makliker is om op so manier eerder as

met woorde iets te sê. Hierna kies Marie om iets vir haar ma, pa en boetie afsonderlik te sê en die navorser gee haar die geleentheid om dit te doen. Dit het haar in kontak geplaas met onvoltooidhede wat sy teenoor hierdie mense in haar lewe ervaar en dit het haar die geleentheid gegee om hierdie onvoltooidhede uit te druk, wat haar bewustheid hiervan verhoog het.

Volgende wys die navorser vir Marie emosiekaarte en vra haar om 'n emosie te verbind aan die vorige aktiwiteit. Marie identifiseer dat dit haar "lekker" laat voel het. Hierna kies Marie om te teken en die navorser laat haar musiek kies waarna sy wil luister terwyl sy teken. Die navorser berei haar voor op terminering waarop sy goed reageer en haar kop knik. Laastens speel hulle 'n speletjie wat help om balans en integrasie te ondersteun.

- Evaluering van die sessie

Sensoriese, terapeutiese en omgewingskontak is weer eens met behulp van die benutting van musiek verhoog. Marie se kontak met haarself is versterk met die "gesels" aktiwiteit omdat sy moes oorweeg wat sy vir die verskillende mense in haar lewe wil sê. Musiek is hier gebruik as 'n metode van kommunikasie. Dit het aan haar die geleentheid gebied om haarself uit te druk en die benutting van musiek het begeleiding deur die ervaring van verlies as 'n vorm van emosionele nood aangemoedig. Die eerste gesprek met haar ma is aangemoedig deur die benutting van die leëstoeltegniek, waartydens sy 'n geleentheid gekry het om emosies uit te druk wat sy nie normaalweg sou kon nie. Hierdie tegniek het verhoogde bewustheid, integrasie en kontak met haar emosies en situasie tot gevolg gehad. Die klavier is in hierdie opsig as 'n medium vir die projeksie gebruik waaragter Marie kon wegkruip.

Die musiek is benut vir vertroeteling en om Marie se sin van self te verhoog deurdat sy keuses in terme van die musiek kon maak en uitvoer. Sy het gemaklik voorgekom gedurende die sessie en het haarself maklik uitgedruk. Die tekenaktiwiteit het ook kontak met haarself verder verhoog. In hierdie sessie kon sy haar behoeftes uitdruk en die keuses wat sy gemaak het deurvoer. Kontak met Marie se ervaring van die emosionele nood, naamlik verlies, is ook versterk, wat haar bewustheid hiervan verhoog het. Marie kon musiek as 'n alternatief benut waardeur sy haar voorgrondbehoeftes kon uitdruk, wat bemagtigend was.

### 4.5.9 Sessie 8

- Doelwitte van die sessie

Om terapie met Marie te termineer en om musiek te gebruik om haar verder van ondersteuningsnetwerke bewus te maak.

- Verloop van die sessie

Marie kies om klavier te speel en sy vra die navorser om haar weer te wys hoe om *Digg a Little Deeper* en *You Raise Me Up* te speel. Marie vra die navorser se hulp aangesien sy sensories hoor dat sekere toonhoogtes nie reg klink nie. Die navorser sing dit saam met Marie. Hierna speel Marie dit weer op haar eie en sing sy saam met die note. Dit bemagtig haar. Die navorser gebruik die woorde van die musiek om Marie se bewustheid van haar innerlike krag te verhoog. Marie noem ook sekere mense in haar lewe wat beskikbaar is om haar krag te gee en te help. Die navorser berei haar hierna voor op terminering.

Marie kies weer om "bang" klanke te maak maar sy vra dat die navorser die aktiwiteit lei en dan volg sy. Hierdeur gebruik die navorser samevloeiing om Marie se omgewings- en sensoriese kontak verder versterk. Hierna trek Marie handskoene aan en eksperimenteer daarmee deur met dit op die klavier te speel. Sy speel terwyl sy met die navorser praat en vertel haar van die hofsaak met betrekking tot haar ouers wat voorlê. Marie identifiseer dat sy skaam voel as sy daaraan dink en haar bewustheid hiervan word verhoog. Die navorser gebruik die lirieke van die vorige liedjies om haar in hierdie situasie te bemagtig. Marie kies dat sy 'n speletjie wil speel en sing saam met die musiek in die agtergrond terwyl hulle die speletjie speel. Laastens kies Marie musiek waarop sy wil dans om die terapeutiese proses mee af te sluit.

- Evaluering van die sessie

Marie toon goeie omgewings-, sensoriese en terapeutiese kontak en sy is in hierdie sessie weer bemagtig deur middel van keuses. Sy kon die navorser as 'n bron van

ondersteuning identifiseer en haar vir hulp vra maar die navorser het haar ook aangemoedig om van selfondersteuning gebruik te maak tydens die uitvoer van haar keuses. Marie is dus bewus gemaak van sekere ondersteuningsnetwerke. Die navorser het die musiek se woorde gebruik om Marie te help om alternatiewe te identifiseer en om balans in terme van haar omstandighede rondom die verlies aan te moedig.

Haar emosionele kontak is versterk deur die uitdrukking van die "bang" klanke. Sy gee egter die beheer hiervan hierdie keer oor aan die navorser om die aktiwiteit te lei. Marie kon haarself weens verhoogde frustrasietoleransie uitdruk en was op haar gemak om met die navorser oor die hofsaak wat voorlê te praat. Sy het rustig hieroor gepraat en dit blyk dat sy haar emosies daaroor tot 'n mate geïntegreer het. Dit kom voor asof die medium musiek Marie gemaklik laat voel het wat dit vir haar moontlik gemaak het om op hierdie vlak daaroor te praat. Marie toon verdere emosionele kontak en bewustheid in terme van haar voorgrondbehoeftes en haar liggaamlike kontak is versterk.

### 4.5.10 Evaluering in terme van die terapeutiese intervensie

Marie het deur die verloop van die terapeutiese proses gemaklik voorgekom met die benutting van musiek as medium. Terapeutiese, liggaamlike, sensoriese en omgewingskontak kon gevolglik maklik aangemoedig word. Die benutting van musiek het haar gehelp om veilig te voel binne die terapeutiese omgewing en sy kon gevolglik meer van haarself binne die terapeutiese proses deel, wat kontak met haarself aangemoedig het. Soos in Hoofstuk Drie uiteengesit dra die gevoel van veiligheid wat die musiek skep by tot emosionele kontakmaking wat in Marie se geval plaasgevind het. Sy is deur middel van musiek in sessies twee, drie, vier, vyf, ses, sewe en agt tot verhoogde emosionele kontakmaking in terme van die emosionele nood rondom die verlies wat sy ervaar begelei.

Marie het die emosie van vrees in die tweede, derde, vierde, vyfde en agtste sessies uitgedruk. Dit hou verband met die normale emosionele ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare wat in Hoofstuk Drie bespreek is. Hierdie emosie word 'n realiteit in hierdie ouderdomsgroep, vanweë kognitiewe ontwikkeling en vanweë die

invloed van relevante gebeure vanuit die kind se omgewing op hom. Olivier (1998:80) meld verder dat die emosie van vrees ook 'n algemene ervaring is van kinders wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar.

Die benutting van musiek het Marie in staat gestel om haarself op verskillende vlakke uit te druk wat nie moontlik sou wees as sy nie kontak met haarself gemaak het nie. Alvin en Kaser (in Lefevre, 2004:338) meld dat die geleentheid tot uitdrukking van die self wat musiek daarstel, bewustheid van emosies, behoeftes, gedrag en ervarings verhoog. Marie het vanaf die derde sessie spesifieke emosies in terme van die emosionele nood in die vorm van verlies wat sy ervaar uitgedruk. Thompson en Rudolph (1996:189-190) beklemtoon die belangrikheid van emosionele uitdrukking en stip dit uit as 'n doelwit in begeleiding deur verlies as 'n vorm van emosionele nood. Die literatuur wat in Hoofstuk Twee en Drie bespreek is, het beklemtoon dat uitdrukking op hierdie vlak nodig is alvorens integrasie bereik kan word.

Die ervarings wat Marie in die terapeutiese proses kon uitdruk, onder andere deur middel van die benutting van musiek, het integrasie in terme van die verlies wat sy ervaar aangemoedig. Integrasie is volgens die Gestaltbenadering 'n noodsaaklikheid waarna mense streef om te groei en hulle potensiaal te bereik. Literatuur in Hoofstuk Twee met betrekking tot die Gestaltbenadering beklemtoon dat integrasie balans tot gevolg het. Omdat Marie suksesvolle integrasie kon ervaar kon balans en Gestaltvorming by haar aangemoedig word.

Die navorser kon musiek benut om Marie se bewustheid van haar sin van self te verhoog en om aanvaarding aan haar te kommunikeer. In Hoofstuk Twee word die belangrikheid van aanvaarding wat tot selfondersteuning lei bespreek. Hierdie aanvaarding maak dit vir die kind moontlik om deur sy ervarings te werk wat integrasie aanmoedig. Musiek as medium het ook vir Marie in die terapeutiese proses beheer gegee en haar bemagtig. Schoeman (2004b:119) meld dat bemagtiging die kind wat emosionele nood ervaar se innerlike krag versterk. Hierdie beheer wat aan Marie gegee is het ook kontak met haar behoeftes en emosies verder verhoog. (Vergelyk Blom, 2004:52.)

Op sensoriese vlak is Marie tot verhoogde bewustheid en versterkte kontak deur middel van die benutting van musiek begelei. In die eerste, tweede, vyfde en sesde sessies het hierdie sensoriese kontak Marie bewus gemaak van sekere herinneringe wat onder andere met haar verlies te doen het en wat sy met die navorser gedeel het. Dit ondersteun Oaklander (in Kaduson & Schaefer, 2000:29) en Schoeman (2004b:188) se siening dat herinneringe wat op sensoriese vlak opgeroep is kontak op ander vlakke tot gevolg het.

Musiek as medium het Marie gehelp om te eksperimenteer. In Hoofstuk Twee is beskryf dat verhoogde bewustheid en versterkte kontak met die self en die omgewing deur eksperimentering bewerkstellig word. Eksperimentering het dit vir Marie moontlik gemaak om haarself verder uit te druk aangesien sy hierdeur tot verhoogde bewustheid van haarself en haar omgewing begelei is. Dit het in sessies vyf, ses en agt na vore gekom dat die musiek wat benut is ook Marie se frustrasietoleransie verhoog het wat kontak versterk het.

Marie het vanweë die emosionele nood haarself van haar omgewing afgesonder wat gesonde kontakmaking beïnvloed het. Die navorser het musiek as medium tydens die Gestaltspelterapeutiese proses suksesvol op verskeie maniere benut wat Marie tot, onder andere, verhoogde bewustheid en kontakmaking op verskeie vlakke begelei het. Verdere terapie deur die navorser is aan haar gebied om deur hierdie ervarings wat deur die emosionele nood na vore gebring is te werk. Vir die doel van die studie is hierdie bevindinge egter nie van belang nie. Vanweë die onsekerheid van Marie se maatskaplike omstandighede sal voortgesette terapie met haar deurlopend geëvalueer moet word.

## 4.6 GEVALLESTUDIE 2

### 4.6.1 Agtergrondinligting

Christa, wat 12 jaar oud is, se ouma is sewe maande gelede oorlede. Haar ouma het 'n belangrike rol in haar lewe gespeel en het haar daagliks versorg. Hierna is Christa van haar ouers geskei omdat hulle nie 'n blyplek gehad het waar die kinders saam

met hulle kon woon nie. Sy en haar drie sussies is in 'n plek van veiligheid geplaas. Christa is egter steeds in dieselfde skool. Sy kom voor as 'n stil en vreedsame kind wat nooit in die moeilikheid beland nie. Sy word gesien as die versorger in die gesin en moes vir haar sussies verantwoordelikheid neem wanneer haar ouers nie na hulle kon omsien nie. Christa ervaar emosionele nood en toon nie kontak met haar behoeftes nie aangesien sy ingestel is op ander om haar se behoeftes, en nie haar eie nie.

### 4.6.2 Sessie 1

- Doelwitte van die sessie

Om 'n vertrouensverhouding met Christa te bou en om musiek as medium aan haar voor te stel.

- Verloop van die sessie

Die navorser praat met Christa oor die verwagtinge van die sessies en stel musiek as medium aan haar voor. Die navorser speel vir haar musiek en laat haar kies van watter musiek sy hou en versoek dat sy hiervoor 'n rede gee. Christa noem dat haar ma altyd na 'n spesifieke liedjie geluister het. Die navorser maak haar bewus van die spesifieke instrumente wat gehoor kan word en Christa kan identifiseer dat sy nie van viole hou nie en eerder van rustige musiek hou. Sy vertel verder dat sy klavier kan speel maar dat sy die meeste van sing hou.

Die navorser teken 'n mannetjie wat sy gebruik om die terapeutiese proses verder aan Christa te verduidelik. Hierna plak Christa verskillende mense in haar wêreld op papier terwyl die musiek wat sy gekies het in die agtergrond speel. Die navorser vra haar uit oor die mense en verhoog Christa se bewustheid van haar huidige omstandighede hierdeur. Christa vertel van haar ouma wat oorlede is en noem dat dit vir haar hartseer was. Die navorser klarifiseer hierdie emosie en Christa kies slangetjies en leertjies as 'n metode van vertroeteling om die sessie mee af te sluit.

- Evaluering van die sessie

Die navorser het musiek gebruik om Christa op haar gemak te laat voel en om terapeutiese en omgewingskontak te bewerkstellig. Christa het sensoriese kontak in die sessie getoon wat deur die musiek as medium aangemoedig is. Op sensoriese vlak het die musiek haar aan haar ma herinner, iets wat sy ook met die navorser gedeel het. Terwyl Christa haar familiestamboom uitbeeld en na musiek luister is kontak met haar verlies in terme van haar ouma verhoog. Sy kon hierdie ervaring van haar ouma se dood met die navorser deel.

Deur meer van haarself met die navorser te deel, is Christa begelei tot verhoogde bewustheid van haarself. Christa vind dit moeilik om keuses te maak en dit deur te voer, waarskynlik as gevolg van 'n lae bewustheid van haar sin van self. Sy het onsekerheid getoon en toestemming gevra om sekere mediums te gebruik. Deur musiek waarvan sy hou te kies, na die musiek te luister en die plakaktiwiteit te doen, is haar bewustheid van haar sin van self en kontak met haar ervarings verhoog.

### 4.6.3 Sessie 2

- Doelwit van die sessie

Om die terapeutiese verhouding met Christa verder te versterk en om sensoriese kontak deur middel van musiek aan te moedig.

- Verloop van die sessie

Christa kies om by die klavier te gaan sit. Sy noem op sensoriese vlak dat die note “anders” voel as die klawerbord waaraan sy gewoond is. Die navorser vra toestemming om saam met Christa klanke op die klavier te maak en Christa deel herinneringe met die navorser rondom haar ma wat haar geleer het om klavier te speel. Christa vra of die navorser sekere liedjies op die klavier vir haar kan speel wat die navorser doen terwyl hulle albei liedjies sing. Die navorser leer hierna vir Christa om *Vissies in die water* te speel.

Volgende maak die navorser haar bewus dat hulle beurte kan neem om deur middel van die musiek met mekaar te praat, wat hulle doen totdat Christa kontak verbreek. Christa se manier van speel het gewissel en die navorser het samevloeiing daarmee getoon. Hierna vra die navorser of Christa iets sal teken wat sy en haar ma al saam gedoen het wat vir haar lekker is. Christa stem in en vra of sy iets van haar pa ook kan teken maar sy toon egter onsekerheid in haarself en sê dat sy nie mooi kan teken nie. Die navorser stel haar gerus deur haar te bemagtig en te verseker dat sy niks hoef te doen as sy nie wil nie. Christa vertel wat sy geteken het en toon hierdeur verdere bewustheid van aktiwiteite wat vir haar lekker is soos dans, gimnastiek en sang. Laastens vra die navorser haar om 'n metode van vertroeteling te identifiseer waarmee sy sukkel.

- Evaluering van die sessie

Christa is in die sessie deur middel van keuses bemagtig en is deur die benutting van musiek tot omgewings- en sensoriese kontakmaking begelei. Op sensoriese vlak het sy herinneringe rondom haar ouers in herinnering geroep wat sy met die navorser kon deel. Hierdeur is kontak met die emosionele nood rondom verlies versterk wat integrasie aangemoedig het, aangesien Christa verhoogde bewustheid rondom haar verlies hierdeur kon ervaar.

Die navorser en Christa het saam op die klavier klanke gemaak wat terapeutiese kontak versterk het. Christa is gemaklik met die navorser wat op 'n versterkte terapeutiese verhouding dui. Hierdie versterkte terapeutiese kontak het dit vir haar moontlik gemaak om meer van haarself te deel. Christa se sin van self is versterk aangesien sy sekere behoeftes in die sessie aan die navorser kon kommunikeer.

Sy was gefassineer deur die aktiwiteit waardeur hulle met musieknote met mekaar kommunikeer en is in hierdie aktiwiteit tot 'n verhoogde bewustheid van haarself begelei aangesien sy die klanke in gesprek moes produseer. Die navorser kon musiek gebruik om haar mee te bemagtig en om Christa se proses te leer ken.

### 4.6.4 Sessie 3

- Doelwitte van die sessie

Om deur die benutting van musiek as medium vir Christa tot verhoogde sensoriese kontakmaking te begelei en haar bewustheid van haar sin van self te versterk.

- Verloop van die sessie

Op die navorser se vraag of Christa vandag musiek kan kies wat voorstel hoe sy voel kies sy gelukkige musiek. Die navorser maak haar bewus van verskillende emosies en dat die ervaring daarvan aanvaarbaar is en sy noem dat sekere musiek ook sekere emosies kan uitbeeld. Christa identifiseer die emosie hartseer as sy aan haar ma dink en die navorser klarifiseer haar emosie. Die navorser maak haar daarvan bewus dat mense planne kan maak om beter te voel en dat musiek soms hiervoor kan help. Die navorser speel “gelukkige” musiek wat Christa gekies het, waarna sy Christa die volgende aktiwiteit laat kies. Christa vind dit moeilik om te kies, maar met aanmoediging kies sy om op die klavier te speel. Sy speel *Vissies in die water* wat sy in die vorige sessie geleer het.

Christa vertel van haar ouers en dat sy en haar sussies die naweek by hulle gekuier het. Sy kan identifiseer dat die fietsry vir haar die lekkerste was. Hierna word Christa weer aangemoedig om deur middel van die musieknote met die navorser te “praat” en enige iets vir haar te sê wat sy graag wil. Christa dink aan nog 'n liedjie en speel dit vir die navorser terwyl Christa dit vir haar sing. Sy vra of die navorser nog 'n liedjie vir haar kan leer en die navorser leer vir haar *Awesome God.*

Volgende kies Christa om slangetjies en leertjies te speel, terwyl die navorser sagte musiek in die agtergrond speel. Hierna gebruik Christa klei om die hartseer waaroor hulle gepraat het uit te beeld. Die navorser verhoog bewustheid van hierdie emosie en gee Christa die geleentheid om dit verder uit te beeld deur daaroor te praat en om alternatiewe daarvoor te identifiseer. Christa noem dat dit 'n goeie plan kan wees om met iemand te praat as 'n mens hartseer voel.

- Evaluering van die sessie

Christa het goeie terapeutiese kontak getoon en kon ook sekere behoeftes in die sessie uitdruk. Deur vir Christa aan die begin van die sessie musiek te laat kies om haar emosionele ervaring in die hier-en-nou te ondersteun, is kontak met haar emosies versterk. Die navorser is van mening dat Christa se emosionele bewustheid en kontak in die sessie verhoog is en dus deur die benutting van musiek ondersteun is. Christa kon haar emosionele ervaring, naamlik hartseer rondom die emosionele nood wat sy ervaar uitdruk deur dit met klei uit te beeld. Sy het aanvaarding gekry om haar ervaring uit te druk, wat haar kontak hiermee verder versterk het.

Christa toon samevloeiing en vind dit vanweë min selfvertroue steeds moeilik om keuses te maak. Deur self 'n liedjie op die klavier aan te leer en te speel kon Christa sukses ervaar wat haar bemagtig het. Dit het haar bewustheid van haar sin van self verder verhoog. In die sessie het Christa musiek benut om haarself uit te druk wat kontak aangemoedig het en wat verhoogde bewustheid op liggaamlike en sensoriese vlakke tot gevolg gehad het.

### 4.6.5 Sessie 4

- Doelwitte van die sessie

Om Christa te begelei om 'n verhoogde bewustheid van en kontak met haarself te ervaar en om haarself op grond hiervan deur musiek uit te druk.

- Verloop van die sessie

Christa vertel vir die navorser hoe die vakansie saam met haar ouers was en wat hulle gedoen het wat vir haar lekker was. Die navorser noem dat mense lekker dinge vir hulleself mag doen. Sy vra Christa uit oor die omstandighede by haar ouers en of Christa hulle nuwe woonstel op papier sal verf. Christa kies om dit te teken en die navorser speel musiek in die agtergrond terwyl sy dit doen. Sy konsentreer vir 'n lang ruk op hierdie aktiwiteit en vra aan die einde of hulle klavier kan speel. Die navorser vra haar uit oor die skets om haar bewustheid daarvan te verhoog.

Christa vertel van haar ouma se dood en dat sy hartseer daaroor gevoel het. Die navorser laat haar hieroor praat en goeie herinneringe rondom haar ouma deel. Hulle praat ook oor die dood en begrafnisse en die navorser vra of sy 'n kaartjie vir haar ouma sal maak terwyl hulle na musiek luister wat Christa kies. Christa stem in en kry die geleentheid om haar emosies hierdeur uit te druk. Sy vra dat hulle nie na hartseer musiek moet luister nie want sy is bang sy gaan huil. Hulle praat oor ander alternatiewe rondom hartseer sodat 'n mens beter kan voel en Christa noem dat huil 'n alternatief kan wees en dat dit haar al beter laat voel het. Sy sing saam met die musiek terwyl sy die kaartjie vir haar ouma voltooi. Die navorser stel hierna voor dat hulle die sessie met klavierspel afsluit aangesien Christa nog klavier wil speel. Die navorser leer haar weer 'n liedjie wat selfondersteunende gedrag aanmoedig.

- Evaluering van die sessie

Christa het sensoriese en emosionele kontak, spesifiek in terme van verlies, in die sessie getoon. Sy kon dit uitdruk en het ook alternatiewe hiervoor geïdentifiseer. Christa kom op haar gemak voor tydens die aktiwiteit waar die musiek in die agtergrond speel, wat kontak met haarself en met haar ervaring van verlies as 'n vorm van emosionele nood verhoog het. Dit het haar gehelp om oor die verlies te praat en haar ervaring daarvan uit te druk. Christa het saam met die musiek gesing terwyl sy die kaartjie gemaak het wat uitdrukking vergemaklik het en vertroeteling aangemoedig het. Gevolglik is haar kontak met verlies as 'n vorm van emosionele nood in hierdie sessie versterk.

Christa het nie in die sessie kontak verbreek nie en het veral goeie terapeutiese kontak getoon. Haar keuse rondom musiek dui vir die navorser op selfondersteunende gedrag, aangesien Christa musiek gekies het wat haar beter en nie hartseer laat voel nie. Sy toon bewustheid dat musiek haar hartseer kan maak, wat vir die navorser op omgewings- en emosionele kontak dui. Om klavier teen die einde van die sessie te speel dui ook vir die navorser op selfvertroeteling, wat Christa aan die einde van die sessie kon ervaar.

### 4.6.6 Sessie 5

- Doelwitte van die sessie

Om Christa se emosionele kontakmaking verder aan te moedig en te ondersteun deur musiek as medium hiervoor te benut.

- Verloop van die sessie

Die navorser gee vir Christa keuses rondom 'n sensoriese aktiwiteit en sy kies om eerste na verskillende voorwerpe te kyk waarna hulle klanke op instrumente maak. Christa word aangemoedig om op die instrumente te eksperimenteer wat omgewingskontak versterk. Die navorser vra haar watter klank haarself sal voorstel en sy kies 'n harde klank. Sy deel herinneringe rondom die mondfluitjie en vertel dat haar oupa een gehad het. Die navorser vra haar om aan te dui wat 'n mens in jou liggaam nodig het om op 'n fluit te kan blaas. Christa vertel dat die reënmaker haar aan reën laat dink en sy beskryf tye saam met haar ma toe sy in die reën gespeel het. Sy dui aan dat dit haar gelukkig laat voel het.

Hierna beeld Christa op die klavier uit hoe sy vandag voel en sy identifiseer die emosie hartseer. Hulle praat hieroor ten einde bewustheid daarvan en kontak daarmee te verhoog. Sy vertel dat haar sussie voorgetrek word deur 'n persoon by hulle huis maar sy het dit gister met die persoon bespreek. Terwyl Christa verder klanke maak herinner dit haar aan iets wat haar "opgewonde" maak wat sy met die navorser deel. Christa kies om aan die einde van die sessie *pick up sticks* te speel en hiermee sluit hulle die sessie af.

- Evaluering van die sessie

Christa is weer deur middel van musiek tot omgewings- en sensoriese kontakmaking begelei en sy kon hierdeur op emosionele vlak kontak maak. Sy het deur middel van eksperimentering kontak met haarself in haar omgewing versterk. Christa kom gemaklik en minder skaam voor en sy kon emosionele kontak maak terwyl sy herinneringe met die navorser gedeel het en op die klavier uitgebeeld het dat sy

hartseer voel. Musiek kon haar in hierdie aktiwiteit in kontak met haar emosionele ervaring in die hier-en-nou bring.

In die sessie het verskillende klanke Christa aan sekere dinge herinner, waarmee sy kontak gemaak het en wat sy met die navorser gedeel het. Terwyl Christa op die klavier gespeel onthou sy iets wat haar opgewonde laat voel. Sy kon dit met die navorser deel wat emosionele integrasie by haar aangemoedig het.

### 4.6.7 Sessie 6

- Doelwitte van die sessie

Om Christa op terminering voor te berei en deur die benutting van musiek haar te help om kontak met haar voorgrondbehoefte te versterk.

- Verloop van die sessie

Die navorser noem aan Christa dat dit hulle tweede laaste sessie gaan wees. Christa kies klei en die navorser versterk sensoriese kontak met behulp van hierdie medium. Die navorser lei haar om deur middel van die klei van enige styfheid in haar liggaam ontslae te raak. Hierna vorm Christa iets met die klei terwyl hulle na musiek luister. Die navorser vra vrae oor wat sy gevorm het om haar bewustheid daarvan te verhoog. Christa het haar omgewing gemaak insluitende die skool, kerk en haar ouers se nuwe huis. Sy vertel van die heinings wat skelms uithou. Die navorser stel voor dat hulle Christa se hart uit die klei moet vorm asook 'n heining om mense uit te hou wat sy nie binne wil hê nie. Die navorser gee haar hierdeur beheer omdat Christa self die heining maak en dan kan kies wie sy in haar hart wil toelaat.

Hierna evalueer die navorser wat hulle gedoen het en sy vra vir Christa om 'n plan te maak, sodat haar ouers se kleimotortjie maklik by haar nuwe kleihuis kan kom kuier, al woon hulle nie by haar nie. Christa bou 'n pad met die klei wat dit moontlik sal kan maak. Die navorser trek dit deur na die hede, maar Christa weet nie wat om te doen sodat sy haar ouers meer gereeld kan sien nie. Die navorser stel voor dat Christa dalk 'n dagboek kan hou van die gebeure wat sy graag met hulle wil deel en dan kan

sy dit een keer elke week vir hulle wys wanneer sy hulle sien. Hierop spreek Christa die wens uit dat hulle almal nog by mekaar bly. Die navorser laat haar hieroor praat waarna sy Christa op terminering voorberei. Hulle sluit af deur dinge te identifiseer wat Christa vir haarself kan gaan doen wat vertroetelend sal wees.

- Evaluering van die sessie

Christa kon in die sessie keuses maak en het sensoriese kontak getoon. Haar liggaamlike kontak is hierdeur versterk en die musiek wat gebruik is het haar op haar gemak laat voel sodat sy met die klei as 'n sensoriese medium deur 'n projeksie aangaande haar voorgrondbehoefte begelei kon word. Haar bewustheid van hierdie behoefte wat deur die projeksie verhoog is het haar in die proses ook bemagtig. Verhoogde kontak met haar situasie en die emosionele nood wat sy ervaar is bereik en sy kon gemaklik terapeutiese kontak maak en haar voorgrondbehoeftes met die navorser deel. Deur Christa die geleentheid te gee om hierdie voorgrondbehoefte uit te druk het sy beheer ervaar en kon sy alternatiewe identifiseer. Sy het kontak met haar verlies as 'n vorm van die emosionele nood getoon en die wens uitgespreek om by haar ouers te bly.

### 4.6.8 Sessie 7

- Doelwit van die sessie

Om die terapeutiese proses met Christa te termineer.

- Verloop van die sessie

Die navorser maak Christa bewus van terminering waarop sy goed reageer. Christa vertel vir die navorser dat sy die komende naweek by haar ouers gaan kuier. Die navorser moedig haar aan om 'n emosie hiermee te verbind en hulle gesels oor die teenoorgestelde van die "opgewondenheid" wat sy hieraan verbind het. Christa stel voor dat "bekommerd" die teenoorgestelde emosie van "opgewonde" kan wees. Die navorser klarifiseer hierdie emosie en vra of Christa al so gevoel het. Hierna laat die navorser haar sekere dinge identifiseer wat haar so laat voel.

Christa kon redes identifiseer wat hiertoe aanleiding gee en sy kon noem dat sy dit in haar maag voel as sy "bekommerd" is. Die navorser stel aan haar voor dat musiek kan gebruik word om te help as mense "bekommerd" voel. Die navorser inisieer 'n ontspanningsoefening waartydens hulle liggaamlike ontspanning deur middel van musiek doen. Christa noem dat dit vir haar "lekker" voel om dit te doen. Ter afsluiting kies sy kleiwerk en sy bou die woorde *HAPPY* as voorstelling van hoe die proses vir haar was.

- Evaluering van die sessie

Christa kon in die sessie keuses maak en alternatiewe in terme van hierdie keuses deurvoer. Sy kon haar voorgrondbehoefte met die navorser deel wat daarop dui dat sy in kontak hiermee is. Christa het ook kontak in terme van haar voorkeure getoon deur sekere aktiwiteite te kies en sy het op emosionele vlak kontak getoon deur emosies met betrekking tot haar huidige situasie te identifiseer. Sy het 'n polariteit naamlik bekommerd gekies wat die navorser gebruik het om haar emosionele bewustheid en kontak te versterk.

Die navorser het musiek gebruik om alternatiewe vir die bekommernis voor te stel wat sensoriese en liggaamlike kontak versterk het. Sy het musiek benut om Christa deur 'n ontspanningsoefening te begelei wat Christa positief ervaar het. Christa het aan die einde genoem dat sy *HAPPY* met die klei geskryf het wat op integrasie dui wat deur uitgebreide kontak bereik is.

### 4.6.9 Evaluering in terme van die terapeutiese intervensie

Die benuttingwaarde van musiek in die terapeutiese proses van Christa het deurlopend na vore gekom. Musiek is deurgaans benut om haar op haar gemak laat voel. Dit het ook bygedra om haar in kontak met haar emosies te bring aangesien hierdie ervaring met die medium vir haar die ervaring van veiligheid gegee het soos dit deur verskeie skrywers onderskryf word (vergelyk Gallant & Holosko 2001:115; Bannister in Lefevre, 2004:333.) Die veiligheid wat deur die medium bewerkstellig is het dit vir haar moontlik gemaak om later in die proses pynlike emosies in die gesig te staar. Die benutting van musiek het haar ook gehelp om sensoriese kontak te

ervaar wat haar in die eerste, tweede en vyfde sessies in kontak met sekere herinneringe, spesifiek in terme van haar verlies, geplaas het. Schoeman (2004b:188) meld dat sensoriese kontak verdere kontak kan ontsluit wat in die bogenoemde sessies na vore gekom het. Christa, wat emosionele nood ervaar, het nie effektief kontak gemaak nie en die navorser kon deur middel van sensoriese kontak verdere kontakmaking aanmoedig.

Christa se sin van self kon met behulp van musiek deur bemagtiging verhoog word. Bemagtiging het plaasgevind deurdat Christa haarself emosioneel deur middel van musiek uitgedruk en vertroetel het. Volgens Schoeman (2004b:119) versterk bemagtiging innerlike krag en bring die kind verder in kontak met haarself wat dus bewustheid van die kind se sin van self verhoog. Christa kon ook met behulp van musiek beheer ervaar en het vanaf die tweede tot vyfde sessies hiermee geëksperimenteer wat kontak met haarself en haar omgewing verder versterk het.

Die benutting van musiek het Christa se frustrasietoleransie in die eerste en vierde sessies verhoog. Die verhoogde frustrasietoleransie het haar in staat gestel om terapeutiese kontak te maak en om haar emosionele ervarings rondom die emosionele nood en die verlies aan haar ouma uit te druk. Lefevre (2004:333) en Oaklander (1988:115) benadruk die rol wat musiek speel om die kind met emosionele nood veilig te laat voel en kontakmaking daardeur te versterk. Christa het gemaklik voorgekom tydens die benutting van musiek as medium en sy het in die vierde sessie uit haar eie gevra of hulle musiek kan speel.

Op terapeutiese vlak is musiek in die sessies grootliks benut om Christa te help om terapeutiese en omgewingskontak te versterk. In Hoofstuk Twee word die belangrikheid van omgewingskontak beklemtoon. Die kind wat emosionele nood ervaar moet op hierdie vlak tot kontakmaking begelei word om sodoende sy behoeftes te kan bevredig. In die tweede sessie kom dit na vore dat Christa die navorser begin vertrou het wat dit vir haar moontlik gemaak het om meer van haarself te deel. Hierdie vertroue is deur die gebruik van musiek aangemoedig.

Die navorser kon ook musiek benut om met Christa te kommunikeer en om haar beter te leer ken. Lefevre (2004:342) meld dat musiek op 'n nie-direktiewe manier aan die terapeut die geleentheid gee om die kind te leer ken en te verstaan. Die

navorser het waargeneem dat Christa in haarself twyfel en samevloeiing met die navorser toon. Christa vind dit dus moeilik om haar ervaring van dié van die omgewing te skei. Sy het gevolglik nie in die begin kontak met haarself gemaak nie want dit was waarskynlik vir haar te pynlik.

Indien die terapeut aanvaarding aan die kind wat emosionele nood ervaar kommunikeer, sal die kind veilig voel om sy probleme te deel, sodat hierdie probleme aangespreek kan word. (Vergelyk Lefevre, 2004:333; Oaklander, 1988:115.) Christa kon hierdie aanvaarding ervaar, aangesien die navorser vir haar die ruimte geskep het om haar ervarings rakende haar emosionele nood te deel. Vanaf die derde sessie het Christa bewus geword van hartseer wat sy ervaar en sy kon dit in die proses uitbeeld en uitdruk. Die navorser het musiek gebruik om kontak op hierdie vlak te versterk wat geslaagd was.

Musiek is ook as 'n projeksiemedium gebruik waartydens Christa in die sesde sessie na verhoogde bewustheid van haar voorgrondervaring begelei is. Sy het haar huidige situasie uitgebeeld wat met hartseer in terme van haar verlies verband hou. Olivier (1998:76) noem dat hartseer 'n algemene emosie is wat in die rouproses as gevolg van verlies as 'n vorm van emosionele nood ervaar word. Hierdie pyn moet deurgewerk, aanvaar en uitgedruk word. Musiek het aan Christa die geleentheid gebied om haar ervarings rondom die emosionele nood waarin sy verkeer uit te druk en sy kon deur die benutting van musiek ook kontak verbreek as sy die emosie te intens beleef het. Hierdie geleentheid tot kontakmaking en kontakverbreking het haar beheer gegee en ook toestemming om so vinnig deur die proses te beweeg soos wat sy gemaklik is. Hierdie beheer is volgens Perls (in Schoeman, 2004a:58) nodig vir suksesvolle aanpassing.

Christa het kontak met haar emosionele nood in die vorm van verlies gemaak en kon in die tweede, derde, vierde en sesde sessies hieroor praat wat gevolglik bewustheid en integrasie hiervan verhoog het. Sy is van alternatiewe bewus gemaak en het die geleentheid gekry veral deur die benutting van musiek om hierdie ervarings uit te druk.

Dit blyk duidelik dat musiek as medium in die terapeutiese proses met Christa van nut was. Sy is tot verhoogde kontak begelei met haarself asook met die verlies as 'n

vorm van emosionele nood wat sy ervaar het. Christa het gemaklik voorgekom met hierdie medium, wat sensoriese en emosionele bewustheid verhoog het. Die navorser het veral musiek benut om Christa te leer ken en om haar binne die terapeutiese milieu veilig te laat voel. Verdere begeleiding deur haar ervarings van verlies is egter nodig en verdere terapie is deur die navorser aan haar gebied. Vir die doel van die studie is hierdie bevindinge egter nie van belang nie.

## 4.7 GEVALLESTUDIE 3

### 4.7.1 Agtergrondinligting

Pieter is ŉ negejarige seun wat volgens sy ma homself van ander kinders onttrek en isoleer. Hy ervaar emosionele nood in die vorm van verlies aangesien sy pa in die proses is om ŉ geslagsverandering te ondergaan en hulle nie meer ŉ goeie verhouding het nie. Sy pa staan in ŉ nuwe verhouding met ŉ manlike saamleefmaat en gevolglik kry Pieter minder aandag van sy pa. Die gesin bestaan dus tans uit die ma, die pa en die pa se saamleefmaat. Pieter het nie ŉ goeie verhouding met die saamleefmaat nie. Sy pa spandeer nie meer tyd saam met hom, waaroor Pieter ŉ onvoltooidheid ervaar. Hy toon skolastiese probleme en sukkel om sy ouers se egskeiding te aanvaar. Sy ma meld dat hy soms huilerig is en ook aggressiewe gedrag openbaar. Hy toon regressie deur in tye van spanning sy duim te suig.

### 4.7.2 Sessie 1

- Doelwitte van die sessie

Om ŉ vertrouensverhouding met Pieter op te bou en om musiek as medium aan hom voor te stel.

- Verloop van die sessie

Die navorser verduidelik die terapeutiese proses en die reëls aan Pieter waarna hy dadelik kies om met mannetjies die situasie wat hy daagliks by die huis ervaar vir die navorser uit te beeld. Hy gebruik die mannetjies en teken verskeie prente wat uitbeeld hoe dinge was en hoe dit nou is. Hy noem dat dit hom kwaad laat voel. Hy druk hierdie emosie verder uit deur die papier op te skeur en te verklaar dat dít is wat hy met die saamleefmaat wil doen. Pieter identifiseer ook dat hy sy pa mis.

Pieter is bekommerd dat die navorser met al die inligting “welsyn” toe sal gaan waarop sy aan hom verduidelik wat haar rol is en onder watter omstandighede aanmeldings gemaak word. Hierna stel die navorser voor dat hulle na musiek op die radio luister wat kwaad as ’n emosie uitbeeld om hom in staat te stel om die kwaad uit sy liggaam te probeer kry. Pieter neem geesdriftig saam met die navorser hieraan deel en gebruik sy liggaam om op die ritme van die musiek te illustreer hoe hy voel. Die volgende musiek waarna hulle luister stel volgens hom ’n “bang” emosie voor en hy wys met sy liggaam hoe dit voel om “bang” te wees. Laastens besluit Pieter om *My Heart Will Go On* op die klavier te speel. Hy meld dat dit vir hom ’n mooi liedjie is.

- Evaluering van die sessie

Pieter het vinnig ’n verhouding met die navorser gebou en het die vermoë getoon om sy gedagtes, behoeftes en emosies binne die veilige omgewing wat geskep is uit te druk. Die benutting van musiek het bygedra tot die daarstelling van ’n veilige omgewing en dit het omgewings- en terapeutiese kontak aangemoedig. Die gevoel van veiligheid het hom gehelp om op emosionele vlak kontak met sy ervarings te maak en om dit te deel. Gevolglik is die doelwitte van die sessie bereik.

Pieter toon bewustheid van sy omstandighede en hoe hy daaroor voel. Hy toon kontak met sy ervaring van die emosionele nood naamlik die verlies aan sy pa en deel met die navorser dat hy na sy pa verlang. Hy druk sy emosies daaromtrent uit maar noem dat dit vir hom voel asof hy geen beheer daaroor het nie en nie weet wat om daaroor te doen nie.

Musiek is benut om terapeutiese kontak te versterk en dit het Pieter gehelp om sekere emosies uit te druk. Deur die benutting van die musiek het Pieter ook liggaamlike kontak gemaak deur op die ritme van die musiek te beweeg. Hy kon met die musiek beheer ervaar en kontak verbreek deur die musiek te verander as hy genoeg van 'n bepaalde liedjie gehoor het. Die navorser het aanvaarding aan hom geopenbaar en van refleksie gebruik gemaak om selfbewustheid te verhoog.

### 4.7.3 Sessie 2

- Doelwitte van die sessie

Om die terapeutiese verhouding met Pieter verder te versterk en om sensoriese kontak deur middel van musiek aan te moedig.

- Verloop van die sessie

Pieter kies om met die klei te begin en die navorser vra vrae om sy liggaamlike en sensoriese bewustheid te verhoog. Hy vertel dat hy soms by die huis kos maak maar dat die saamleefmaat nooit van sy kos hou nie. Die navorser bemagtig hom en vra of hy mense kan opnoem wat wel van sy kos hou waarop hy al die ander mense in sy huis noem. Die navorser gebruik die kleidrukkers om hom te laat identifiseer wat sy gunsteling dier is. Hy kies 'n voël en 'n skip en vertel vir die navorser van die verhaal van *Titanic*. Die navorser sing vir hom *My Heart Will Go On* wat Pieter spontaan saam sing.

Die navorser wys aan hom gesiggies wat verskillende emosies uitbeeld en hy vertel dat die liedjie van die rolprent hom aan "hartseer" laat dink. Hy brei uit oor die feit dat hy sy duim suig en vertel dat die saamleefmaat met hom daaroor baklei. Die navorser vra soos wie Pieter dink hy is, waarop hy antwoord dat hy soos sy ma is. Hy deel verdere ervarings rondom sy pa en die gesprek beweeg oor na mense wat ander emosioneel seermaak. Pieter dui aan dat mense wat mekaar seermaak hom hartseer laat voel. Hy sê dat hy bang is om vir sy pa te sê hoe hy voel en die navorser stel voor dat hulle deur middel van die kleidiertjies dit vir sy pa sê. Pieter vra of hulle eers 'n cd kan speel. Hy kies die diere maar vra dat die navorser die

praatwerk doen en hy sê elke keer wat sy namens hom vir die pa-diertjie moet sê. Sy onvoltooidhede kom hier na vore en hy is bemagtig deur daaroor te kan praat. Pieter vra of hulle volgende keer na *My Heart Will Go On* kan luister. Hy noem dat dit help om na musiek te luister as 'n mens hartseer voel. Die navorser laat hom vir die laaste deel van die sessie musiek kies waarna hy wil luister waarna hulle die sessie afsluit.

- Evaluering van die sessie

Pieter het keuses gemaak en dit deurgevoer wat aan hom beheer gee. Hy is tot verhoogde liggaamlike en sensoriese kontakmaking begelei wat herinneringe van sy situasie by die huis en van die emosionele nood wat hy ervaar, opgeroep het. Hy is ook tot verhoogde bewustheid van sy sin van self begelei en bemagtig. Pieter is gefassineer met die rolprent *Titanic* en die navorser wil poog om dit as 'n projeksiemedium te gebruik waarmee Pieter tot verhoogde bewustheid begelei kan word.

Pieter het in kontak met homself gekom terwyl hy gesing het want hy kon hierdeur iets uitdruk waarvan hy hou. Tydens hierdie aktiwiteit is terapeutiese en omgewingskontak verder versterk. Hy kon in kontak met sekere van sy eienskappe kom en kon ook op emosionele vlak kontak met die emosie hartseer maak. Hy is bewus gemaak van musiek as 'n alternatief en metode van vertroeteling en kon sy ervarings rondom die situasie tuis weer eens met die navorser deel. Die benutting van musiek het bygedra tot verhoogde frustrasietoleransie wat Pieter se kontak met die onvoltooidheid wat hy ervaar versterk het. Hy het in die sessie veilig gevoel wat hom gehelp het om kontak met die navorser en met die emosie hartseer te maak.

### 4.7.4 Sessie 3

- Doelwit van die sessie

Om Pieter te help om sy ervarings en emosies met betrekking tot die emosionele nood waarin hy verkeer in 'n veilige omgewing met behulp van musiek uit te druk.

- Verloop van die sessie

Pieter kies om weer met klei te speel terwyl *My Heart Will Go On* in die agtergrond speel. Hy noem dat hy vandag nog bietjie hartseer voel maar dat dit nie meer so erg is nie. Hy sê dat die saamleefmaat hom met die "welsyn" gedreig het as hy weer sy duim suig waaroor die navorser hom weer gerus stel. Hy noem dat die saamleefmaat nie die "baas" is nie en eintlik nie sulke "dinge" kan doen nie.

Vervolgens kies Pieter om met speelgoedmotortjies te speel wat hy as 'n projeksie gebruik en ontdek is. Dit blyk dat hy 'n behoefte ervaar om in beheer te wees aangesien hy geen beheer het oor wat by die huis gebeur nie. Hierna loop hy klavier toe en speel hy *My Heart Will Go On* waarna hy kies om te verf. Hy verf die skip *Titanic* en gee so uitdrukking aan homself terwyl hy saam met die musiek in die agtergrond sing. Hy dui aan dat die rolprent vir hom hartseer was en hy verstrek verskillende moontlike oorsake van hartseer. Hy vertel dat hy eendag 'n goeie pa wil wees. Ter evaluasie sê hy dat die verfaktiwiteit vir hom die lekkerste was.

- Evaluering van die sessie

Pieter toon goeie terapeutiese kontak. Die sensoriese en emosionele kontak wat hy in die vorige sessie gemaak het is in hierdie sessie verder uitgebrei. Die musiek het vir hom 'n medium geword wat sy emosies reflekteer en wat hom veilig laat voel, sodat hy homself daardeur met gemak kan uitdruk wat hy in hierdie sessie gedoen het. Hy is daarvan bewus gemaak dat musiek ook vir vertroeteling benut kan word. Pieter is tot verhoogde emosionele bewustheid begelei en kon weer met die emosie hartseer identifiseer wat die musiek van die rolprent *Titanic* volgens hom uitbeeld. Emosionele bewustheid is op grond hiervan verder uitgebrei.

Pieter is in kontak met die onvoltooidhede wat hy ervaar en kon sekere aspekte hiervan sedert die vorige sessie vanuit 'n ander hoek sien soos dat die saamleefmaat nie in beheer van sy lewe is nie. Die speelgoedmotortjies het aan hom beheer gegee deur hom in staat te stel om daardeur met sy pa te kommunikeer deur byvoorbeeld vir sy pa se motor te sê wat dit mag en nie mag doen nie. Pieter is in kontak met sy wense vir die toekoms gebring.

### 4.7.5 Sessie 4

- Doelwitte van die sessie

Om Pieter te bemagtig en om hom te begelei tot emosionele balans deur middel van versterkte kontak wat deur die benutting van musiek aangemoedig word.

- Verloop van die sessie

Pieter kies weer klei en vra dat die navorser *My Heart Will Go On* se cd wat sy saamgebring het sal speel. Hy laat blyk weer dat die musiek hom hartseer laat voel het en sê dat sy pa gehuil het toe hulle na die rolprent gekyk het. Pieter vertel van 'n droom wat hy gehad het en magteloosheid as tema word in die droom weerspieël. Hy sê dat hy die volgende nag van die *Titanic* gedroom het en die navorser verhoog sy bewustheid van sy ervaring hiervan. Terwyl hy kies om met die klei te werk, neurie hy saam met die musiek op die cd.

Pieter brei uit op ander gebeure wat hom ook hartseer maak en hy dra dit gemaklik aan die navorser oor. Hulle luister weer na die liedjie en die navorser gebruik die woorde daarvan om hom te bemagtig deur hom bewus te maak daarvan dat hy altyd planne kan maak om gelukkig te wees. Hy kies om weer op die klavier te speel waarna die navorser hom ook op die kitaar laat speel. Laastens kies Pieter om met ballonne iets te maak en hy meld tydens evaluering dat dit vir hom die lekkerste aktiwiteit van die sessie was.

- Evaluering van die sessie

Pieter vra na musiek wat hy in die vorige sessie gekies het. Dit dui daarop dat die medium positief deur hom ervaar word, wat ook kontak wat hy met homself ervaar versterk. Hy het omgewings- en emosionele kontak in die sessie getoon wat weer deur die musiek aangemoedig en versterk is. Hierdie emosie van hartseer kan na sy ervaring van sy verlies deurgetrek word. Die navorser kon die musiek gebruik om hom gevolglik in kontak te plaas met ander ervarings wat byvoorbeeld 'n gevoel van magteloosheid tot gevolg het.

In die hierdie sessie het herhaling in terme van musiek as keuse wat deur Pieter uitgeoefen is na vore gekom. Dit het balans en integrasie aangemoedig aangesien Pieter herhaaldelik kontak met die emosie hartseer gemaak het en in die sessies die geleentheid gekry het om dit uit te druk. Die navorser kon die musiek se woorde verder gebruik om hom daarmee te bemagtig en om sy bewustheid van homself te verhoog. Hy kon keuses uitoefen wat ook selfkontak verder versterk het. Pieter is in die sessie bemagtig en hy is begelei tot emosionele balans deur die uitbreiding en versterking van kontak.

### 4.7.6 Sessie 5

- Doelwitte van die sessie

Om Pieter die geleentheid te gee om sy voorgrondbehoefte deur musiek uit te druk en om alternatiewe hiervoor te ontdek.

- Verloop van die sessie

Pieter gesels met die navorser oor sy pa se situasie en hy druk sy behoeftes en emosies hieroor uit. Hy noem dat hy soms hartseer en soms bly voel maar dat hy vandag kwaad voel. Hy kies om met die klei te speel waardeur hy beheer kry en sensoriese kontak maak. Terwyl hy met die klei speel vertel hy dat hy sy lewe as “koud” ervaar en die navorser vra hom meer hieroor uit. Die navorser vra Pieter se toestemming om musiek wat “kwaad” uitbeeld in die agtergrond vir hulle te speel. Hy kies die musiek wat hy as “kwaad” interpreteer en wys met die klei dat hy graag sy pa wil platdruk. Die navorser reflekteer wat hy doen en stel voor dat hulle gesiggies wat die kwaad uitbeeld uit die klei maak.

Pieter sien die emosiekaarte en hy sê dat hy soos die “kwaad” kaartjie voel. Die rede hiervoor is dat die saamleefmaat veroorsaak dat hy en sy pa nie meer tyd saam kan spandeer nie. Die navorser help hom om alternatiewe hiervoor te identifiseer, soos om vir sy pa te gaan vra of hulle iets alleen kan doen. Hy vertel vir die navorser van sy pa se operasie wat voorlê en sê dat hy dan nie meer ’n sterk pa gaan hê nie. Die navorser vra meer hieroor uit en vertel vir Pieter dat sy pa se hart nie gaan verander

nie maar bloot net hoe hy "buite" lyk. Sy maak hom ook bewus van die belangrikheid dat 'n pa se hart ook sterk moet wees en nie net sy spiere nie.

Pieter sê dat hy nie sonder sy pa kan lewe nie maar hy spreek ook die behoefte uit dat die probleme en die hartseer by die huis weens die saamleefmaat en sy pa moet weggaan. Die navorser laat hom identifiseer wat hy van sy pa nodig het verdere uitdrukking in terme van hierdie emosie aan te moedig. Hy vertel spontaan van 'n verlies met betrekking tot 'n maatjie wat jare gelede gesterf het, wat die navorser verder aanmoedig. Hy spreek aan die einde van die sessie die behoefte uit om *My Heart Will Go On* te sing waarna die navorser die sessie evalueer.

- Evaluering van die sessie

Pieter toon terapeutiese en emosionele kontak. Hy toon bewustheid van sy omstandighede en emosies en het die behoefte om hieroor te praat wat integrasie tot gevolg het. Hy het in hierdie sessie bewus geword van die emosie kwaad wat hy ervaar. Die navorser het musiek benut om by hierdie emosie te pas ten einde kontak op emosionele vlak verder uit te brei. In die sessie het Pieter 'n bewustheid van sy behoeftes en ervarings getoon en kon hy homself uitdruk. Hy kon ook keuses maak en sy sin van self is versterk.

Pieter het sy ervarings gemaklik met die navorser gedeel. Hy is bewus gemaak van alternatiewe rondom sy behoefte aan sy pa. Hy toon bewustheid van die fisiese verlies van sy pa, en kan identifiseer wat hy die meeste van sy pa gaan mis. Dit het dit ook vir hom moontlik gemaak om in kontak met 'n vorige verlies te kom en hy kon met die navorser daaroor te praat. Die benutting van musiek teen die einde van die sessie het hom gehelp om homself uit te druk wat kontak met homself versterk het. Dit het hom ook gehelp om balans te bereik aangesien hy hierdeur homself kan vertroetel. Dit kom voor asof Pieter op grond van versterkte terapeutiese kontak sy voorgrondbehoeftes kan uitdruk.

### 4.7.7 Sessie 6

- Doelwitte van die sessie

Om Pieter se emosionele kontakmaking verder aan te moedig en te ondersteun deur musiek as medium hiervoor te benut.

- Verloop van die sessie

Pieter kies om met die speelgoedmotortjies te speel waartydens hy bewustheid van sy situasie en sy ervaring uitbeeld. Hy vertel dat hy saam met die saamleefmaat rekenaarspeletjies speel en dat die persoon altyd wen. Die navorser vra wie hy nou in die motorspeletjie wil hê moet wen waarop hy noem dat hy self wil wen. Die navorser maak hom deur bemagtiging daarvan bewus dat hy nou kan wen as hy wil want hy is tydens die speletjie in beheer. Hulle ontdek die emosie rondom om te wen verder en Pieter brei meer hieroor uit. Hy sluit die speletjie af deur ŉ wens vir sy gesin en sy pa te kommunikeer.

Pieter kies volgende om weer met die klei te speel en hy wil "hartseer koekies" maak. Hy vertel dat sy pa hom gister hartseer gemaak het en hy vertel ook hoe nodig hy sy pa het. Hy sê dat hy nou klavier wil speel en hulle speel *My Heart Will Go On.* Hierdie aktiwiteit is deur Pieter as ŉ alternatief op die hartseer geïdentifiseer en dit het omgewingskontak verder aangemoedig. Pieter maak die klap van die klavier oop want hy wil hê dat die hartseer klanke "uit" die klavier moet kom. Die navorser reflekteer wat hy doen en verduidelik aan hom dat dit dalk soos ŉ mens se hart kan wees. ŉ Mens moet jou hart oopmaak sodat hartseer dinge wat gebeur kan uitkom sodat ŉ mens beter kan voel.

Hierna vra Pieter of die navorser vir hom ŉ ander hartseer liedjie sal speel en hy vra of sy hoor hoe die klanke "deur" die klavier kom. Hy speel op die lae note en sê dat sy lewe nou so voel soos die lae note. Die navorser vra meer hieroor uit om te ontdek wat die betekenis is wat hy daaraan heg. Hy identifiseer die lae note met die feit dat dit "sleg" gaan by die huis. Hy kies om ook ŉ "kwaad" liedjie te speel en verbreek hierna kontak. Die navorser vra hom wat hy kan gaan doen wat vir hom

lekker sal wees en Pieter sê dat hy 'n speletjie wil speel. Hiermee sluit hulle die sessie af.

- Evaluering van die sessie

Pieter toon 'n behoefte aan beheer aangesien hy voel dat die saamleefmaat by die huis beheer oor hom het. Pieter se bewustheid van sy sin van self en sy sensoriese kontak is in die sessie aangespreek wat hom gehelp het om sy gedagtes en emosies gemaklik uit te druk. Dit het emosionele kontak verder aangemoedig. Op sensoriese vlak is hierdie kontak spesifiek deur die benutting van musiek aangemoedig aangesien Pieter sê dat hy die klanke wil hoor wat hy speel sodat dit uit die klavier kan kom. Omgewingskontak is hiermee versterk.

Pieter kon deur die musiek uitdrukking gee aan die emosies hartseer en kwaad in terme van die emosionele nood wat hy ervaar. Dit het kontak verder versterk en ondersteun. Pieter kon beheer hierdeur ervaar en het vir die navorser gevra of sy ook vir hom 'n hartseer liedjie kan speel, wat bewustheid en terapeutiese kontak verder verhoog het. Dit getuig van goeie terapeutiese kontak.

Pieter kon sekere behoeftes uitspreek aangesien hy tot verhoogde bewustheid van homself begelei is. Hy het teen die einde van die sessie musiek as 'n alternatief vir die hartseer wat hy ervaar geïdentifiseer en kon dit uitvoer wat hom derhalwe bemagtig het.

### 4.7.8 Sessie 7

- Doelwitte van die sessie

Om Pieter bewus te maak van ondersteuningsnetwerke wat vir hom beskikbaar is. Die navorser wil hom bemagtig en hom ook op terminering voorberei.

- Verloop van die sessie

Die navorser berei Pieter op terminering voor en stel voor dat hulle vandag musiek gebruik om te ontspan. Hy sê dat hy eerder met die speelgoedmotortjies wil speel waarmee hy die "ou tye" toe sy gesin gelukkig was uitbeeld. Hierdeur word sy bewustheid van die verlies verhoog en wys hy vir die navorser hoe hulle gesinslewe was voor die egskeiding en hoe dit nou is. Hy beeld in die speletjie die tema van geweld uit en vertel van die tuinier wat by hulle gewerk het en wat toe dood is.

Pieter vertel weer van die saamleefmaat en wys dat hy moedeloos voel. Die navorser reflekteer sy ervaring hiervan en Pieter vertel verder dat die persoon hom soms 'n pakslae gee wat hom "sleg" laat voel. Die navorser sê dat sommige mense kies om ander 'n pakslae te geen en dat dit vir baie kinders "sleg" is. Hy neurie *My Heart Will Go On* en vra of hy dit vir die navorser mag sing. Hy sê dat dit voel asof hy wil doodgaan as gevolg van die saamleefmaat se gedrag. Hy vertel dat dit sy maag seer laat voel en die navorser vra wat daarvoor sal help. Hy antwoord dat medisyne sal help. Die navorser stel voor dat die klei "medisyne" kan wees wat hy met 'n glimlag op sy gesig "drink". Hierdeur wou sy hom bewus maak van ondersteuningsnetwerke en hulpbronne wat vir hom beskikbaar is.

Vervolgens gaan sit hulle by die klavier en die navorser vra hom om iets deur middel van die musieknote vir sy pa te sê. Hy sing in lettergrepe en druk sy ervaring van die emosionele nood hierdeur uit. Die navorser gebruik die note deur vir hom te vra wat hy nodig het van die mense wat hy lief het en of hy lief is vir homself want dit is belangrik. Hy sê dat hy tyd en drukkies van hulle wil hê en dat hy vir homself lief is. Pieter meld dat hy nou kwaad is en speel note wat dit voorstel. Laastens speel hy op die klavier se lae note en sê dat sy lewe nou so "laag" en "sleg" is nadat dit eers "hoog" en "lekker" was. Die navorser moedig hom aan om aan iets te dink wat hy kan doen om hierdie "lae" note hoër te laat beweeg en hiermee eindig hulle die sessie af.

- Evaluering van die sessie

Pieter toon kontak met homself in terme van wat hy graag wil doen en hy voer dit deur. Hy het sy ervarings van voor die egskeiding met die navorser gedeel, toe sy

gesin nog gelukkig was. Die ervaring was vir hom positief en hy kon hierdeur sy ervarings van dit wat hy verloor het uitdruk wat kontak met sy emosionele ervaring hiervan versterk het. Hy toon emosionele kontak en het in die sessie emosies van moedeloosheid en kwaad uitgedruk. Pieter het die geleentheid gekry om te praat oor wat tans op sy voorgrond is en het daarna spontaan begin sing wat op vertroeteling dui.

Deur te sing is sy frustrasietoleransie verhoog en kon hy meer indiepte uitbrei oor sy emosies en ervarings. Hy kon sê dat dit vir hom "lekker" voel om te sing en die navorser is van mening dat dit hom gehelp het om balans te bereik. Pieter het sy ervaring van die saamleefmaat weer uitgedruk en die navorser het hom begelei om op liggaamlike vlak kontak hiermee te maak. Pieter het genoem dat sy maag seer raak as hy aan die saamleefmaat dink en die navorser het met die "kleimedisyne" hom daarvan probeer bewus maak dat daar mense in sy omgewing is wat omgee en hom sal kan help op die manier waarop hulle kan. Hierdie ervaring moet egter in voortgesette terapie op emosionele vlak verder deurgewerk word.

Pieter het homself op die klavier uitgedruk asook wat hy voel en wat hy nodig het om gelukkig te wees. Hierdie aktiwiteit het kontak met sy voorgrondbehoeftes in terme van sy verlies aangemoedig en dit het hom ook beheer gegee wat hom verder bemagtig het. Hierdeur is hy tot verdere integrasie begelei. Die doelwitte van die sessie, naamlik verhoogde bewustheid van ondersteuningsnetwerke en voorbereiding op terminering is bereik.

### 4.7.9 Sessie 8

- Doelwit van die sessie

Om die terapeutiese proses met Pieter te termineer.

- Verloop van die sessie

Die navorser praat met Pieter oor terminering en hy sê dat hy vandag net met die speelgoedmotortjies en die klei wil speel. Hy sien egter die verskillende instrumente

en sê "*Wow!*" Hy begin spontaan daarop speel en stel voor dat hy die leiding gaan neem en dat die navorser dan moet volg. Hy ontdek die klanke op elke instrument en hoe dit klink. Pieter hou ook ritme op die instrumente en dans terwyl hy daarop speel, waarna het met die motortjies speel en terselfdertyd neurie. Die navorser maak hom hiervan bewus en hy vra of sy die betrokke liedjie ken wat hy neurie. Dit is 'n liedjie wat in die rolprent *Titanic* speel en hulle praat weer oor die verhaal. Pieter noem weer die emosie hartseer en verbreek kontak deur voor te stel dat hulle nou met die klei speel.

Hy meng die klei met skeerroom en sê dat dit baie "lekker" vir hom voel. Teen die einde van die sessie speel hy op die klavier "hoër" note en sê hy dat hy nou bietjie beter en gelukkiger voel en dat hy nie meer by die "lae" note is nie. Die navorser vra wat hiertoe aanleiding gegee het waarop hy sê dat dit hom gehelp het om soeter te wees en om vir die navorser te kom kuier.

- Evaluering van die sessie

Pieter toon goeie terapeutiese kontak asook kontak met homself. Hy toon kontak met homself in terme van sy behoeftes wat hy in die sessie uitdruk en in terme van die evaluasie wat hy teen die einde bied deur te sê dat dit met hom beter gaan.

Pieter kon homself met gemak deur die benutting van die instrumente uitdruk wat versterkte kontak met die omgewing en op sensoriese vlak tot gevolg gehad het. Dit het ook eksperimentering aangemoedig. Pieter toon liggaamlike kontak en kon homself spontaan verder uitdruk deur te neurie en dan te sing. Hy voel dus in die terapeutiese omgewing gemaklik om te neurie wat weer eens op 'n gevoel van veiligheid dui.

Pieter kon aan die einde deur middel van die klavier 'n bewustheid van 'n alternatief vir sy omstandighede uitbeeld. Hy het die klavier gebruik om te bepaal hoe dit nou met hom gaan en kon dit deur middel van die klavier met die navorser deel.

### 4.7.10 Evaluering in terme van die terapeutiese intervensie

Deur die verloop van die terapeutiese proses is Pieter se kontak op sensoriese vlak deur die benutting van musiek versterk en dit het hom gehelp om op sy gemak te voel en om terapeutiese kontak te maak. Musiek as medium is positief deur hom ervaar en die navorser is van mening dat hy gemaklik met musiek as medium was wat kontakmaking vergemaklik het. Pieter het op emosionele vlak kontak gemaak en ook met benutting van die musiek hierdie emosies uitgedruk. Sutton (2002:45) glo dat die geleentheid wat musiek bied om 'n emosie te ervaar en uit te druk helend is soos dit in Pieter se geval was.

Pieter het gemaklik voorgekom om tydens die sessies te sing en te neurie wat op versterkte kontak met homself dui. Dit het dit vir hom moontlik gemaak om op emosionele vlak meer van die situasie en sy ervaring daarvan met die navorser te deel, vanweë verhoogde frustrasietoleransie. Oaklander (1988:115) noem dat die kind wat emosionele nood ervaar se verhoogde frustrasietoleransie kontak wat hy met homself, sy omgewing en sy emosies maak versterk aangesien sy bewustheid in die hier-en-nou daardeur aangespreek word.

Pieter toon bewustheid in terme van die emosionele nood in die vorm van verlies wat hy ervaar en hy het kontak met emosies hartseer en kwaad gemaak. Hierdie emosionele kontak kon hy deur middel van musiek uitdruk wat hy by herhaling gedoen het. Hartseer word deur Olivier (1998:76) beskryf as 'n algemene ervaring vir die kind in die middelkinderjare wat deur 'n verlies gaan. Vos (in Hoffmann 2005:43) meld dat die geleentheid tot uitdrukking van dié emosie verdere hartseer en selfs depressie kan voorkom. Die herhaling in terme van die musiek wat Pieter gekies het het integrasie en balans aangemoedig en hy kon byvoorbeeld in die derde sessie sê dat hy nie meer so hartseer voel nie, wat hy in die agtste sessie herhaal het.

In die eerste sessie kon Pieter die emosie kwaad deur middel van sy liggaam en musiek uitdruk. Hierna het hy in die volgende sessies minder kwaad voorgekom, wat dit vir hom moontlik gemaak het om verdere emosionele kontak te maak. Musiek is in sekere sessies benut as 'n projeksiemedium om Pieter by te staan om kontak met sy voorgrondbehoeftes te maak wat hy dan ook gedoen het. Dit het emosionele kontakmaking versterk en hom bewus gemaak van moedeloosheid en

magteloosheid wat hy ook op emosionele vlak ervaar.

Hierdie geleentheid tot uitdrukking het Pieter begelei tot verhoogde integrasie en verhoogde bewustheid rondom alternatiewe wat vir hom beskikbaar is. Dit was bemagtigend vir hom en het aan hom beheer gegee wat hy nie tuis ervaar nie. Pieter het keuses gekry, ook in terme van musiek, wat aan hom verdere beheer gegee het. Olivier (1998:63) meld dat bemagtiging tydens die ervaring van emosionele nood 'n belangrike rol in terapie speel aangesien dit eksperimentering met nuwe gedrag aanmoedig wat nodig is vir aanpassing.

In die eerste, tweede, vierde, vyfde, sewende en agtste sessies het Pieter gekies om in een of ander vorm met musiek af te sluit. Dit het vir hom bygedra tot 'n gevoel van vertroeteling en veiligheid wat balans tot gevolg gehad het. In die laaste sessie het Pieter verskeie musiekinstrumente gebruik om mee te eksperimenteer wat ook kontak met die self en die omgewing aangemoedig het.

Pieter het kontak met sy situasie en sy verlies getoon en die spel-terapeutiese proses het hom tot 'n verhoogde bewustheid van en kontak met die emosionele nood wat hy ervaar begelei. Dit het ook kontak met homself en sy omgewing versterk wat hom bemagtig het en hom kon help om integrasie te bereik. Hy kon alternatiewe op sy voorgrondbehoeftes identifiseer en hy is tot selfvertroeteling begelei.

Die navorser is daarvan bewus dat Pieter in die laaste twee sessies getoon het dat hy nog nie gereed is vir terminering nie. Vanweë die doelstelling van die studie het die navorser op kontakmaking gefokus wat binne 'n beperkte aantal sessies aangespreek moes word. Voortgesette terapie deur die navorser is na afloop van die navorsingsproses met Pieter daargestel om hom verder te help om sy emosies ten opsigte van sy pa se saamleefmaat uit te druk en dit te verwerk. Vir die doel van die studie is die bevindinge ten opsigte van die voortgesette terapie egter nie van belang nie.

Vanuit die bogenoemde is dit duidelik dat musiek tydens terapie met Pieter suksesvol benut is om hom tot verhoogde sensoriese, liggaamlike, omgewings- en emosionele kontakmaking te begelei. Pieter het gemaklik voorgekom met musiek as medium, wat ook van die begin af die terapeutiese kontak bewerkstellig het.

## 4.8 TEMAS WAT VANUIT DIE EMPIRIESE GEGEWENS GEÏDENTIFISEER IS

Die navorser het die bogenoemde ingesamelde data gestruktureer en georganiseer waarna verdere aantekeninge gemaak is. Die proses is gevolg ten einde betekenisse aan die data te heg wat op grond van herhaling temas na vore gebring het. Hierdie temas reflekteer die Gestaltspelterapeutiese proses wat volgens die Schoeman model met drie kinders wat emosionele nood ervaar gevolg is om hulle kontakmaking te versterk. In die proses om die benuttingswaarde van musiek te verken en te beskryf kon die volgende temas suksesvol geïdentifiseer word:

- Tema 1: Sensoriese kontak is deur die benutting van musiek as medium binne die Gestaltspelterapeutiese proses met die respondente in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar, verhoog. Die respondente kon na musiek en klanke luister wat hierdie vlak van kontak aangemoedig het. Met behulp van musiek is Marie in die eerste sewe sessies op sensoriese vlak tot verhoogde kontak begelei. In die eerste, tweede, derde, vyfde en sesde sessies het die musiek ook herinneringe meegebring wat emosionele kontak tot gevolg gehad het. (Vergelyk Shaffer, 1996:2004.) Christa is deur middel van musiek in die eerste twee sessies, asook in sessie vyf en ses tot verhoogde sensoriese kontak begelei. In die tweede en vyfde sessies het hierdie sensoriese kontak ook herinneringe na vore gebring. Dit het in die eerste, sesde en agtste sessies na vore gekom dat musiek Pieter op sensoriese vlak tot verhoogde kontak begelei het. Oaklander (in Kaduson & Schaefer, 2000:29) beklemtoon die belangrikheid van kontak op hierdie vlak, aangesien dit verhoogde kontak op die ander vlakke tot gevolg het.
- Tema 2: Omgewingskontak is versterk deur die benutting van musiek as medium tydens die Gestaltspelterapeutiese proses met respondente wat weens emosionele nood nie kontak maak nie nadat hulle bewus gemaak is van die klanke en instrumente in hulle omgewing. Dit het met Marie in die eerste, tweede, derde, vyfde, sesde en agtste sessies na vore gekom. Omgewingskontak van Christa is in die eerste twee en in die vyfde sessies aangemoedig en versterk. Kontak op hierdie vlak is ook tydens die terapeutiese proses met Pieter in die eerste, tweede, vierde, sesde en agtste

sessies aangemoedig. Perls (1973:25) beklemtoon dat kontak op hierdie vlak vir die individu nodig is vir oorlewing.

- Tema 3: Musiek is benut om emosionele kontak van die respondente wat emosionele nood ervaar aan te moedig en te versterk. Oaklander (in Kaduson & Schaefer, 2000:30) is van mening dat die kind wat emosionele nood ervaar nie sy emosies in hierdie verband uitdruk nie. Schoeman en Van der Merwe (1996:3) benadruk die belangrikheid daarvan dat hierdie emosies wel uitgedruk moet word en Swallow (in Sutton, 2002:45) noem dat die geleentheid tot uitdrukking wat musiek bied helend kan wees. Emosionele kontak van Marie is in die tweede tot vierde en sesde tot en agtste sessies aangemoedig en versterk. Musiek is benut om Christa in die derde, vierde, vyfde en sewende sessies tot versterkte emosionele kontak te begelei en dit het na vore gekom dat musiek in elke sessie van Pieter emosionele kontak aangemoedig het.
- Tema 4: Musiek is in die Gestaltspelterapeutiese proses wat in hierdie studie uitgevoer is benut om terapeutiese kontak met die respondente wat emosionele nood ervaar te versterk. Die navorser en die respondente het saam klanke en musiek gemaak wat kontak op hierdie vlak versterk het. Fine (in La Torre, 2003:129) is van mening dat musiek terapeutiese kontak kan verhoog en Bannister (in Lefevre, 2004:333) brei hierdie idee verder uit deur te meld dat sekere aktiwiteite wat vertroue aanmoedig, soos byvoorbeeld die gebruik van musiek, kontakmakingsvaardighede versterk. Dit het in die eerste, tweede, derde, sesde en sewende sessies na vore gekom dat musiek wat in Marie se geval benut is bygedra het tot versterkte terapeutiese kontak. Musiek het tydens terapie met Christa in die eerste drie sessies terapeutiese kontak versterk wat bygedra het tot die vorming van die verhouding. Terapeutiese kontak wat Pieter met die navorser gemaak het is ook deur die benutting van musiek versterk, wat in die eerste twee sessies en in die sesde sessie gereflekteer word.
- Tema 5: Die respondente wat in hierdie studie betrek is het op hulle gemak en veilig gevoel deur die benutting van musiek. Hierdie gevoel van veiligheid is bereik deur die voorspelbaarheid wat deur die musiek as medium gebied is en deur aanvaarding wat die navorser deur middel van die musiek aan die respondente kon kommunikeer. Lefevre (2004:333) en Oaklander (1988:115) is van mening dat 'n verhoogde gevoel van veiligheid versterkte kontak tot

gevolg sal hê. Deur die benutting van musiek, wat die respondente veilig laat voel het, kon die navorser makliker 'n verhouding bou met die respondente wat vanweë emosionele nood nie kontak maak nie. In die eerste, tweede en vyfde sessies van Marie het hierdie aspek na vore gekom wat dit vir haar moontlik gemaak het om meer van haarself met die navorser te deel. Musiek het in die terapeutiese proses met Christa in die eerste twee en die vierde sessies bygedra tot 'n gevoel van veiligheid. Musiek as medium het Pieter in al die sessies veilig laat voel.

- Tema 6: Musiek het die respondente se frustrasietoleransie verhoog, wat dit vir hulle moontlik gemaak het om meer van hulleself en hulle ervaring van die emosionele nood waarin hulle verkeer te deel wat kontak hiermee versterk het. Oaklander (1988:115) noem dat, indien die kind met emosionele nood verhoogde frustrasietoleransie ervaar dit kontak vergemaklik aangesien bewustheid hierdeur verhoog word. Hierdie verhoging van frustrasietoleransie deur byvoorbeeld agtergrondmusiek of deur klanke te speel is in die vyfde en sesde sessies sowel as in die agtste sessie van Marie deur musiek aangemoedig. Musiek het ook Christa se frustrasietoleransie in die eerste, vierde en sesde sessies verhoog wat haar tot verhoogde kontak met die verlies wat sy ervaar begelei het. Pieter het in die tweede sessie verhoogde frustrasietoleransie ervaar, wat deur die benutting van musiek bewerkstellig is.
- Tema 7: Die respondente kon deur middel van musiek as medium hulleself uitdruk in terme van wie hulle is, waarvan hulle hou en wat hulle ervaar, wat bewustheid verhoog het. Hierdie geleentheid tot uitdrukking in die terapeutiese proses wat deur musiek moontlik gemaak word is vir die kind wat emosionele nood ervaar belangrik en dit kan helend wees (Swallow in Sutton, 2002:45). Die respondente kon hulself met behulp van musiek uitdruk wat bewustheid van wie hulle is en wat hulle ervaar verhoog het. (Vergelyk Alvin & Kaser in Lefevre, 2004:338.) Marie en Pieter het in al die sessies hulleself of hulle ervarings deur die benutting van musiek uitgedruk. Christa het vanaf die tweede tot die vyfde sessies haarself deur middel van musiek uitgedruk.
- Tema 8: Deur die gebruik van musiek is integrasie en balans van die respondente wat emosionele nood ervaar aangemoedig. Pavlicevic (in Sutton, 2002:112) is van mening dat die geleentheid wat die kind kry om iets te maak, die geleentheid tot herformulering en integrasie daarstel. Die respondente het

hulle ervarings uitgedruk, en kon dit ook deur die benutting van musiek herhalend voorstel wat integrasie en balans aangemoedig het, aangesien dit hulle bewus gemaak het van hulle behoeftes rondom hierdie ervarings van die emosionele nood. Marie het in die tweede tot die sewende sessies haar ervarings van die emosionele nood deur middel van musiek uitgedruk, terwyl Christa dit in die tweede, derde en vierde sessies gedoen het. Pieter het in elke sessie sy ervaring van die emosionele nood met behulp van musiek uitgebeeld.

- Tema 9: Die respondente is deur die benutting van musiek bemagtig wat hulle sin van self verhoog het, deurdat hulle in terme van die musiek keuses gehad het, wat ook aan hulle beheer gegee het. Hierdie beheer bring verantwoordelikheid mee wat, volgens Perls (in Schoeman, 2004a:58), nodig is vir suksesvolle aanpassing na gelang van emosionele nood. Volgens Schoeman (2004b:119) versterk die beheer wat aan die kind wat emosionele nood ervaar gegee word ook sy innerlike krag. Tydens die tweede en vyfde sessies is Marie deur middel van musiek bemagtig. Christa is in die tweede sessie bemagtig en musiek is in die vierde, sesde en agtste sessie met Pieter benut vir bemagtiging.
- Tema 10: Musiek as nie-verbale medium het aan die respondente wat emosionele nood ervaar 'n manier gebied om te eksperimenteer. Eksperimentering, ten opsigte van klanke wat deur die respondente wat nie kontak maak nie op verskillende instrumente gemaak word, gee aan hulle die geleentheid om die effek hiervan op hulleself en op die omgewing te ervaar. Dit moedig kontak aan aangesien dit verhoogde bewustheid tot gevolg het. (Vergelyk Oaklander, 1988:114.) Marie en Pieter het tydens al hulle sessies deur middel van musiek geëksperimenteer en Christa het in die tweede tot vyfde sessies met musiek geëksperimenteer.
- Tema 11: Musiek het aan die respondente 'n metode van vertroeteling gebied deurdat hulle musiek kon benut om iets vir hulleself te doen wat vir hulle lekker sal wees. Deur die benutting van musiek kon Marie in die eerste en sewende sessies haarself vertroetel. Vertroeteling is in Christa se vierde sessie deur musiek aangemoedig en in Pieter se eerste, tweede, vyfde en sewende sessies. Vertroeteling word as 'n deel van die spel- terapeutiese proses van Schoeman (2004b:118) uitgelig en as belangrik gesien, aangesien dit bydra tot versterking van die kind wat emosionele nood ervaar se sin van

self. Dit help ook die kind wat emosionele nood ervaar om balans te bereik (Schoeman 2004b:119) sodat sy Gestalt voltooi kan word.

- Tema 12: Die respondente se persoonlikhede en behoeftes het deur die musiek na vore gekom, wat die navorser gehelp het om hulle op hierdie vlak te leer ken. (Vergelyk Lefevre, 2004:342) Die kind wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar weerhou homself van kontak met die omgewing, wat dit vir die terapeut moeilik maak om hom te leer ken en om vas te stel wat sy behoeftes is. In hierdie studie kon die navorser die manier waarop die respondente musiek maak observeer, wat die navorser gehelp het om kontakgrensversteurings te identifiseer en meer inligting oor die kind se wêreld, voorkeure en ervarings te bekom. Musiek het dit vir Marie, Christa en Pieter moontlik gemaak om gedurende die proses meer van hulleself te deel, wat die navorser gehelp het om hulle te leer ken en om in terapie ingestel te wees op hulle unieke behoeftes.
- Tema 13: Musiek het kommunikasie aangemoedig, waardeur die respondente se onvoltooidhede aangespreek kon word. Jolly (in Bunt & Hoskyns, 2002:15) is van mening dat musiek dit vir die kind moontlik maak om dinge te kommunikeer wat op enige ander manier vir hom onmoontlik sou wees, veral in die geval van die kind wat emosionele nood ervaar en weens pynlike ervarings homself onttrek en dit moeilik vind om te kommunikeer. Tydens Marie se vierde en sewende sessies en Christa se vierde en vyfde sessies is musiek benut om hulle verder van hulle onvoltooidhede in terme van die emosionele nood wat hulle ervaar bewus te maak. Tydens Pieter se tweede en sewende sessies het musiek aan hom die geleentheid gegee om sy onvoltooidheid aan te spreek deur daaroor te kommunikeer, wat ook bewustheid daarvan verhoog het. Die respondente het hierdie onvoltooidhede deur middel van musiek voorgestel, wat kommunikasie oor die emosionele nood wat hulle ervaar aangemoedig het.
- Tema 14: Musiek is benut om twee respondente wat emosionele nood ervaar deur 'n projeksie te begelei wat met hulle ervaring van die verlies verband hou. Deur die benutting van sekere instrumente en vorme van musiek kon hierdie respondente 'n emosie met hulle ervaring van die emosionele nood identifiseer en dit deur die musiek voorstel. Oaklander (in Blom, 2004:144) stel voor dat alles wat die kind maak iets van homself voorstel en 'n projeksie is. Volgens Perls (1973:33-40) hou die individu tydens projeksies die

omgewing verantwoordelik vir iets wat 'n deel van die hom is wat hy tans weens die intense ervaring daarvan nie kan hanteer nie. Musiek is effektief benut om Christa in sessies drie en vyf deur 'n projeksie te begelei. Pieter is met musiek deur projeksies begelei in al die sessies, behalwe die tweede sessie.

- Tema 15: Musiek kon twee van die respondente help om die inhoud van die sessies te evalueer deur hierdie evaluering op 'n instrument voor te stel. Schoeman (2004b:178) meld dat evaluering bewustheid verhoog wat die kind wat emosionele nood ervaar bewus maak van die ondersteuning wat aan hom beskikbaar is om sy behoeftes te bevredig. In die geval van die kind wat emosionele nood ervaar en gevolglik nie balans ervaar nie is hierdie aspek belangrik. Musiek is benut vir evaluering in Marie se eerste en agtste sessies en in Pieter se sesde en sewende sessies.

## 4.9 ALGEMENE OPMERKINGS

Met hierdie studie het die navorser beoog om die benuttingswaarde van musiek tydens kontakmaking in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar en gevolglik nie kontak maak nie te verken en te beskryf. Die navorser kon musiek as medium suksesvol met al drie respondente benut om kontakmaking in die spel- terapeutiese proses aan te moedig as begeleiding deur die emosionele nood wat hulle ervaar. Die navorser het by al die respondente egter waargeneem dat die terapeutiese proses nie afgehandel is nie. Hulle is weens verhoogde kontak van sekere onvoltooidhede bewus gemaak spesifiek in terme van die emosionele nood wat hulle ervaar. Verdere terapeutiese begeleiding deur hierdie ervaring van die emosionele nood is deur die navorser aan elke respondent gebied, aangesien die proses nie afgehandel is nie. Vir die doel van hierdie studie is bevindinge ten opsigte van die voortgesette terapie egter nie van belang nie.

Blom (2004:211) noem dat groei en ontwikkeling negatief beïnvloed word deur die ervaring van emosionele nood. Thompson en Rudolph (2000:6) sluit hierby aan deur te meld dat kinders dit moeilik vind om na gelang van veranderinge soos in die geval van verlies as 'n vorm van emosionele nood aan te pas. Onvanpaste

beskermingsmeganismes word dan deur die kind oor 'n tydperk aangeleer in 'n poging om balans te ervaar (Oaklander in Kaduson & Schaefer, 2000:30) en kan nie noodwendig binne die bestek van sewe of agt terapeutiese sessies aangespreek word nie. Die navorser se ervaring in praktyk met die respondente sluit dus goed by die literatuur aan.

## 4.10 SAMEVATTING

Die navorsingsbevindinge is op gevallestudies gebaseer wat deur middel van die Gestaltspelterapeutiese proses ingesamel is. Die inhoud van elke sessie is in hierdie hoofstuk afsonderlik bespreek waarna daar 'n evaluering van elke respondent se sessie gebied is. Die doel van hierdie hoofstuk was om die benuttingswaarde van musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses te verken en te beskryf deur musiek in terapie te benut om die respondente tot versterkte kontak te begelei. Die benuttingswaarde van musiek is uitgebeeld in die temas wat op grond van herhaling na vore gekom het en aan die einde van hierdie hoofstuk bespreek en met literatuur in verband gebring is. Hierdie temas reflekteer die waarde wat musiek as medium inhou.

In Hoofstuk Vyf sal die studie saamgevat word en sal daar bepaal word of die doelstelling en die doelwitte van die studie suksesvol bereik is. Daar sal ook gevolgtrekkings en aanbevelings gebied word op grond van die temas wat vanuit die empiriese gegewens geïdentifiseer is.

# 5 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die gevallestudies van die navorsing en die navorsingsbevindinge bespreek. Aan die einde van die vierde hoofstuk is sekere temas wat hieruit vloei uiteengesit. Hierdie temas is geïdentifiseer op grond van herhaling wat vanuit die navorsingsbevindinge na vore gekom het en dit lig die benuttingswaarde uit van musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar en nie kontak maak nie.

In hierdie hoofstuk gaan die navorsingsproses wat gevolg is geëvalueer word en gaan daar vasgestel word of die navorsingsvraag beantwoord is en of die doelstelling en die doelwitte van die studie suksesvol bereik is. Hierna gaan die gevolgtrekkings en aanbevelings van die navorsing uitgelig word. Vervolgens word die navorsingsproses aan die hand van die navorsingsvraag, die doelstelling en doelwitte van die studie en die voorafgaande hoofstukke wat gebied is geëvalueer.

## 5.2 EVALUERING VAN DIE NAVORSINGSPROSES

### 5.2.1 Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag wat vir die studie geformuleer is was as volg:

Wat is die benuttingswaarde van musiek as medium tydens kontakmaking in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar?

Dit het vanuit die empiriese inligting na vore gekom dat musiek in die Gestaltspelterapeutiese proses benuttingswaarde het ten einde die kind in die

middelkinderjare wat emosionele nood ervaar se kontakmaking te versterk. Hierdie vraag is deur die temas wat in Hoofstuk Vier na vore gekom het beantwoord waarin die benuttingswaarde van musiek met betrekking tot verskeie aspekte in die Gestaltspelterapeutiese proses bespreek is.

### 5.2.2 Doelstelling en doelwitte

Die doelstelling wat vir hierdie studie gespesifiseer is was om die benuttingswaarde van musiek as medium tydens kontakmaking in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar te verken en te beskryf ten einde 'n leemte in die bestaande literatuur oor dié onderwerp aan te vul. Die volgende doelwitte is geformuleer ten einde die doelstelling te bereik:

Doelwit 1: Om 'n teoretiese perspektief op die Gestalt- terapeutiese benadering en die Gestaltspelterapeutiese proses te bied. Hierdie doelwit is bereik deur in Hoofstuk Twee 'n perspektief te bied op die Gestaltspelterapeutiese benadering en die Gestaltspelterapeutiese proses soos in die Schoeman-model uiteengesit.

Doelwit 2: Om 'n indiepte literatuurstudie van die ontwikkelingsmylpale van die kind in die middelkinderjare, die kind wat weens emosionele nood in die vorm van verlies nie kontak maak nie en musiek as medium binne die Gestaltspelterapeutiese proses te onderneem. Hierdie doelwit is bereik deur die literatuurstudie wat onderneem is en in Hoofstuk Drie uiteengesit is. In die hoofstuk is die ontwikkelingsmylpale van die kind in die middelkinderjare bespreek. Daarna is daar 'n bespreking gebied van die kind in hierdie lewensfase wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar. Laastens is musiek as medium binne die Gestaltspelterapeutiese proses beskryf.

Doelwit 3: Om deur die benutting van semi-gestruktureerde onderhoude met drie kinders in die middelkinderjare wat weens emosionele nood nie kontak maak nie die benuttingswaarde van musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses te verken en te beskryf. Hierdie doelwit is bereik deurdat drie kinders in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar betrek is by die terapeutiese proses.

Hierdie proses is in Hoofstuk Vier beskryf.

Doelwit 4: Om deur middel van Creswell se spiraal van data-analise data te analiseer en dit met literatuur in verband te bring ten einde die navorsingsbevindinge te beskryf. Hierdie metode van data-analise is in Hoofstuk Vier beskryf en dit het bygedra tot die formulering van die temas wat in die proses na vore gekom het en met literatuur in verband gebring is. Hierdie temas is in die einde van Hoofstuk Vier bespreek.

Doelwit 5: Om gevolgtrekkings en aanbevelings te formuleer ten einde 'n leemte in die bestaande literatuur rondom musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar en gevolglik nie kontak maak nie aan te vul. Hierdie doelwit word onder gevolgtrekkings en aanbevelings in die hieropvolgende afdelings bespreek.

Die bogenoemde dui daarop dat die doelstelling van hierdie studie deur die uitvoering van die geformuleerde doelwitte bereik is. Vervolgens word daar ter evaluering 'n samevatting van die eerste drie hoofstukke van die studie gebied.

### 5.2.3 Samevatting van die hoofstukke

In Hoofstuk Een is die oorsig en rasionaal van die studie gebied. Die studie fokus op die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar en homself gevolglik onttrek. Dit het na vore gekom dat daar min literatuur oor die benutting van musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses bestaan om die kind wat emosionele nood ervaar in terapie te bereik. Die doelstelling van hierdie studie, wat in die eerste hoofstuk geformuleer is, is om die benuttingswaarde van musiek as medium tydens kontakmaking in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar te verken en te beskryf ten einde 'n leemte in die bestaande literatuur oor die onderwerp aan te vul.

Die toegepaste navorsing wat onderneem is, is volgens die kwalitatiewe benadering uitgevoer om die benuttingswaarde van musiek in die terapie proses met die kind

wat emosionele nood ervaar te verken en te beskryf. Die navorser het van 'n instrumentele gevallestudie as navorsingstrategie gebruik gemaak en semi-gestruktureerde onderhoude in die vorm van Gestaltspelterapie uitgevoer om die data in te samel. Daar is van 'n nie-waarskynlikheid- doelgerigte steekproeftrekking gebruik gemaak om kinders wat emosionele nood in terme van verlies ervaar vir hierdie studie te identifiseer. Die proses wat gevolg is tydens data-insameling en -analise word ook in hierdie hoofstuk weergegee.

Die tweede hoofstuk het gefokus op die teoretiese uitgangspunte van die Gestaltbenadering, wat as 'n raamwerk vir hierdie studie dien. In hierdie hoofstuk is die beginsels van die Gestaltbenadering bespreek. Hierdie benadering veronderstel dat die individu uit verskeie verbandhoudende dele bestaan wat saam bydra tot 'n geheel en dat die individu nie in isolasie gesien kan word nie. Die individu het die potensiaal om te groei en om as 'n organismiese geheel balans te ervaar. Hierna is die Gestaltspelterapeutiese proses as 'n spesifieke vorm van terapie aan die hand van Schoeman se model bespreek. In hierdie model word die beginsels van die Gestaltbenadering gevolg om die kind wat emosionele nood ervaar bewus te maak van sy totale direkte ervarings wat gevolglik kontak versterk.

Hoofstuk Drie is gebruik om die ontwikkelingsmylpale van die kind in die middelkinderjare te beskryf. Aspekte van die kind se kognitiewe, emosionele, morele en sosiale ontwikkeling is uitgelig sodat 'n beter begrip gevorm kan word van die dinamika van hierdie ontwikkelingsfase. Dit kom na vore dat hierdie vlakke van ontwikkeling interafhanklik is en mekaar gevolglik beïnvloed. Voorts is daar 'n beskrywing gegee van die kind in hierdie fase wat verlies as 'n vorm van emosionele nood ervaar en gevolglik nie kontak maak nie. Dit kom na vore dat emosionele nood en die aanpassing in hierdie gevalle vir die kind moeilik is wat onttrekking en 'n wanbalans tot gevolg het. Laastens is daar 'n bespreking van musiek as medium in die terapeutiese proses gebied. Dit het hierdeur na vore gekom dat musiek vir verskeie terapeutiese doelwitte benut kan word.

In die vierde hoofstuk is die gevallestudies en navorsingsbevindinge weergegee. Aan die einde van hierdie hoofstuk is temas wat op grond van hierdie bevindinge na vore gekom het bespreek. Hierdie temas dien as die basis vir die gevolgtrekkings van die studie wat in die volgende afdeling uitgelig word.

## 5.3 GEVOLGTREKKINGS

Dit was moontlik om na gelang van die ingesamelde inligting sekere gevolgtrekkings te maak om te bepaal of die doelstelling van die studie, naamlik die verkenning en beskrywing van die benuttingswaarde van musiek as medium tydens kontakmaking in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat verlies as 'n vorm van emosionele nood ervaar ten einde 'n leemte in die bestaande literatuur oor die onderwerp aan te vul, bereik is. Vervolgens word hierdie gevolgtrekkings uitgelig:

- Musiek kan benut word tydens die Gestaltspelterapeutiese proses om die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar en homself onttrek se sensoriese kontak te verhoog. Hierdie verhoogde sensoriese kontak wat deur musiek bewerkstellig kan word, roep herinneringe op wat kontak op ander vlakke ook kan verhoog.
- Musiek kan in die Gestaltspelterapeutiese proses benut word om die kind wat weens verlies as 'n vorm van emosionele nood homself onttrek tot versterkte omgewingskontak te begelei.
- Musiek kan in die Gestaltspelterapeutiese proses benut word om die kind wat verlies as 'n vorm van emosionele nood ervaar in kontak met sy emosionele ervarings van die verlies te bring.
- Musiek kan tydens die Gestaltspelterapeutiese proses benut word om terapeutiese kontak met die kind in die middelkinderjare wat nie kontak maak nie te versterk.
- Musiek kan in die Gestaltspelterapeutiese proses benut word om die kind in die middelkinderjare, wat emosionele nood ervaar en gevolglik vir terapie kom veilig te laat voel. Op grond hiervan kan musiek help om 'n terapeutiese verhouding met die kind te bou.
- Musiek kan in die Gestaltspelterapeutiese proses bydra tot die verhoging van frustrasietoleransie by die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar, wat ook bewustheid en kontakmaking verhoog.
- Die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar kan deur middel van musiek in die Gestaltspelterapeutiese proses homself uitdruk. Hierdie geleentheid tot uitdrukking kan helend wees en bewustheid verhoog.

- Balans en integrasie kan deur die benutting van musiek in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind wat verlies as 'n vorm van emosionele nood ervaar aangemoedig word.
- Musiek bied aan die terapeut geleentheid om die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar te bemagtig, waardeur hy sukses kan ervaar.
- Musiek as 'n nie-verbale medium kan in die Gestaltspelterapeutiese proses benut word vir eksperimentering. Hierdie geleentheid tot eksperimentering maak dit vir die kind wat emosionele nood ervaar moontlik om homself verder uit te druk wat verhoogde bewustheid tot gevolg het.
- Musiek kan aan die kind in die middelkinderjare wat verlies as 'n vorm van emosionele nood ervaar 'n metode van vertroeteling daarstel waartydens hy vir homself toestemming gee om vir homself goed te wees.
- Musiek kan in die Gestaltspelterapeutiese proses benut word om die kind in die middelkinderjare wat vir terapie ingeskakel is te leer ken. Deur middel van die benutting van musiek as medium kan die kind wat emosionele nood ervaar se behoeftes, persoonlikheid en vlak van kontakmaking geobserveer word.
- Musiek kan met die kind in die middelkinderjare wat verlies as 'n vorm van emosionele nood ervaar benut word om kommunikasie aan te moedig, waardeur sy onvoltooidhede aangespreek kan word. Dit kan vir die kind in terapie minder bedreigend wees om met behulp van hierdie medium te kommunikeer.
- Musiek kan gebruik word deur die terapeut om die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar in die Gestaltspelterapeutiese proses deur 'n projeksie te begelei.
- Musiek kan in die Gestaltspelterapeutiese proses benut word om die inhoud van sessies te evalueer, wat bewustheid verhoog in terme van beskikbare ondersteuning vir die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar.

Vanuit die bogenoemde gevolgtrekkings kom dit na vore dat musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar benuttingswaarde het. In die laaste afdeling word daar aanbevelings gemaak in terme van die benuttingswaarde van musiek in die Gestaltspelterapeutiese proses tydens kontakmaking van die kind in die

middelkinderjare wat emosionele nood ervaar.

## 5.4 AANBEVELINGS

In die volgende afdeling word 'n aantal spesifieke aanbevelings gemaak op grond van die benuttingswaarde van musiek as medium tydens kontakmaking in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat verlies as 'n vorm van emosionele nood ervaar. Hierdie aanbevelings spruit voort uit die bogenoemde gevolgtrekkings en word toegespits op die kind wat emosionele nood ervaar en gevolglik vir terapie ingeskakel is.

- Die navorser beveel aan dat die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar tydens terapie na verskillende klanke luister om sensoriese kontakmaking aan te moedig. Dit kan herinneringe oproep wat verhoogde kontak op ander vlakke tot gevolg kan hê.
- Die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar en homself onttrek kan tydens terapie aangemoedig word om klanke op verskillende instrumente te maak wat omgewingskontak sal versterk.
- Die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar en homself onttrek kan tydens terapie aangemoedig word om deur middel van musiek emosies wat hy ervaar uit te druk deur op verskillende instrumente te speel.
- Die navorser beveel aan dat die terapeut gedurende terapie saam met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar klanke maak om terapeutiese kontak te versterk.
- Deur musiek as 'n gereelde medium te benut kan die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar in terapie veilig voel. Die navorser beveel herhaling op hierdie vlak aan sodat vertroue en 'n terapeutiese verhouding met die kind in terapie bewerkstellig kan word. Deur die kind toe te laat om op enige manier met die musiek om te gaan word aanvaarding aan hom gekommunikeer.
- Musiek kan tydens terapie in die agtergrond gespeel word in tye wat die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar moeilik kontak maak weens pynlike ervarings of herinneringe. Die navorser beveel dit aan om die kind se frustrasietoleransie te verhoog wat verdere kontak aanmoedig.

- Dit word aanbeveel dat die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar en homself onttrek in terapie aangemoedig word om wie hy is met behulp van verskeie musiekinstrumente of klanke uit te druk.
- Dit word aanbeveel om die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar en homself onttrek in terapie 'n geleentheid te gee om klanke met behulp van musiek te maak wat integrasie, herformulering en balans sal aanmoedig.
- Die navorser beveel aan dat die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar tydens terapie geleer word om iets op 'n instrument te speel sodat hy sukses kan ervaar wat hom sal bemagtig. Verdere bemagtiging kan bewerkstellig word deur aan die kind keuses rondom verskillende instrumente te bied.
- Daar word aanbeveel dat die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar in terapie die geleentheid gegun word om met verskillende klanke en instrumente te eksperimenteer wat kontakmaking sal versterk.
- Musiek kan vir vertroeteling benut word indien die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar dit tydens terapie as 'n metode van vertroeteling identifiseer deur byvoorbeeld te kies om na musiek te luister of musiek te maak. Die navorser stel voor dat musiek bloot beskikbaar is en dat die kind steeds self die metode van vertroeteling kies.
- Deur die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar deur middel van musiek te observeer kan die terapeut tydens terapie inligting rakende sy behoeftes, persoonlikheid en vlak van kontakmaking bekom. Daar word aanbeveel dat die terapeut ten volle betrokke moet wees en moet observeer terwyl die kind musiek maak.
- Die navorser beveel aan dat die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar tydens terapie gevra word om deur middel van musiek te kommunikeer en iets vir iemand of iets in sy lewe deur verskillende note op die instrument te sê, waarna hy tot verhoogde bewustheid hiervan begelei kan word. Dit kan hom help om 'n onvoltooidheid aan te spreek en dit kan hom deur 'n projeksie begelei.
- Die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar kan byvoorbeeld tydens terapie aangemoedig word om deur middel van musiek uit te beeld hoe hy die sessie en aspekte van die sessie ervaar het. Dit word aanbeveel as 'n metode van evaluasie van die sessie.

## 5.5 VERDERE AANBEVELINGS

Daar is enkele verdere aanbevelings wat gemaak kan word op grond van die benutting van musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood in die vorm verlies ervaar en gevolglik nie kontak maak nie. Die volgende aanbevelings kan gemaak word om die huidige studie te verbeter en om verdere navorsing in hierdie veld voor te stel.

- Vanweë die omvattende aard van musiek as medium asook individuele voorkeure word daar aanbeveel dat verskeie vorme van musiek vir die kind wat emosionele nood ervaar en vir terapie kom in die terapielokaal beskikbaar is. Die terapeut moet bewus wees van die ervarings, behoeftes en voorkeure van die kind wat vir terapie kom. Die navorser beveel aan dat die terapeut kennis moet dra daarvan dat elke kind uniek is en unieke voorkeure het in terme van terapeutiese mediums. Die kind moet gemaklik met musiek as medium wees, en hy moet hierdie medium kies alvorens dit terapeuties benut kan word.
- Sekere musiekinstrumente is groot en is moeilik om te vervoer. Dit word dus aanbeveel dat die terapielokaal reeds toegerus moet wees met verskeie instrumente en vorme van musiek wat tydens die Gestaltspelterapeutiese proses en vir verdere navorsing benut kan word.
- In terme van die kind wat nie kontak maak nie as gevolg van emosionele nood word daar aanbeveel dat die terapeut kennis dra van die kind se kontakgrense en -versteurings en dat dit gerespekteer moet word aangesien hierdie versteurings as beskermingsmeganismes dien.
- In verdere navorsing rondom die benuttingswaarde van musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses kan spesifieke tegnieke rondom musiek ondersoek word wat kontak op sensoriese, omgewings-, emosionele terapeutiese en liggaamlike vlakke afsonderlik kan verhoog. Dit kan verder uitgebrei word om ook in groepsverband gebruik te word. Die benuttingswaarde van musiek rondom die verhoging van ander Gestaltkonsepte, soos in Hoofstuk Twee en Drie uiteengesit, kan ook moontlik in volgende navorsing verken en beskryf word.
- 'n Volgende studie rondom die benutting van musiek in die

Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar kan fokus op een vorm van emosionele nood, soos byvoorbeeld die dood van 'n ouer, en wat die benuttingswaarde van musiek in die begeleiding deur dié spesifieke vorm van emosionele nood is.

- Tydens die evaluering van die studie is dit noodsaaklik om die dinamika van die individuele kind se maatskaplike omstandighede ook in ag te neem en dit in verband te bring met die uitkomste van die studie.

## 5.6 SAMEVATTING

Die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar en homself onttrek maak nie effektief kontak met homself en die omgewing nie. Dit het tot gevolg dat sy behoeftes nie effektief bevredig kan word nie, wat normale groei negatief beïnvloed. Dit kom in verskeie literatuur na vore dat musiek waarde het in die terapeutiese proses en dat dit vir verskillende doelwitte gebruik kan word. Dit het egter ook na vore gekom dat daar min literatuur bestaan rondom die gebruik van musiek as medium in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar. Hierdie studie is onderneem om die benuttingswaarde van musiek as medium tydens kontakmaking in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat verlies as 'n vorm van emosionele nood ervaar te verken en te beskryf ten einde 'n leemte in die bestaande literatuur oor die onderwerp aan te vul.

In die tweede en derde hoofstukke is daar literatuur aangebied rondom die Gestaltterapeutiese proses as die benadering waaruit hierdie studie onderneem is en rondom die kind in die middelkinderjare en die kind in hierdie lewensfase wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar. Daar is ook 'n bespreking van musiek as medium aangebied, waaruit die waarde van musiek na vore gekom het. In die vierde hoofstuk is die navorsingsbevindinge bespreek wat geskoei is op semi-gestruktureerde onderhoude wat aan die hand van Gestaltspelterapie en volgens Schoeman se model uitgevoer is. In die laaste hoofstuk is die gevolgtrekkings en aanbevelings wat die benuttingswaarde van musiek as medium tydens kontakmaking verken en beskryf weergegee.

Die bogenoemde gevolgtrekkings en aanbevelings met betrekking tot die benuttingswaarde van musiek as medium kan benut word om die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar te begelei om normale kontak te maak sodat hy kan groei en integrasie en balans kan bereik. Dit navorser kon tot die slotsom kom dat musiek as medium in begeleiding tot kontakmaking binne die Gestaltspelterapeutiese proses benuttingswaarde het en op verskeie maniere benut kan word met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood ervaar

# BRONNELYS

Babbie, E. 2004. *The Practice of Social Research*. 10th ed. Belmont: Wadsworth Publishing Company.

Berk, L. E. 2000. *Child Development*. 5th ed. Massachusetts: Allyn & Bacon.

Black, S. 2005. How teachers and counselors can reach out to bereaved students: When children grieve. *American School Board Journal*, 2005:28-30.

Blom, R. 2004. *Handbook of Gestalt Play Therapy: Practical Guidelines for Child Therapists*. Fichardtpark: R. Blom.

Bjørkvold, J. 1987. Our Musical Mother Tongue- World Wide: Some communicative traits of the spontaneous singing of young children in Oslo, Leningrad and Southern California. *Children's Creative Communication. The Fourth International Congress of the study of child language Lund*, 1987:110-127.

Bunt, L. & Hoskyns, S. 2002. *The Handbook of Music Therapy*. East Sussex: Brunner-Routledge.

Busch, T. & Kimble, C. S. 2001. Grieving children: Are we meeting the challenge? *Pediatric Nursing*, 27(4):414-418.

Clarkson, P. 1989. *Gestalt Counselling in Action*. London: SAGE Publications, Ltd.

Cohen, J.A. & Mannarino, A.P. 2004. Treatment of Childhood Traumatic Grief. *Journal of Clinical Child and Adolescent Psychology*, 33(4):819-831.

Corey, G. 2001. *Theory and Practice of Counseling and Psychotherapy*. 6th ed. Stamford: Wadsworht/Thompson Learning.

De Vos, A.S. 2005. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots. For the*

*social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Delport, C.S.L. &. Fouché, C.B. 2005. The place of theory and the literture review in the qualitative approach to research. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Engelbrecht, P. & Green, L. 2001. *Promoting Learner Development. Preventing and working with barriers to learning*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Feder, E. & Feder, B. 1981. *The Expressive Arts Therapies. Art, Music and Dance as Psychotherapy*. New Jersey: Prentice-Hall, Inc.

Fouché, C.B. 2005. Qualitative research designs. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. & De Vos, C.S.L. 2005. Problem formulation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. Introduction to the research process. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Gallant, W. & Holosko, M. 2001. Music Intervention in grief work with clients experiencing loss and bereavement. *Guidance & Counseling*, 16(4):115-122.

Gold, C., Voracek, M. & Vigram, T. 2004. Effects of music therapy for children and adolescents with psychopathology: a Meta-analysis. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 45(6):1054-1063.

Goldman, L. 2004. Counselling with Children in Contemporary Society. *Journal of Mental Health Counseling*, 26(2):168-187.

Greeff, M. 2005. Information collection: Interviewing. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Haggard, G. 2005. Providing School Support for the Grieving Child. *The Delta Kappa Gamma Bulletin*, 2005:25-26.

HAT. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, 1991. 2e uitgawe. Kaapstad: Perskor-Uitgewery.

Hoffmann, S.F. 2005. *Gestaltspelterapeutiese riglyne vir die hantering van die kind wat verlies ervaar: 'n Pastorale perspektief*. Ongepubliseerde MDiac skripsie. Universiteit van Suid-Afrika.

Joyce, P. & Sills, C. 2001. *Skills is Gestalt Counselling & Psychotherapy*. London: Sage Publications Ltd.

Kaduson, H.G. & Schaefer, C.E. 2000. *Short-term Play Therapy for Children*. New York: The Guilford Press.

La Torre, M.A. 2003. Integrated perspectives: The use of music and sound to enhance the therapeutic setting. *Perspectives in Psychiatric Care*, 39(3):129-131.

Lefevre, M. 2004. Playing with sound: The therapeutic use of music in direct work with children. *Child and Family Social Work*, 2004(9):333-345.

Lotter, C. Musiekterapeut, Universiteit van Pretoria. 2006. Onderhoud deur outeur [Transkripsie]. 13 September . Pretoria.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. *Menslike Ontwikkeling*. 3e uitgawe. Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

Nelson-Jones, R. 2000. *Six Key Approaches to Counselling and therapy*. London: Continuum.

Oaklander, V. 1988. *Windows to our Children: A Gestalt Approach to Children and Adolenscents*. New York: The Centre for Gestalt Development Inc.

Olivier, L. 1998. *'n Assesseringsriglyn vir gestaltterapeute met bibliospel as hulpmiddel in die hulpverlening van kinders wat verlies ervaar*. Ongepubliseerde DPhil tesis. Universiteit van Pretoria.

Perls, F. 1973. *The Gestalt Approach & Eye Witness to Therapy. The last and most comprehensive work by the genius who fathered Gestalt Therapy*. California: Science and Behavior Books, Inc.

Perls, F.S., Hefferline, R.F. & Goodman, P. 1951. *Gestalt Therapy. Excitement and Growth in the Human Personality*. London: Sir Isaac Pitman & Sons, LTD.

Plug, C., Louw, D.A.P., Gouws, L.A. & Meyer, W.F. 1997. *Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek*. Johannesburg: Heinemann.

Reber, A.S. & Reber, E. 2001. *Penguin Dictionary of Psychology*. 3rd ed. London: Penguin Books.

Roos, V., Du Toit, M. & Du Toit, R. 2002. *A Counsellor's Guide in dealing with Trauma, Death and Bereavement*. Pretoria: Van Schaik.

Saarni, C. 1999. *The Development of Emotional Competence*. New York: The Guilford Press.

Schoeman, J.P. 2004a. *Play Therapy. An Important Skill in Child Therapy. A learning experience that will add value*. Unpublished course material. Wellington: Centre for Play Therapy.

Schoeman, J.P. 2004b. *Advanced Course in Play Therapy*. Unpublished course material. Wellington: Centre for Play Therapy.

Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the Child's World*. A Play Therapy Approach. Pretoria: Kagiso Tertiary.

Shaffer, D.R. 1996. *Developmental Psychology. Childhood and Adolescence*. 4th ed. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Strydom, H. 2005a. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Strydom, H. 2005b. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2005. Information Collection: Document study and secondary analysis. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Sutton, J.P. 2002. *Music, Music Therapy and Trauma. International Perspectives*. London: Jessica Kingsley Publishers.

Terre Blanche, M. & Durrheim, K. 2006. *Research in Practice: Applied methods for the social sciences*. 2nd ed. Cape Town: University of Cape Town Press.

Thompson, R.A. 2003. *Counseling Techniques: Improving relationships with Others, Ourselves, Our Families, and Our Environment*. 2nd ed. New York: Brunner-Routledge.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 1996. *Counseling Children*. 4th ed. California: Brooks/Cole Publishing Company.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 2000. *Counseling Children*. 5th ed. U.S.A.: Wadsworth.

Wass, H. 2004. A Perspective on the current state of death education. *Death Studies*, 2004(28):289-308.

Webb, N.B. 2002. *Helping Bereaved Children. A Handbook for Practitioners*. New York: The Guilford Press.

Winter, C. Spelterapeut, Kinder Trauma Kliniek. 2006. Onderhoud deur outeur [Transkripsie]. 21 September. Pretoria.

Yontef, G. 1993a. *Dialogue and Processes: Essays in Gestalt Therapy*. New York: The Gestalt Journal Press.

Yontef, G. 1993b. *Behavior OnLine: An Introduction to Gestalt Therapy*. [O]. Beskikbaar:
http://www.behavior.net/gestalt.html
Toegang op 2006/06/07

Yssel, J.M. 1999. *Gestaltterapie met die Allergiese kind in die Middelkinderjare*. Ongepubliseerde DPhil tesis. Universiteit van Pretoria.

Yssel, J.M. Gestaltspelterapeut, Privaat praktyk. 2006. Onderhoud deur outeur [Transkripsie]. 18 September. Pretoria.

Zinker, J. 1977. *Creative Process in Gestalt Therapy*. New York: Vintage Books.

# BYLAE 1

## TOESTEMMINGSBRIEF

### INLIGTING VAN DIE STUDIE

**Titel:** DIE BENUTTINGSWAARDE VAN MUSIEK AS MEDIUM TYDENS KONTAKMAKING IN DIE GESTALTSPELTERAPEUTIESE PROSES

**Naam van die navorser:** Nolene Rust

**Kwalifikasie:** BPsych (Berading)
Hierdie navorsingsprojek is 'n gedeeltelike vereiste vir die graad MDiac (Rigting Spelterapie).

**Doelstelling:** Die doelstelling van die voornemende studie sal wees om die benuttingswaarde van musiek as medium tydens kontakmaking in die Gestaltspelterapeutiese proses met die kind in die middelkinderjare wat emosionele nood in die vorm van verlies ervaar te verken en te beskryf ten einde 'n leemte in die bestaande literatuur oor die onderwerp aan te vul.

**Die metode van data-insameling:** Gestaltspelterapeutiese sessies gaan onderneem word, waartydens musiek as 'n medium geïnkorporeer sal word. Met toestemming van die ouer/voog van die kind sal hierdie sessies met 'n videokamera afgeneem word as 'n metode van data-insameling. Net die navorser sal hiertoe toegang hê en dit sal na die afloop van die navorsing vernietig word. Aan die einde van die navorsingsproses sal verdere terapie beskikbaar gestel word indien daar verdere ondersteuning benodig word.

**Konfidensialiteit:** Om konfidensialiteit te verseker gaan die navorser van skuilname gebruik maak. Hierdie skuilname sal op al die materiaal wat deur die loop van die studie opgestel word aangebring word.

**Deelname:** Deelname aan hierdie studie is vrywillig en die respondente kan te eniger tyd onttrek indien hulle dit so verkies. Die navorser kan ook die navorsing te eniger tyd staak indien die navorser glo dat dit in die beste belang van die respondent is. Hierdie studie word slegs vir akademiese doeleindes uitgevoer en daar sal geen vergoeding vir deelname aan die studie aangebied word nie.

**TOESTEMMING GEGEE DEUR DIE OUER/VOOG**

Ek, ______________________________________________ gee hiermee toestemming dat _________________________________ aan die navorsingsproses mag deelneem. Die prosedure en doelwitte hieraan verbonde is volledig aan my en my kind verduidelik. Ek is ook ingelig rondom die moontlike gevare en die voor- en nadele van die studie.

Ek is bewus daarvan dat die navorser gebruik gaan maak van video-opnames. Hiermee gee ek toestemming / gee ek nie toestemming vir die gebruik van ŉ videokamera tydens die sessies nie.

____________________________ ____________________________

Handtekening van ouer/voog Datum

**TOESTEMMING GEGEE DEUR DIE KIND**

Ek, _____________________________________________stem hiermee in om aan die navorsingsproses wat aan my verduidelik is deel te neem. Die prosedure en doelwitte hieraan verbonde is volledig aan my verduidelik. Ek is ook ingelig rondom die moontlike gevare en die voor- en nadele van die studie.

____________________________ ____________________________

Handtekening van die kind Datum

____________________________ ____________________________

Handtekening van die navorser Datum